

SEKERE ASPEKTE VAN DIE INTERNASIONALE REGULERING  
VAN TRANSNASIONALE MAATSKAPPYE

DEUR

PIETER JELLE VAN DER WAL  
(HONS. BA)

VERHANDELING INGEDIEN TER NAKOMING  
VAN DIE VEREISTES VIR DIE GRAAD  
MAGISTER ARTIUM (INTERNASIONALE POLITIEK)

AAN

DIE POTCHEFSTROOMSE UNIVERSTEIT  
VIR CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS

STUDIELEIER: PROF. DR. C.P. VAN DER WALT

1983

## VOORWOORD

Studie in die Internasionale Politiek moet voortdurend tred hou met belangrike ontwikkelinge in die internasionale gemeenskap. Onderwerpe wat enkele dekades gelede vreemd of selfs onbekend was, vorm vandag 'n vanselfsprekende deel van dié dinamiese dissipline.

Transnasionale maatskappye as deelnemers aan die internasionale politiek het egter in Suid-Afrika - ondanks die toenemende belangrikheid van dié verskynsel - nog weinig aandag gekry. Hierdie studie is 'n poging om meer lig te werp op die onderwerp en aldus 'n bydrae te lewer tot 'n beter begrip van gebeure in ons ingewikkelde wêreld.

Aan prof. C.P. van der Walt - my studieleier - betuig ek my besondere erkentlikheid vir sy aanmoediging en positiewe kritiek.

My dank gaan ook aan alle persone en instansies wat my gehelp het by die verkryging van navorsingsmateriaal.

## INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK 1		
INLEIDING		1
HOOFSTUK 2		
DIE TRANSNASIONALE MAATSKAPPY - SY OORSPRONG, AARD EN OMVANG		11
1.	INLEIDEND	11
2.	DIE OORSPRONG VAN DIE TRANSNASIONALE MAATSKAPPY	12
2.1	OPSOMMEND	18
3	DIE KENMERKE VAN DIE TRANSNASIONALE MAATSKAPPY	19
3.1	DIE AARD	19
3.2	DIE OMVANG	25
4.	TEN SLOTTE	29
HOOFSTUK 3		
DIE AGTERGROND VAN DIE INTERNASIONALE POGINGS OM DIE BEDRYWIGHEDE VAN TRANSNASIONALE MAATSKAPPYE TE REGULEER		31
1.	INLEIDEND	31
2.	DIE DEPENDENCIA-MODEL	32
2.1	STRUKTURELE TEORIE VAN IMPERIALISME	33
3.	DIE ROLLE VAN DIE TRANSNASIONALE MAATSKAPPYE IN DIE INTERNASIONALE POLITIEK	37
3.1	DIE REGSTREEKSE ROL: PRIVATE BUITELANDSE BELEID	37
3.2	DIE ONBEDOELDE REGSTREEKSE ROL: DIE TRANSNASIONALE MAATSKAPPYE AS BUITELANDSE BELEIDSINSTRUMENT	39
3.2.1	<i>DIE ONBEDOELDE REGSTREEKSE ROL TEENoor SUID-AFRIKA</i>	41

3.3	DIE ONREGSTREEKSE ROLLE	43
4.	TEN SLOTTE	43
HOOFSTUK 4		
	OPTREDE BINNE DIE RAAMWERK VAN DIE ORGANISASIE VIR EKONO= MIESE SAMEWERKING EN ONTWIKKELING OM DIE BEDRYWIGHEDEN VAN TRANSNASIONALE MAATSKAPPYE TE REGULEER	47
1.	INLEIDEND	47
2.	DIE ORGANISASIE VIR EKONOMIESE SAMEWERKING EN ONT= WIKKELING EN TRANSNASIONALE MAATSKAPPYE	48
2.1	DIE KOMITEE INSAKE INTERNASIONALE BELEGGING EN MULTINASIONALE ONDERNEMINGS	52
2.2	DIE VERKLARING INSAKE INTERNASIONALE BELEGGING EN MULTINASIONALE ONDERNEMINGS	53
2.2.1	<i>DIE INHOUD VAN DIE VERKLARING</i>	54
2.3	DIE RIGLYNE VIR MULTINASIONALE ONDERNEMINGS	58
2.3.1	<i>OPSOMMEND</i>	62
2.4	DIE BESLUIE INSAKE DIE VERKLARING	63
2.5	DIE REGULERINGSTRUMENT IN DIE PRAKTYK	64
3.	TEN SLOTTE	66
HOOFSTUK 5		
	OPTREDE BINNE DIE RAAMWERK VAN DIE VERENIGDE VOLKE OM DIE BEDRYWIGHEDEN VAN TRANSNASIONALE MAATSKAPPYE TE REGULEER GEDURENDE DIE TYDVAK 1945-1974	71
1.	INLEIDEND	71
2.	DIE VERENIGDE VOLKE EN TRANSNASIONALE MAATSKAPPYE GEDURENDE DIE 'PAX AMERICANA'	73
2.1	DIE HAVANA-HANDVES	74

2.2	DIE ALGEMENE VERGADERING EN TRANSNASIONALE MAATSKAPPYE GEDURENDE DIE VYFTIGER- EN SESTIGERJARE	75
2.3	OPSOMMEND	77
3.	DIE VERENIGDE VOLKE EN TRANSNASIONALE MAATSKAPPYE VAN 1971 TOT 1974	78
3.1	VERSLAG EN AANBEVELINGS VAN DIE GROEP EMINENTE PERSONE	80
3.1.1	<i>OPSOMMEND</i>	86
3.2	DIE SENTRUM EN DIE KOMMISSIE INSAKE TRANSNASIONALE MAATSKAPPYE	87
4.	DIE 'NUWE INTERNASIONALE EKONOMIESE ORDE'	88
5.	TEN SLOTTE	91
HOOFSTUK 6		
	OPTREDE BINNE DIE RAAMWERK VAN DIE VERENIGDE VOLKE OM DIE BEDRYWIGHEDEN VAN TRANSNASIONALE MAATSKAPPYE TE REGULEER GEDURENDE DIE TYDVAK SEDERT 1974	95
1.	INLEIDEND	95
2.	KOMMISSIE INSAKE TRANSNASIONALE MAATSKAPPYE	96
2.1	INTERREGERINGSWERKSGROEP INSAKE 'N GEDRAGSKODE	97
3.	ONTWERP-GEDRAGSKODE INSAKE TRANSNASIONALE MAATSKAPPYE	99
3.1	INHOUD VAN DIE ONTWERP-GEDRAGSKODE	100
3.2	BELANGRIKSTE HAAKPLEKKE	110
3.3	OPSOMMEND	112
4	VERANDERDE HOUDING TEN OPSIGTE VAN TRANSNASIONALE MAATSKAPPYE?	113
4.1	LEWENSKANSE VIR DIE 'NUWE INTERNASIONALE EKONOMIESE ORDE'	114

4.2	TRANSNASIONALE MAATSKAPPYE UIT DIE DERDE WÊRELD	115
4.3	DIE HUIDIGE INTERNASIONALE EKONOMIESE TOESTAND	117
5.	TOËKOMS VAN DIE VERENIGDE VOLKE SE GEDRAGSKODE	118
6.	TEN SLOTTE	119
HOOFSTUK 7		
	SAMEVATTING EN EVALUERING	123
	SUMMARY	135
	BIBLIOGRAFIE	137

## HOOFSTUK 1

## INLEIDING

1.

Die struktuur van die huidige internasionale stelsel is stellig heelwat ingewikkelder as op enige tydstip in die verlede. Nasionale state vorm vandag slegs 'n deel van die talryke deelnemers op die internasionale verhoog.

Volgens die *tradisionele model* bestaan die wêreld uit nasionale state, wat elkeen verteenwoordig word deur 'n regering. Elke staat is soewerein en wat binne sy grense plaasvind, het niks met die ander state te doen nie - dit is 'n binnelandse aangeleentheid waarmee ander state nie mag inmeng nie.

Die kontakte of interaksies tussen hierdie state lyk volgens Burton (1972:28) in die tradisionele model soos die teen-mekaar-tik van snoekerballe van verskillende groottes. Slegs die harde buitekant raak die ander eenheid en die swaarder of vinnige eenhede stoot die ander weg. Die kontakpunte word gevorm deur regerings: *slegs regerings het internasionale interaksies.*

Ontwikkellinge, veral sedert die Tweede Wêreldoorlog, het egter 'n hersiening van die tradisionele beeld nodig gemaak. Kennis van slegs tussenregeringsbetrekkinge kan vandag nie meer as voldoende beskou word om gebeurtenisse in die internasionale gemeenskap te verstaan nie. In die na-oorlogse tydvak het die *internasionale vervlegting* op groot skaal toegeneem en 'n groot aantal grensoorskrydende of 'transnasionale' organisasies het ontstaan. Die transnasionale organisasies is bedrywig oor nasionale grense - soms op 'n wêreldomvattende skaal - en negeer hierdie grense soveel moontlik. Hierdie belang=

rike nie-staatlike deelnemers bewerkstellig verbindings tussen verskillende nasionale of sub-nasionale groepe en penetreer al= dus die harde buitekant van die snoekerbal.

Sommige van die transnasionale organisasies bestaan tog reeds baie lank en onder hulle is religieuse organisasies - die oud= ste en bekendste is seker die Rooms-Katolieke Kerk. Die werk= lik belangrike transnasionale organisasies in die huidige inter= nasionale politiek (behalwe sommige van die terroristebewegings) is egter *ekonomies* van aard, naamlik die sogenaamde 'transnasio= nale' of 'multinasionale' maatskappye.

Transnasionale maatskappye is nie 'n wesenlik nuwe verskynsel nie, maar hulle druk vandag meer as voorheen hulle stempel af op die internasionale gemeenskap weens die buitengewone toename van hul= le bedrywighede sedert die Tweede Wêreldoorlog. Heelwat van die grootste ekonomiese eenhede in die wêreld is vandag inderdaad nie state nie, maar transnasionale maatskappye. Volgens ekonomiese maatstawe is sowel Exxon as General Motors groter as Argentinië of Oostenryk en IBM is groter as Portugal of Pakistan (Ray, 1983:346). Die transnasionale maatskappye neem belangrike po= sities in in die ekonomieë van selfs die kragtigste state. So dramaties soos hulle ekonomiese groei was naamlik ook hulle toe= genome *politieke* belangrikheid.

"Giant MNCs today maintain *direct relations* with foreign go= vernments through their equivalents of foreign ministries and ambassadors." (Frankel, 1979:65) (My kursivering.)

Die wêreldwye bedrywighede van transnasionale maatskappye is 'n belangrike aspek van die teenswoordige internasionale ekonomie= se vervlegting. Die belangrike punt is dat, hoewel dië maatskap= ppe 'n belangrike rol kan vervul in die doelmatige benutting van die wêreld se hulpbronne en 'n bydrae kan lewer tot die ekonomiese en sosiale vooruitgang, hulle ook die nasie-staat se kwesbaarheid (deur toenemende interafhanklikheid) vergroot. Die dilemma van

state (veral die nuwe state in die Derde Wêreld) is dus dat hulle enersyds hulle ekonomiese sekuriteit en onafhanklikheid wil verseker en andersyds dat hulle buitelandse kundigheid (wat dikwels slegs deur transnasionale maatskappye besit word) benodig vir hulle sosio-ekonomiese vooruitgang, wat 'n voorvereiste is vir die ekonomiese sekuriteit. Optrede deur regerings om beheer uit te oefen oor die bedrywighede van transnasionale maatskappye binne hulle grense is dan ook deurgaans pogings om die penetrasie van hulle soewereiniteit deur dié maatskappye tot 'n minimum te beperk.

Hoewel internasionale militêre veiligheidsvraagstukke steeds 'n uiters belangrike deel van die internasionale politiek vorm, word hulle vandag inderdaad in 'n mate oorskadu deur *ekonomiese en sosiale vraagstukke*. Nasionale veiligheidsbeleide is in die hedendaagse wêreld nie net ontwerp om die tradisionele take van nasionale beveiliging te verwesenlik nie, dit wil sê die versekering van die fisieke oorlewing van die burgers en om die nasionale gebiedsintegriteit te verseker, maar ook om 'n minimum vlak van ekonomiese welsyn vir die burgers en 'n mate van politieke en sosiale outonomie vir die nasie te verseker (Nye, 1974:154).

Die inbreuk wat transnasionale maatskappye met hulle groot ekonomiese mag maak of kan maak op die soewereiniteit van state, is dus beslis 'n baie aktuele onderwerp in die huidige internasionale politiek.

"Among nonstate actors in global politics perhaps only terrorist groups have generated comparable concern - and none as much controversy - in recent years as the multinational corporation." (Mansbach *et al*, 1976:189.)

Die transnasionale maatskappy kry al geruime tyd aandag binne internasionale organisasies soos die Verenigde Volke en die

Organisasie vir Ekonomiese Samewerking en Ontwikkeling (die organisasie van die ontwikkelde nywerheidslande), asook binne verskeie streeksorganisasies soos die Europese Gemeenskap, die Organisasie van Amerikaanse State, die Andes-gemeenskap, ensovoorts. Daar het veral sedert die sewentigerjare 'n stroom publikasies oor die onderwerp verskyn - amptelike studies van die Verenigde Volke en die Organisasie vir Ekonomiese Samewerking en Ontwikkeling (OESO) en baie ander, veral Amerikaanse akademiese publikasies. Die meeste van dié publikasies rig hulle egter veral op die sosio-ekonomiese aspekte, terwyl hierdie studie die politieke aspekte wil ondersoek.

Met die oog op 'n ewewigtige navorsingsresultaat is deurgaans gepoog om die magdom Amerikaanse bronne aan te vul met bronne van Europese en Derde Wêreldherkoms.

Die doel van hierdie studie is dus om meer insig te kry in die reaksies van die nasionale state op die werklike of vermeende inbreuk deur transnasionale maatskappye op hulle soewereiniteit. Vir hierdie doel sal aspekte van die pogings om die bedrywighede van transnasionale maatskappye te *reguleer*, ondersoek en geëvalueer word. Aangesien dit 'n studie in Internasionale Politiek behels, sal die fokus primêr wees op die *internasionale samewerking* in dié verband. Spesifiek die internasionale pogings binne die raamwerk van die Verenigde Volke en die Organisasie vir Ekonomiese Samewerking en Ontwikkeling (OESO) sal uitgelig word vir ontleding.

Die *politieke* aspekte van die bedrywighede van die transnasionale maatskappye en die pogings tot regulering sal dus op die voorgrond tree, terwyl aan die *ekonomiese* en *sosiale* aspekte slegs aandag gegee word waar dit noodsaaklik is vir die begripsvorming. Daar moet in dié verband onthou word dat dit onrealisties is om politieke verskynsels in isolasie te beoordeel.

Die onderwerp is aktueel vir Suid-Afrika omdat die Republiek die tuisbasis is vir verskeie transnasionale maatskappye soos Anglo American, Rembrandt, ensovoorts. Dié maatskappye word dus regstreeks geraak deur die reguleringspogings. Suid-Afrika is ook die gasheer vir 'n groot aantal maatskappye wat vanuit die buiteland beheer word. Drie van die maatskappye naamlik Exxon, General Motors en Royal Dutch Shell Group se bruto jaarlikse verkope is groter as Suid-Afrika se bruto nasionale produk (Ray, 1983:348). Hierdie maatskappye neem 'n belangrike plek in in die Suid-Afrikaanse ekonomie. Die Verenigde Volke bekyk transnasionale maatskappye wat in die Republiek bedrywig is met wantroue en enige doeltreffende optredes ten opsigte van dié maatskappye sal vir ons ook van groot betekenis wees.

2.

Dit is besonder belangrik dat die onderwerp onder bespreking uit die staanspoor in fokus geplaas word en vir hierdie doel sal allereers die begrip 'transnasionale maatskappy' aan die hand van enkele definisies afgebaken word. Dit word met nadruk gestel dat daar geen grondliggende verskil is tussen die begrippe 'multinasionaal' en 'transnasionaal' in die samehang waarin hulle in hierdie studie gebruik word nie.

Dit is veral die Verenigde Volke se 'Groep Eminente Persone' se Verslag van 1974 (sien Hoofstuk 5) wat die term 'transnasionaal' bepleit het, omdat dit die idee dat die betrokke maatskappye *vanuit hulle tuisbasis oor nasionale grense* werksaam is, beter oordra. Sedertdien word die term 'transnasionale maatskappy' deurgaans in dokumente van die Verenigde Volke gebruik. Die OESO gee egter voorkeur aan die term 'multinasionaal' in sy amptelike dokumente. By skrywers oor dié onderwerp is daar geen duidelike voorkeur vir een van die twee terme herkenbaar nie.

Die term 'transnasionale maatskappy' is - mede op grond van

die argumentering van die 'Groep Eminente Persone' - 'n lo-gieser term, sodat dit in hierdie studie gebruik sal word, behalwe by aanhalings van ander skrywers of uit amptelike dokumente waar die term 'multinasionaal' natuurlik gehandhaaf sal word.

Daar is 'n groot aantal definisies in die literatuur van transnasionale maatskappye, wat 'n aanduiding is van die probleem om tot 'n algemeen aanvaarbare, volledige definisie te kom. Vir die doeleindes van hierdie studie sal volstaan word met 'n ontleding van enkele van die belangrikste pogings.

Die gesaghebbende Amerikaanse skrywer oor transnasionale maatskappye, prof. Raymond Vernon, het reeds in 1971 die volgende definisie geformuleer:

'n multinasionale maatskappy is "... a parent company that *controls* a large cluster of *corporations of various nationalities*. The corporations that make up each cluster appear to have access to a *common pool of human and financial resources* and seem responsive to elements of a *common strategy*" (Vernon, 1971:4).(My kursivering.)

Hoewel Vernon se definisie baie versigtig bewoord is, is die sleutelkonsep 'sentrale grensoorskrydende beheer' tog herkenbaar. Vernon erken ook die belangrikheid van 'gemeenskaplike middele' en 'n 'gemeenskaplike strategie'.

In 1973 stel die verenigde Volke se Departement van Ekonomiese en Sosiale Sake die belangrike studiestuk 'Multinational Corporations in World Development' vry, waarin die volgende definisie verskyn:

"... the term 'multinational corporation' is used here in the broad sense to cover all *enterprises which control assets - factories, mines, sales offices and the like - in two or more countries*" (UN Department of Economic and Social Affairs, 1973:5). (My kursivering.)

Hoewel dié definisie minder volledig as Vernon s'n is, is ook hier die sleutelbegrip 'sentrale grensoorskrydende beheer'. Die definisie is egter beslis ontoereikend om die tipiese eiensortigheid van die transnasionale maatskappy te beskryf. Hierdie beswaar geld ook die definisie van die Verenigde Volke se 'Groep Eminente Persone':

"Multinational corporations are *enterprises which own or control production or service facilities outside the country in which they are based*" (UN Department of Economic and Social Affairs, 1974:25). (My kursivering.)

Dié twee definisies van die Verenigde Volke is ontoereikend omdat hulle niks sê oor die dinamiese aspek van transnasionale maatskappye nie, naamlik die benutting van gemeenskaplike kennis en middele deur die dogtermaatskappye - dit wil sê die belangrikste *bestaansrede* vir die meeste van die transnasionale maatskappye.

In die loop van die bespreking wat gelei het tot die OESO-verklaring en -besluite van 21 Junie 1976, wat die Riglyne vir Multinasionale Ondernemings bevat (sien Hoofstuk 4), het die OESO-Komitee insake Internasionale Belegging en Multinasionale Ondernemings die volgende definisie geformuleer:

multinasionale maatskappye " ... *usually comprise companies or other entities whose ownership is private, state or mixed, established in different countries and so linked that one or more of them may be able to exercise a significant influence over the activities of others and, in particular, to share knowledge and resources with the others*" (OECD, 1976:12) (my kursivering).

Die Verenigde Volke se Interregeringswerkgroep insake 'n Gedragskode het in sy Ontwerp-gedragskode van 1982 die volgende definisie weergegee:

'n Transnasionale maatskappy "... means an enterprise whether of public, private or mixed ownership, comprising entities in two or more countries, regardless of the legal form and fields of activity of these entities, which operate under a system of decision-making, permitting coherent policies and a common strategy through one or more decision-making centres, in which the entities are so linked, by ownership or otherwise, that one or more of them (may be able to) exercise a significant influence over the activities of others, and, in particular, to share knowledge, resources and responsibilities with the others" (UN Economic and Social Council, 1983a:12) (my kursivering).

Daar is verrassende ooreenkomste tussen die laaste twee definisies en daar is gelyksoortige sleutelkonsepte herkenbaar. Die aspek 'grensoorskrydende sentrale beheer' word uitgedruk deur die 'betekenisvolle invloed' wat een of meer eenhede uitoefen oor die bedrywighede van die ander eenhede in die buiteland, terwyl die eenhede 'kennis en middele' met mekaar deel. Hierdie twee definisies is dus heelwat vollediger as die voorgaande twee - hulle is egter geen regsgeldige formulerings nie.

Die term 'transnasionale maatskappy', soos gebruik in hierdie studie, sal in breë sin verwys na maatskappye soos omskryf in die laaste twee definisies, met ander woorde 'n transnasionale maatskappy bestaan uit 'n oorspronklike maatskappy (moedermaatskappy) wat uitbrei oor die nasionale grens (trans-) van die land waar dit gevestig is en eenhede (byvoorbeeld fabriek) in die buiteland stig of onder beheer kry (buitelandse regstreekse belegging). Hierdie onderskeie eenhede word as een geheel bestuur vanuit die moedermaatskappy, terwyl die kennis en ander middele van die moedermaatskappy ook beskikbaar is vir die buitelandse eenhede (dogtermaatskappye).

3.

Na die - vir die doeleindes van hierdie studie - behoorlike voorstelling van die begrip 'transnasionale maatskappy', moet benadruk word dat hierdie studie geensins beoog om 'n volledige studie te wees van die rol van transnasionale maatskappye in die internasionale politiek en die internasionale pogings om hulle bedrywighede te reguleer nie. Dit sal slegs 'n beperkte snit wees van dié omvattende onderwerp.

Die onderwerp het nog nie baie aandag gekry in Suid-Afrika nie en daarom sal in wat volg, allereers geprobeer word om die hendaagse transnasionale maatskappy in perspektief te plaas deur 'n kort beskrywing van die geskiedkundige agtergrond. In die derde hoofstuk sal die rol van transnasionale maatskappye in die internasionale politiek ontleed word, veral waar dit aanleiding gee tot konflik met nasionale state. Hierdie konflikte en veral die bedreiging van die soewereiniteit van state deur die bedrywighede van die maatskappye vorm die hoofrede vir die internasionale reguleringspogings.

Die twee voorbeelde van internasionale reguleringspogings is gekies omdat hulle gefinisieer is deur die twee grootste groepe lande in die wêreld, naamlik: die Westerse nywerheidslande binne die raamwerk van die Organisasie vir Ekonomiese Samewerking en Ontwikkeling (OESO) en die Derde Wêreldlande binne die raamwerk van die Verenigde Volke. Die bestaan van ander internasionale reguleringspogings word geensins ontken nie - soos byvoorbeeld op streekvlak die Andes-gedragskode in Suid-Amerika of optrede deur die Internasionale Arbeidsorganisasie - hulle is egter van beperkte betekenis of op gespesialiseerde gebiede.

Die optrede ten opsigte van transnasionale maatskappye binne die OESO-raamwerk sal ontleed word in die vierde hoofstuk, terwyl die pogings binne die Verenigde Volke in Hoofstuk ses uiteengesit word. In die tussenliggende Hoofstuk vyf sal veral aandag gegee word aan die wysiginge in die internasionale

stelsel soos dit tot uitdrukking kom in die houding van die Verenigde Volke ten opsigte van transnasionale maatskappye sedert die veertigerjare. In die laaste hoofstuk sal die internasionale reguleringspogings vergelyk en geëvalueer word.

*h* Deurlopende lyn in hierdie studie is die veranderende politieke en ekonomiese magsverhoudings in die wêreld sedert die Tweede Wêreldoorlog en die uitwerking daarvan op die internasionale gemeenskap, waarbinne die rol van transnasionale maatskappye en die optrede teen hulle beoordeel sal word. Op dié manier word wat volg dan meer as net 'n studie van 'n beperkte saak; dit plaas die transnasionale maatskappye binne die konteks van die grondliggende vraagstukke van die huidige internasionale politiek.

## HOOFSTUK 2

DIE TRANSNASIONALE MAATSKAPPY - SY OORSPRONG,  
AARD EN OMVANG

## 1. INLEIDEND

Die transnasionale maatskappye het skouspelagtig uitgebrei in die tydperk na die Tweede Wêreldoorlog - 'n tydperk wat terselfdertyd gekenmerk word deur die grootste toename in die aantal nasionale state in die geskiedenis van die stelsel van soewereine nasionale state. Die transnasionale aard van die maatskappye staan teenoor die ingeskape proteksionistiese neigings van die nasionale staat in 'n voor-die-hand-liggende *konflikpotensiaal*.

Baie state voel hulle inderdaad vandag bedreig deur die transnasionale maatskappye in die verwesenliking van hulle ekonomiese en politieke doelwitte. Die probleem lê daarin dat die magtige grensoorskrydende maatskappye deur hulle aard en omvang oor die vermoë beskik om die soewereiniteit van die state te penetreer. Dat dit verreikende gevolge op die internasionale politiek het, is onvermydelik.

Om 'n *geheelbeeld* te kry van die huidige internasionale twispunte rondom die verskynsel van die transnasionale maatskappy, is dit sinvol om eers kortliks op die historiese agtergrond in te gaan. Die transnasionale maatskappy soos hy vandag daar uit sien, het nie oornag ontstaan nie, maar is die resultaat van 'n langdurige ontwikkeling. Reeds gedurende die sewentiende en agtiende eeu het groot handelsmaatskappye sekere kenmerke vertoon van die huidige transnasionale maatskappy. Om dié rede word by die opstel van die stamboom van die transnasionale

maatskappy meestal nie verder teruggegaan as die sewentiende eeu nie, met ander woorde die begin van die stelsel van soewereine nasionale state (Van den Bulcke, 1975:44).

## 2. DIE OORSPRONG VAN DIE TRANSNASIONALE MAATSKAPPY

### \* *Die merkantilistiese tydperk*

Na die Vrede van Wesfale (1648) was die Europese state aan niemand getrouheid verskuldig nie. In dié tyd is ook die beginsel van *soewereine gelykheid van state* geformuleer. Dit is die logiese uitvloeisel van die soewereiniteitskonsep, want indien alle state die opperste gesag besit binne hulle grense, kan geeneen van hulle ondergeskik wees aan enige ander staat in die uitvoering van daardie gesag nie (Morgenthau, 1973:310).

Die sewentiende en agtiende eeu is die bloeityd van die *merkantilisme*, waarvolgens alle middele aangewend is om die mag van die opkomende nasionale staat te versterk. Ingevolge die merkantilistiese beleid is rykdom (mag) en die besit van edele metale aan mekaar gelyk gestel en die handelsbalans het die barometer van die voorspoed van 'n land geword. Pogings om 'n gunstige handelsbalans te kry het gelei tot proteksionisme. Die kern van die merkantilisme was dus om *ekonomies onafhanklik* te wees en om *in eie behoeftes te voorsien* (Viljoen, 1974:167).

Omdat die Europeërs die soewereiniteitskonsep slegs toepaslik geag het op 'beskaafde' nasies, was daar niks wat hulle verhin- der het om op gebiede buite Europa wat ryk aan grondstowwe was, beslag te lê nie. In sommige van die Europese state het, in- gevolge die merkantilistiese filosofie, reusagtige handelsmaat- skappye ontstaan wat deur hulle regerings nie net die *eksklu- siewe* reg gegee is om handel te dryf met 'n spesifieke *koloniale*

*gebied* nie, maar ook om die *politieke mag* van die regerings in die betrokke oorsese gebied uit te oefen (Kolde, 1973:138). Die bekendste van dié maatskappye was die Britse en Nederlandse Oos-Indiese Kompanjieë.

Die ooreenkomste van die 'geoktrooieerde' handelsmaatskappye met die moderne transnasionale maatskappye was volgens Van den Bulcke (1975:45) egter nog baie gering:

Eerstens het die handelsmaatskappye van hulle (tuisland-) regering 'n *monopolie* vir in- en uitvoere verkry en is hulle soms met *politieke mag* beklee in die 'ontvangland'.

Tweedens het die nadruk van hulle bedrywigheede volledig op *handel* geval. Selfs indien daartoe oorgegaan is om opslagplekke, forte en permanente behuisings op te rig, kan 'n mens nouliks praat van buitelandse regstreekse belegging.

Die 'industriële revolusie' was die regstreekse aanleiding vir die verval van die merkantilisme en die verdwyning van die monopolistiese handelsmaatskappye.

\* *Die Negentiende Eeu*

Met die verval van die merkantilisme het daar 'n onderskeid gekom tussen *regeringstake* en *sakebedrywigheede* en geleidelik is die politieke take en ander voorregte weggeneem van die handelsmaatskappye en die Europese regerings het self die bestuur van die koloniale gebiede op hulle geneem.

Die sogenaamde 'industriële revolusie' het in die negentiende

eeu nuwe vervaardigingstegniese bekendgestel. *Massaproduksie* het 'n byna onversadigbare behoefte aan grondstowwe geskep en mynbou en plantasies is ontwikkel in die koloniale gebiede. Dit het egter *kennis* vereis wat nie in dié gebiede beskikbaar was nie. Europese maatskappye het om dié rede hulle werksaamhede uitgebrei na die koloniale gebiede en bestuurders en ander opgeleide werkers soontoe gestuur.

"More than any previous development, these colonial subsidiary arrangements of nineteenth-century metropolitan firms foreshadowed the modern multinational corporation." (Kolde, 1973:139.)

Die sleutelooreenkomste met die moderne transnasionale maatskappy is volgens Kolde (1973:139) die oordrag van kapitaal, kennis en opgeleide mense na permanente bedrywighede in oorsese gebiede. Daar is egter steeds groot verskille in doelwitte en metodes. Die hoofdoelwit van die koloniale dogtermaatskappy was naamlik die ontginning van natuurlike hulpbronne vir die moedermaatskappy. Die dogtermaatskappye was ook glad nie geïntegreer by die ekonomie van die ontvangland nie, soos die huidige transnasionale maatskappy. Dit was eerder 'n ekonomies en sosiaal afgesonderde *enklave*.

Sedert die sestigerjare van die negentiende eeu het daar veral in die Verenigde State maatskappye ontstaan wat as die werklike 'stamvaders' van die moderne transnasionale maatskappy beskou kan word. Maatskappye in die vervaardigingsektor het naamlik begin om fabriek buite die Verenigde State te stig. Anders as die Europese koloniale maatskappye was die vroeë Amerikaanse buitelandse beleggers nie op soek na grondstowwe nie, maar na *markte* en *winste*. Daar was geen tekort aan grondstowwe in die Verenigde State nie; markte en aanvanklik tegnologie was egter 'n ander saak. Die soeke na tegnologie het gelei tot die ontdekking van nuwe (Europese) markte vir Amerikaanse uitvindsels. Dit het gelei tot uitvoer en uiteindelik tot buite=

landse vervaardigingsbedrywighede (Kolde, 1973:142).

In 1867 het die Amerikaanse Singer-naaimasjienmaatskappy sy eerste buitelandse fabriek in Skotland gestig. Singer was die eerste maatskappy wat 'n produk vervaardig en bemark het, reg oor die wêreld in basies dieselfde vorm en onder dieselfde naam. Singer het volgens Tugendhat (1976:33) die sterkste aanspraak om as die eerste egte transnasionale maatskappy beskou te word.

Daar was 'n aantal gemene faktore wat maatskappye in daardie tydvak beïnvloed het om eenhede in die buiteland te stig. Die dramatiese verbetering van *vervoer* en *kommunikasie* deur die ontwikkeling van die stoomskip, spoorweg en telegraaf, het die aandag van sakeliede gevestig op buitelandse moontlikhede. Dit het hulle naamlik in staat gestel om 'n - hoewel beperkte - mate van *beheer* uit te oefen oor buitelandse dogtermaatskappye. Omdat reise dikwels nog verskeie dae neem het en die meeste kommunikasie per brief was, was die 'dogters' steeds in 'n groot mate *outonoom* en moes hulle bedrywighede apart gehou word.

"Each was established to serve its local market, not as a link in an integrated network." (Tugendhat, 1976:32.)

Die tweede helfte van die negentiende eeu word ook gekenmerk deur 'n intensivering van nasionalisme en proteksionisme, wat hom verset het teen die gevorderde internasionale ekonomiese vervlegting. Baie state het 'tariefmure' opgerig om die invoer van vervaardigde produkte te verminder om aldus die groei van plaaslike nywerhede aan te moedig.

"But as there were no currency restrictions and few regulations preventing foreigners from establishing factories if they wished to do so, the more tariffs were imposed the more international business tended to become." (Tugendhat, 1976:34.)

Volgens Van den Bulcke (1975:46) het die omvang van die Amerikaanse buitelandse regstreekse beleggings teen 1914 al dieselfde relatiewe peil bereik as wat dit in 1966 sou wees, naamlik 7 persent van die bruto nasionale produk van dié land.

\* *Die tydvak tussen die wêreldoorloë*

Die omvang en betekenis van die transnasionale maatskappye ten opsigte van die ekonomiese aktiwiteite in die industriële ontwikkelende lande was gedurende dié tydperk nog van beperkte belang. In teenstelling met die huidige tydperk was die belangrikste maatskappye in die nywerheidslande in vrywel alle sektore nog in die hande van dié lande se burgers (Van den Bulcke, (1975:47)). Die transnasionale maatskappye het in wat in daardie tyd die belangrikste nywerhede was - steenkool, staal, ingenieurswese, skeepsbou, tekstiel en veral landbouprodukte - volgens Tugendhat (1976:37) 'n onbeduidende rol gespeel.

Weens die probleme van *oorkapasiteit* het baie Europese maatskappye gepoog om deur middel van '*kartel-ooreenkomste*' (wat gelei het tot 'n vermindering van mededinging) pryse en winste te handhaaf. Die Amerikaners kon egter nogtans hulle posisie in Europa versterk. Die kartels was nog 'n stap in die ontwikkeling wat sou lei tot die transnasionale maatskappy in sy huidige vorm; dit het nyweraars 'n opleiding gegee in internasionale samewerking en hulle 'n insig gegee in nasionale verskille.

"Instead of thinking primarily in terms of supplying their home markets, and exporting surpluses, they became accustomed to approaching the problems of their industries on a world basis."

(Tugendhat, 1976:44.)

Van 1930 tot 1950 het die groei van transnasionale maatskappye gestagneer, veral weens die internasionale politieke onstabili-

teit en die ekonomiese krisis van die dertigerjare.

\* *Die tydperk na die Tweede Wêreldoorlog*

Die ekonomiese en politieke oorheersing van die Verenigde State oor die nie-Kommunistiese wêreld van laat in die veertigerjare tot die middel van die sestigerjare - die sogenaamde 'pax americana' - het die raamwerk verskaf waarbinne die internasionale handelsverkeer gereël is. Veral die ooreenkomste binne die Algemene Ooreenkoms insake Tariewe en Handel (GATT) het sedert die begin van die vyftigerjare geleidelik die transnasionale maatskappye in staat gestel om hulle doelwitte grootliks ongehinderd deur die tradisionele beperkings van nasionale grense na te streef.

Een van die belangrikste kenmerke van die moderne transnasionale maatskappy - *sentrale beheer* - het ook sedert die vyftigerjare moontlik geword.

"It depends for its effectiveness on rapid and reliable air travel, an efficient telephone, telegraph, and telex system, and computers capable of handling a mass of information." (Tugendhat, 1976:31.)

Dit het die weg geopen vir die stigting van onderling-gekoppelde fabriekke in verskillende lande - waar dit vroeër slegs prakties was om buitelandse fabriekke te stig wat elkeen 'n plaaslike mark bedien het.

Die tydperk van die middel van die sestiger- tot die middel van die sewentigerjare sien steeds 'n baie vinnige ontwikkeling van buitelandse regstreekse belegging. Die Verenigde State het die belangrikste tuisland gebly, maar die Europeërs het heelwat aktiewer geword. Hoewel buitelandse regstreekse belegging aan die begin van die sestigerjare veral gerig was op die natuurprodukte-sektor (olie en mynbou), was daar later 'n klem=

verskuiwing na die *vervaardigingsektor*. Die rede hiervoor was veral die strewe van groot maatskappye om die markte wat hulle ontwikkel het deur uitvoere, te beskerm teen die bedreiging van tariefvermindering tussende lidstate van doeane-unies en die groei van binnelandse maatskappye in dié markte (OECD, 1981:6).

Sedert die middel van die sewentigerjare staan ontwikkelinge in 'n taamlike kontras met die voorafgaande tydperk in 'n aantal opsigte:

- 'n *verlangsaming* van die reële groei van internasionale regstreekse belegging het plaasgevind;
- die Verenigde State en die Europese uitvoer van regstreekse belegging is *ewewigtiger*;
- sommige ontwikkelende lande - die sogenaamde *nuwe industrialiserende lande* het daarin geslaag om 'n aansienlike hoeveelheid regstreekse beleggings te trek, dit in teenstelling met die ander ontwikkelende lande (behalwe die olie-produsente) waar dit gestagneer het (OECD, 1981:11-20).

## 2.1 OPSOMMEND

Dit is duidelik dat die transnasionale maatskappye die produk is van 'n langdurige ontwikkelingsproses sedert die begin van die moderne statestelsel. Die 'geoktrooieerde' handelsmaatskappye het inderdaad al sommige van die kenmerke besit van die huidige maatskappye, hoewel daar natuurlik nouliks sprake was van 'n sentrale beheer weens die gebrekkige vervoer en kommunikasie.

Die volgende stap in die ontwikkelingsproses was die negentiende-eeuse koloniale maatskappye wat dogtermaatskappye in die kolonies gevestig het. Soos aangetoon, was hierdie dogters glad

nie geïntegreer by die ontvanglende nie en het hulle slegs die natuurlike hulpbronne ontgin. Daar was natuurlik wel 'n beperkte mate van kennis- en middele-oordrag na die kolonie.

Die Amerikaanse Singer-maatskappy toon reeds in 1867 die meeste ooreenkoms met die moderne transnasionale maatskappy. Die faktor wat nog ontbreek het, is sentrale beheer oor die dogtermaatskappye veral weens die nog ontoereikende vervoer en kommunikasie, sodat die dogtermaatskappye steeds as afsonderlike eenhede bestuur is met 'n groot mate van outonomie.

Die internasionale politieke situasie speel 'n belangrike rol in die ontwikkelingsproses van die maatskappye: hulle benodig 'n aansienlike mate van stabiliteit om tot bloei te kom. Stabiliteit het in die dertiger- en veertigerjare ontbreek en stagnasie was die gevolg. Gedurende die vyftiger- en sestigerjare het stabiliteit en tegnologiese ontwikkeling ('n revolusie in vervoer en kommunikasie) 'n ongekende groei van die transnasionale maatskappye bewerkstellig en hulle hulle teenswoordige belangrike kenmerke gegee.

### 3. DIE KENMERKE VAN DIE TRANSNASIONALE MAATSKAPPY

#### 3.1 DIE AARD

Die hoofkenmerk van die moderne transnasionale maatskappy is die besit of beheer van produksie-eenhede in twee of meer lande. Hierdie produksie-eenhede (dogtermaatskappye) word *sentraal* bestuur vanuit die hoofkantoor (moedermaatskappy).

"However large it may be, and however many subsidiaries it may have scattered across the globe, all its operations are coordinated from the centre." (Tugendhat, 1976:31.)

Daar is 'n regs-kundige spanning ingebou in die struktuur van die transnasionale maatskappy omdat dit nie een regs-persoonlike eenheid (corporate entity) vorm nie. Die transnasionale maatskappy is "a network of different corporations with different nationalities - corporations that have complex relations with one another" (Vagts, 1977:135-136).

Terwyl 'n nasionale maatskappy sy regs-persoonlikheid verkry van die staat waar hy bedrywig is en, behalwe aan sy aandeelhouers, slegs aan daardie staat verantwoording verskuldig is, staan 'n dogtermaatskappy van 'n transnasionale maatskappy ook onder die gesag van die - eksteritoriale - moedermaatskappy.

Ondanks die transnasionale maatskappy se internasionale bedrywig-hede is die eienaars of hoofkantoor egter selde internasio-naal. Die meeste transnasionale maatskappye kan na aanleiding van die ligging van die hoofkantoor aan 'n bepaalde staat - die tuisland - gekoppel word. Die moedermaatskappy, en dus meest-al 'n belangrike deel van die transnasionale maatskappy se besit-tings, val binne die regsgebied van die tuisland en die tuisland se regering het meestal hegte informele bande met die topbe-stuur (Nye, 1974:164).

Die transnasionale maatskappy se wins en groei is vir 'n groot deel afhanklik van die ekonomiese en politieke toestande in ge-biede buite die tuisland en die transnasionale maatskappy ont-wikkel volgens Nye (1974:164) geleidelik 'n opvatting van sy korttermynbelange wat ooreenstem met dié van verskillende re-gerings op verskillende tydstippe en van sy langtermynbelange wat afwyk van die belange van enige spesifieke staat.

Onder die opskrif 'transnasionale maatskappy' kan 'n groot ver-skeidenheid maatskappye gegroepeer word. Die volgende drie aspekte wat Mansbach *et al* (1976:192-193) onderskei, is waar-skynlik die belangrikste faktore wat transnasionale maatskap-pye se gedrag in die internasionale gemeenskap bepaal.

- *Eerstens* is daar die tipe sake-aktiwiteit van die maatskappy - dit bepaal grootliks die mate van mobiliteit van 'n transnasionale maatskappy se dogtermaatskappye. Die mobiliteit van die maatskappy staan teenoor die immobiliteit van die staat en die werksmag.

Die transnasionale maatskappy besit die hoogste mate van mobiliteit by die eerste binnekoms in 'n ontvangland. Sommige state met ernstige sosiale probleme kan met ander state meeding deur aantreklike voorwaardes vir vestiging in hulle gebied aan te bied. Die transnasionale maatskappy kan in so 'n geval die een staat teen die ander afspeel in die najaging van die optimale geleentheid.

Sodra 'n transnasionale maatskappy in 'n ontvangland 'n fabriek en ander vaste eiendom het, is hy vir dié deel van sy onderneming die *gevangene* van daardie land. Die maatskappy kan likwideer, in die ergste geval afstand doen van sy belegging, maar dit gaan deurgaans gepaard met groot verliese - en as dit gebeur, is dit allesbehalwe 'n bewys van sy mag. Eerder die teendeel - dit is 'n nederlaag toegedien deur die mark, die vakbonde of die regering (Kuin, 1974:125).

Die mate van mobiliteit kan op 'n skaal van toenemendheid weergegee word, wat regstreeks gekoppel is aan die tipe sake-aktiwiteit:

1. *Natuurprodukte*: geen mobiliteit  
Olie  
Mynbou
2. *Landbou* : geen mobiliteit
3. *Vervaardiging* : lae mobiliteit

4. *Dienste* : lae mobiliteit
5. *Finansieel* : hoë mobiliteit
6. *Konglomeraat* : gemeng

Die klassieke patroon van buitelandse regstreekse belegging was in die mynbou, landbou en die dienstesektor. 'n Ontleding van die huidige situasie toon volgens Grewlich (1981: 473) dat die vervaardigingsektor vandag oorheers. Dit verteenwoordig gemiddeld 60 persent van buitelandse regstreekse belegging, terwyl die dienstesektor en natuurprodukte tans ongeveer 20 persent opeis.

- Die *tweede* aspek wat transnasionale maatskappye onderskei, is *eienaarskap*. 'n Dogtermaatskappy kan volledige besit wees van die moedermaatskappy of 'n gesamentlike onderneeming (joint venture) met plaaslike deelneming. Die tipe eienaarskap bepaal natuurlik grootliks die mate van beheer deur die moedermaatskappy.

Tussen 1961 en 1970 het 56 persent van alle nuwe Amerikaanse regstreekse buitelandse belegging die vorm aangeneem van dogtermaatskappye in volle besit, 12 persent het 'n Amerikaanse meerderheidsaandeel behels en slegs 8 persent was 'n minderheidsbelegging. Die aard van 24 persent is egter onbekend. Japannese transnasionale maatskappye toon vir dié tydperk 'n opvallend verskillende patroon - slegs 29 persent van die buitelandse dogtermaatskappye is volle eienom, 34 persent 'n meerderheidsbelang en 37 persent 'n minderheidsaandeel.

"These data suggest that American firms are less willing to accommodate the desires of host countries for participation in the ownership and control of American direct foreign investment."

(Blake & Walters, 1976:84.)

- Die *derde* aspek behels die mate van *outonomie* van die buite-landse dogtermaatskappy ten opsigte van die moedermaatskappy. Howard Perlmutter (1969:11-14) onderskei drie modelle van intra-maatskappyverhoudings, naamlik: etnosentries, polisentries en geosentries.

*Etnosentriese* maatskappye kan duidelik vereenselwig word met die nasionaliteit van die moedermaatskappy. Die essensie van etnosentrisme is dat die standaarde van die tuisland toegepas word op die res van die wêreld. Feitlik alle besluite word in die hoofkantoor geneem.

"In a firm where ethnocentric attitudes prevailed, the performance criteria for men and products are 'home-made'." (Perlmutter, 1969:11.)

Volgens Blake en Walters (1976:84-85) kan die meeste huidige transnasionale maatskappye waarskynlik onder hierdie etnosentriese model gegroepeer word. Dit geld veral die kleinere en nuwe maatskappye asook sommige van die natuurproduktemaatskappye. Hierdie tipe maatskappye is ook volgens hulle geneig om die verskille tussen die transnasionale maatskappy en die ontvangland te benadruk, want doelwitte, praktyke en standarde van die ontvangland is duidelik ondergeskik aan dié van die moedermaatskappy.

*Polisentriese* maatskappye se besluitnemingstruktuur is minder hiërargies.

"A polycentric firm, literally, is a loosely connected group with quasi-independent subsidiaries as centers - more akin to a confederation." (Perlmutter, 1969:12.)

Plaaslike bestuurders, meestal burgers van die ontvangland, bepaal hul eie doelwitte, standaarde en handelwyse met weinig in-

menging van die hoofkantoór.

"In this type or arrangement, clashes between host states and the international enterprise are less likely to occur, since the subsidiaries are very similar to local firms." (Blake & Walters, 1976:85.)

*Geosentriese* maatskappy se uiteindelijke doelwit is 'n wêreldwye benadering in sowel die hoofkantoór as die filiale. Die maatskappy se dogtermaatskappy is nóg satelliete nóg onafhanklike 'stadstate', maar onderdele van 'n geheel waarvan die fokus gerig is op wêreldwye doelwitte asook plaaslike doelwitte, terwyl elke onderdeel sy unieke bydrae lewer met sy unieke bekwaamheid (Perlmutter, 1969:13).

Die geosentriese maatskappy se potensiaal vir konflik met 'n ontvangland is groot, maar die oorsaak is in dié geval die *internasionale* aard en nie, soos by die etnosentriese model, die *buitelandse* aard van die maatskappy nie. Volgens Mansbach *et al* (1976:193) het slegs 'n paar transnasionale maatskappye - soos byvoorbeeld die groot oliemaatskappye - tot nou toe 'n werklik wêreldwye strategie.

In die lig van bogenoemde drie belangrike aspekte kan gestel word dat 'n transnasionale maatskappy met 'n dogtermaatskappy met 'n lae vlak van mobiliteit (soos natuurproduktesektor), 'n hoë mate van beheer oor die filiaal en met 'n etnosentriese perspektief waarskynlik gou geneig sal wees om bedreig te voel deur politieke veranderinge in 'n ontvangland en hy kan probeer om die omstandighede in die ontvangland aan te pas.

Na die *aard* van die transnasionale maatskappy is die *omvang* die belangrikste faktor wat sy betekenisvolle plek in die internasionale politiek bepaal.

### 3.2 DIE OMVANG

Baie transnasionale maatskappye het jaarliks verkope wat meer is as die Bruto Nasionale Produk (BNP) van die lande waarin hulle bedrywig is. Die gesamentlike verkope van die vyf grootste Amerikaanse transnasionale maatskappye - Exxon, General Motors, Mobil, Texaco en Ford - alleen het in 1980 die Bruto Nasionale Produk van ontwikkelde nasies soos Australië, België, Kanada, Swede en Switserland oortref. Die grootste transnasionale maatskappy Exxon, se inkomste het selfs die BNP van lande soos België, Swede en Switserland oortref (Todaró, 1981:400-401).

Hierdie enorme omvang gee die transnasionale maatskappy 'n groot ekonomiese mag ten opsigte van die nasionale staat. Hulle neem 'n belangrike posisie in in die ekonomiese lewe van selfs die kragtigste nasies. Dit word volgens Tugendhat (1976:32) aangetoon deur hulle leidende posisie in belangrike vervaardigingsnywerhede en hulle invloed op die vloei van handel tussen die ontwikkelde state.

Hulle mag word in 'n groot mate versterk deur hulle oorwegend 'oligopolistiese' markposisie, dit wil sê: hulle is meestal bedrywig in markte wat oorheers word deur 'n paar produsente. Hulle beskik aldus oor die vermoë om pryse te manipuleer en om die binnekoms van potensiële mededingers te beperk. Die transnasionale maatskappye se oligopolistiese posisie is te wyte aan een of ander voorsprong op die gebied van tegnologie of bestuursbekwaamheid (van Esch, 1982:79).

Oor die wêreld het die omvang van die transnasionale maatskappye gedurende die afgelope dekade verdubbel. Ongeveer driekwart van die buitelandse regstreekse belegging is in die lidstate van die Organisasie vir Ekonomiese Samewerking en Ontwikkeling (OESO) - wat al die Westerse nywerheidslande insluit -

terwyl ongeveer 'n kwart in die lande van die Derde Wêreld is. Die buitelandse regstreekse belegging van die Westerse nywerheidslande konsentreer egter op betreklik min ontvanglande in die Derde Wêreld - die sogenaamde 'nuwe industrialiserende lande' (newly industrialising countries) - soos Brasilië, Chili, Indië, Maleisië, Nigerië, Suid-Korea, ensovoorts.

"Es sind somit vor allem die sogenannten Schwellenländer, die Direktinvestitionen auf sich ziehen." (Grewlich, 1981:472.)

Die rol van die Derde Wêreld as geheel as ontvangslande vir transnasionale maatskappye het inderdaad relatief afgeneem sedert vroeg in die vyftigerjare. Regstreekse beleggings in die nuwe industrialiserende lande het egter selfs vinniger toegeneem (in reële terme) as in die ontwikkelde lande. In ander ontwikkelende lande (behalwe die olieproduserende lande) het die beleggings meestal gestagneer. Die rede hiervoor is soms van 'n sektorale aard. In die mynbousektor het die lae pryse vir staal in vergelyking met die hoë produksiekoste, byvoorbeeld nuwe beleggings in hierdie sektor ontmoedig op 'n tydstip wat buitendien gekenmerk is deur 'n oormaat van produksiekapasiteit ten opsigte van die vooruitsigte in die vraag op mediumtermyn. In baie van die gronstowweproduserende lande werk bykomende probleme, soos 'n gebrekkige infrastruktuur en 'n tekort aan opgeleide werkers, kosteverhogend. Meer algemeen is daar in baie ontwikkelende lande ander oorsaaklike faktore wat die beleggingsklimaat negatief beïnvloed, soos 'n proteksionistiese ekonomiese beleid, politieke onbestendigheid en 'n uitgesproke vyandige beleid ten opsigte van buitelandse regstreekse belegging.

"In brief, the sustained trend of growth of international investment accruing to developing countries as a whole tends to hide significantly contrasting trends among countries." (OECD, 1981:20.)

Die buitelandse regstreekse belegging deur die Kommunistiese lande is baie klein in verhouding met die van die Westerse nywerheidslande. Die Kommunistiese lande ontken trouens dat hulle transnasionale maatskappye besit - volgens hulle kan hulle staatsmaatskappye geensins vergelyk word met die groot Westerse private maatskappye en al die negatiewe aspekte waarmee dié maatskappye vereenselwig word nie.

Die meeste Kommunistiese transnasionale maatskappye is bedrywig in die dienstesektor (handel, vervoer, ingenieurs- en bankwese) en minder as 5 persent in die vervaardigings- en natuurprodukte-sektor. Buitelandse regstreekse belegging deur die Kommunistiese lande in die ontwikkelende lande is minder belangrik as hulle belegging in die nywerheidslande, maar omdat hulle belegging dikwels die vorm aanneem van 'n beheer sonder meerheidsaandeel eerder as eenvoudig regstreekse belegging, is daar 'n neiging om hulle werklike invloed te onderskat (OECD, 1981:22).

Regstreekse belegging in die Kommunistiese lande deur die Weste is beperk tot minderheidsdeelname, en selfs dan is dit uiters streng beperk (OECD, 1981:24).

Gedurende die vyftiger- en sestigerjare het die Verenigde State die belangrikste rol vervul in die groei van buitelandse regstreekse belegging oor die wêreld. Gedurende die sewentigerjare het die uitvloei uit die Verenigde State en ander lande ewigtiger geword. Die omvang van regstreekse buitelandse beleggings uit Wes-Duitsland, Japan, Nederland en Frankryk het aansienlik toegeneem en dié uit die Verenigde State het afge neem (OECD, 1981:12).

Die Verenigde State het 'n belangrike ontvangland geword. Ruim 25 persent van buitelandse regstreekse beleggings gedurende die tydperk van 1974 tot 1979 het in dié land plaasgevind. Die invloed van buitelandse maatskappye in die Verenigde State is

egter nog baie beperk weens die enorme omvang van dié land se ekonomiese stelsel.

"Employment and sales of foreign manufacturing affiliates amounted to about 4,5 percent of U.S. manufacturing employments in 1979." (Sneddon Little, 1982:57.)

Die grootste regstreekse belegger in die Verenigde State gedurende 1980 was Nederland, gevolg deur Brittanje, Kanada en Wes-Duitsland - almal lede van die Organisasie vir Ekonomiese Samewerking en Ontwikkeling (OESO). Die lede van die Organisasie van Petroleumuitvoerlande (OPUL) het minder as 1 persent vir hulle rekening geneem (Sneddon Little, 1982:57).

Terwyl die regstreekse belegging van die Europese lande in die Verenigde State die hoogste in geskiet het, het hulle rol as ontvanglande ook nouliks verander. Buitelandse regstreekse beleggings in België, Frankryk, die Middellandse See-lande en Ierland het ietwat toegeneem, terwyl die belangrikheid van Italië, Wes-Duitsland en Brittanje effens afgeneem het. Drie faktore het hierdie verandering in geografiese verspreiding teweeggebring:

- Europese en Japannese maatskappye het finansiëel sterker geword; hulle is mededingender, en in sekere sektore is hulle as gevolg van navorsing besig om die Verenigde State in te haal. Vandag is hulle in staat om selfs in die tuisland van Amerikaanse transnasionale maatskappye mee te ding.
- Arbeidskoste in Europa het dié in die Verenigde State ingehaal, wat regstreekse belegging in die Verenigde State aantrekliker as uitvoere soontoe gemaak het.

- Die waardevermindering van die dollar het belegging in die Verenigde State relatief goedkoop gemaak.

"Direct European or Japanese investment in the United States can be seen as part of a catching-up process after a period of unusually favourable circumstances for United States firms abroad." (OECD, 1981:18.)

#### 4. TEN SLOTTE

Die transnasionale maatskappy het die grootste groei in sy geskiedenis ervaar in die tydperk na die Tweede Wêreldoorlog, veral gedurende die vyftiger- en sestigerjare. Dit is egter belangrik om te onthou dat onder die opskrif 'transnasionale maatskappye' beslis nie 'n homogene groep maatskappye ressorteer nie. Dit is om die waarheid te sê 'n groot verskeidenheid maatskappye, elkeen met sy eie aard en omvang.

Die aard van 'n transnasionale maatskappy bepaal grootliks sy gedrag in die internasionale politiek. Die mate van *mobilititeit*, mate van *beheer* oor die dogtermaatskappye (hulle mate van outonomie) en die *tipe eienaarskap* (volle dogter of gesamentlike onderneming met beleggers in die ontvangland) bepaal die houding van die maatskappy teenoor die ontvangland.

Die reuse omvang van die groot transnasionale maatskappye gee aan hulle 'n aansienlike ekonomiese (oor)mag ten opsigte van sommige nasionale state, en hulle leidende posisie in die belangrikste ekonomiese sektore het 'n aansienlike invloed op die handelsverkeer tussen selfs die grootste nywerheidslande.

Die geografiese spreiding van die maatskappye oor die wêreld toon aan dat hulle veral belang stel in die ontwikkelde lande. Ongeveer 'n driekwart van hulle regstreekse belegging vind in=

derdaad plaas in die OESO-lidlande. In die Derde Wêreld is dit hoofsaaklik die olieprodusente en die nuwe industrialiserende lande wat hulle aandag trek.

Dit is duidelik dat die transnasionale maatskappye vandag deur hulle aard en omvang 'n belangrike faktor is in die internasionale gemeenskap. Dit is die rede waarom baie state bedreig voel deur dié maatskappye met hulle eksterritoriale lojaliteite. Die penetrasie van die soewereiniteit van nasionale state deur die transnasionale maatskappye het 'n verreikende uitwerking op die internasionale politiek.

## HOOFSTUK 3

## DIE AGTERGROND VAN DIE INTERNASIONALE POGINGS OM DIE BEDRYWIGHEDE VAN TRANSNASIONALE MAATSKAPPYE TE REGULEER

## 1. INLEIDEND

Baie state voel vandag eerder ekonomies as militêr bedreig. Dit is te wyte aan die feit dat die meeste state se veiligheidsbeleid in hierdie tyd nie net die versekering van die oorlewing van die burgers behels nie, maar ook die versekering van 'n minimum vlak van *ekonomiese welsyn*, 'n mate van politieke en sosiale *outonomie* en *politieke status* vir die nasie (Nye, 1974:154). Die klem lê deesdae dus op *lewenskwaliteit*.

Hierdie gevoel van bedreiging word in die meeste state in meerdere of mindere mate aangetref, afgesien van die state se vlak van ontwikkeling, ideologie of grootte. Die bedreiging word natuurlik die sterkste gevoel in die ekonomies klein state van die Derde Wêreld. By die intellektuele elite van die lande in Afrika, Asië en Latyns-Amerika staan Sosialistiese idees ook meestal in hoër aansien as die Kapitalistiese. Sentraal in die Sosialistiese denke staan die oortuiging dat wins op die een of ander manier berus op uitbuiting (Kuin, 1974:127). Die transnasionale maatskappye word binne die Sosialistiese raamwerk dus met groot wantroue bekyk.

Die 'dependencia-model, wat baie gewild is in Sosialistiese kringe, beweer dat die Derde Wêreld 'n wingewes is van die Kapitalistiese nywerheidslande en dus afhanklik is van dié state.

## 2. DIE DEPENDENCIA-MODEL

Die dependencia-model stel dat een van die essensiële elemente in die ontwikkeling van die Kapitalisme die skepping was van 'n internasionale stelsel wat die wêreld ekonomie onder die invloed van 'n handvol Europese state en die Verenigde State gebring het.

"Development and underdevelopment, in this view are simultaneous processes: the two faces of the historical evolution of the capitalist system." (Sunkel, 1972:520.)

Uchendu (1980:84-86) vat die dependencia-model in ses stellings saam:

- Onderontwikkeling is die resultaat van *afhanklikheid*. Die onderontwikkeling van Latyns-Amerika en elders is die gevolg van die koloniale struktuur van die Kapitalistiese wêreldontwikkeling.
- Onderontwikkeling spruit hoofsaaklik voort uit *uitbuiting* van die swakke deur die sterke.
- Ontwikkeling en onderontwikkeling het 'n logiese verband, die eerste *verarm* die tweede, terwyl die tweede die eerste *verryk*.
- Onderontwikkeling is nie die produk van die plaaslike of nasionale geskiedenis nie; dit is die produk van 'n *imperialistiese* wêreldgeskiedenis.

- Onderontwikkeling word nie veroorsaak deur argaïese sosiale strukture en tradisionele institusionele reëlins nie.
- 'n *Wegbreek uit die satelliet-status (de-satellization)* is die enigste geneesmiddel vir onderontwikkeling.

Galtung (1971) se 'Strukturele Teorie van Imperialisme' is sekerlik die bekendste poging om 'n teorie oor ongelyke ontwikkeling in die wêreld te formuleer.

## 2.1 STRUKTURELE TEORIE VAN IMPERIALISME

Galtung (1971) verdeel die wêreld in twee soorte lande - die in die *Sentrum* en die in die *Periferie*. Binne elke land is daar ook 'n *sentrum* en 'n *periferie*.

Galtung (1971:83) definieer *imperialisme* as 'n sodanige verhouding tussen 'n Sentrum- en 'n Periferienasie dat:

- daar 'n *harmonie van belange* tussen die *sentrum van die Sentrumnasie* en die *sentrum van die Periferienasie* is;
- daar meer *disharmonie van belange* binne die *Periferiestaat* as binne die *Sentrumstaat* is en dat
- daar *disharmonie van belange* tussen die *periferie in die Sentrum* en die *periferie in die Periferie* is.

In die *Periferiestaat* groei die *sentrum* meer as die *periferie*.

Vir 'n gedeelte van sy verryking dien die sentrum in die Periferie egter slegs as 'n 'voerband' (transmission belt) (byvoorbeeld as handelsmaatskappye) vir waarde (byvoorbeeld grondstowwe), wat na die Sentrum deurgestuur word. Hierdie waarde kom die Sentrum binne in die sentrum en 'n bietjie sytel deur na die periferie van die Sentrum.

"Importantly, there is less disharmony of interest in the Center than in the Periphery, so that *the total arrangement is largely in the interest of the periphery in the Center.*" (Galtung, 1971:84.) (Skrywer se kursivering.)

Die periferie in die Sentrumstaat sien hulself dus meer as vennote van die sentrum in die Sentrum as vennote van die periferie in die Periferie, en dit voorkom alliansievorming tussen die twee periferieë, terwyl die Sentrum meer en die Periferie minder samehangend word.

Die essensie van Galtung se teoriepoging lê in die 'feodale' Sentrum/Periferie-struktuur van die wêreld. Die belangrikste gevolge is tweërlei:

- Eerstens is daar 'n *konsentrasie op handelsvennote*. Die Sentrums het transaksies met 'n groot verskeidenheid vennote. Die Periferieë is egter die slagoffer van monopolies - hulle konsentreer grootliks op een vennoot, waarvan hulle min of meer afhanklik is.
- Tweedens dryf die Sentrums handel in 'n groot verskeidenheid handelware, terwyl die Periferieë onder groot druk staan om op 'n baie klein verskeidenheid ware te konsentreer. Die gesamentlike uitwerking is volgens Galtung (1971:90) 'n *afhanklikheid van die Periferie van die Sentrum*.

Galtung beweer verder dat dié imperialistiese situasie blywend is omdat die interaksie tussen die Sentrum en die Periferie *vertikaal* is, dit wil sê: die handelsvennoot wat aan die boonste punt van die 'akkoord' staan, sal vinniger groei en tegnologiese innovasie toon. Die vennoot aan die onderste punt sal 'n lae ekonomiese groei en 'n toenemende tegnologiese agterstand toon. In die Periferiëstaat word daardie produksie-aktiwiteite verrig - landbou en mynbou - wat relatief eenvoudig, arbeidsintensief en laag in kapitaaluitleg is. Ingewikkelde en kapitaalintensiewe aktiwiteite vind plaas in die Sentrumstaat (Deutsch, 1974:25).

Ingevolge Galtung se model kan transnasionale maatskappye gesien word as die belangrikste hedendaagse werktuie van imperialisme. Die maatskappye se transnasionale struktuur bevorder harmonie tussen die Sentrum (hulle tuisland) en die heersende groep van die ontwikkelende land (die sentrum van die Periferie), maar skep disharmonie tussen die heersers en die nie-besittende klas in die ontwikkelende land (die periferie van die Periferie). Transnasionale maatskappye is dus essensiële dele van die meganismes van imperialisme - vertikale verhoudings en feodale interaksiestrukture.

'n Nuwe internasionale stelsel sonder oorheersing sal volgens Galtung (1971:107-108) bewerkstellig kan word deur 'horisontalisering' van internasionale verhoudinge. Dit sluit die opheffing of hervorming van onder meer die transnasionale maatskappye in.

Dit lyk asof daar heelwat feite is wat Galtung se model ondersteun. Indien 'n mens egter twee lande beskou wat dikwels geïgnoreer word deur skrywers oor onderontwikkeling - Australië en Nieu-Seeland - vind ons volgens Mack (1974:46) dat:

- die ekonomiese verhoudinge wat tussen dié state en die

gevorderde nywerheidslande bestaan, gekenmerk word deur presies daardie eienskappe wat Galtung assosieer met die verhouding tussen onderontwikkelde en ontwikkelde lande en

- sowel Australië as Nieu-Seeland is hoogs welvarend.

"Unless it can be demonstrated how and why Australia and New Zealand form a 'special case', then the consequences for Galtung's model are rather serious." (Mack, 1974:47.)

Die dependensia-model is anti-Kapitalisties (anti-Westers) in toon en pro-Marxisties in terminologie. Hoewel dit 'n oproep is *teen* internasionale Kapitalisme, is dit egter geen oproep *vir* internasionale Sosialisme nie.

"It is a strong argument for the *independence* of the Third World countries." (Uchendu, 1980:86.) (My onderstreping.)

Die dependensia-model is veral so belangrik omdat dit grootliks die grondslag vorm vir die Derde-Wêreldlande se huidige wantroue en besware teen die optrede van die groot transnasionale maatskappye. Daar moet in dié verband weer eens beklemtoon word dat in die meeste lande 'n mate van wantroue teen die transnasionale maatskappye aangetref word. Die kenmerk van die meeste Derde-Wêreldlande (oorwegend ontvanglande met klein ekonomieë) is egter dat 'n kombinasie van 'n kragtige *nasionalisme* en 'n *ideologiese vyandigheid*, die wantroue veral in die tydperk direk na onafhanklikheid buitengewoon versterk.

Joseph Nye (1974:155-161) onderskei drie belangrike rolle wat sommige transnasionale maatskappye in die internasionale politiek speel of gespeel het. Hierdie rolle het 'n stereotiepe beeld geskep van dié maatskappye, wat die internasionale pogings om hulle aktiwiteite te reguleer, momentum gegee het.

### 3. DIE ROLLE VAN DIE TRANSNASIONALE MAATSKAPPYE IN DIE INTERNASIONALE POLITIEK

#### 3.1 DIE REGSTREEKSE ROL: PRIVATE BUITELANDSE BELEID

Regstreekse politieke optrede deur transnasionale maatskappye kan voorgestel word op 'n skaal van afnemende intensiteit - dit loop van die gebruik van private weermagte via die omkoop van ontvanglandsoldate en -politici, bydraes aan politieke partye, stemme werf van parlamentslede, tot by adverteer om die openbare mening te beïnvloed. Die meeste regstreekse politieke optrede word vandag aan die onderste punt van die skaal gevind (Nye, 1974:156).

Die bekendste of berugste optrede aan die boonste punt van die skaal was die aktiwiteite van die Internasional Telephone and Telegraph Corporation (ITT) - een van die grootste Amerikaanse transnasionale maatskappye - in die binnelandse politieke aangeleenthede van Chili vroeg in die sewentigerjare. ITT het probeer om die Amerikaanse geheime diens (CIA) en ander transnasionale maatskappye te betrek in 'n poging om in die geheim die uitkoms van die Chileense presidentsverkiesing te beïnvloed, om te verhinder dat 'n Marxistiese kandidaat aan die bewind sou kom (Mansbach *et al*, 1976:175).

Die ITT-voorval was besonder opspraakwekkend omdat dit indruis teen die tradisionele opvattinge oor internasionale politiek dat regerings handel met regerings en dat burgers of maatskappye die regerings van ander lande slegs *onregstreeks* beïnvloed deur 'n bepaalde beleid aan hul eie regering op te dring.

"But here the citizens and corporations are also affecting the governments and politics of other countries by dealing with them directly, quite apart from the activities of their home governments." (Nye, 1974:155.)

ITT was sonder welslae in die oorreding van ander transnasionale maatskappye om aan te sluit by dié regstreekse politieke inmenging. Die Marxis Allende het aan die bewind gekom en probeer om radikale veranderings - onder meer die nasionalisering van Chileense dogtermaatskappye van Amerikaanse maatskappye - teweeg te bring. ITT het gereageer op die nasionalisering van sy Chileense dogter deur die CIA geld aan te bied vir ondermynende bedrywighede in Chili om aldus Allende ten val te bring. Die CIA het hom inderdaad later met sulke bedrywighede besig gehou, hoewel daar volgens Ray (1983:362) geen onomstootlike bewys is dat ITT bygedra het in die koste nie. Die CIA het die binnelandse weerstand teen Allende aangemoedig en ekonomiese en politieke chaos was die gevolg. 'n Militêre omwenteling het die Allende-bewind in September 1973 beëindig en 'n konserwatiewe militêre bewind daargestel.

Die saak het aan die lig gekom in die voorjaar van 1972 toe 'n Amerikaanse joernalis 'n aantal geheime ITT-dokumente gepubliseer het, wat die mate van dié maatskappy se betrokkenheid in die binnelandse politiek van Chili aangetoon het. Dit was egter nie soseer die omvang van ITT se optrede of sy siniese minagting vir 'n demokraties verkose regering, wat blyk uit die dokumente, wat groot belangstelling gewek het nie, maar die tyd-  
stip waarop die onthullings plaasgevind het. Daar was naamlik ook reeds onthullings oor ITT-betrokkenheid in die bekende Watergate-skandaal wat sou lei tot die val van president Nixon (Modelski, 1977:82).

Die Amerikaanse Senaat se Komitee vir Buitelandse Betrekkinge het onmiddellik 'n subkomitee insake transnasionale maatskappye daargestel wat die ITT-saak ondersoek het. Hierdie ondersoek het groot publisiteit gekry reg oor die wêreld en die onthullings het veral die nuwe state in die Derde Wêreld geskok. Volgens Nye (1974:155) is dit duidelik dat die omvangryke rugbaarheid wat aan so 'n dramatiese geval gegee word, buite verhouding is met die werklike betekenis. Die voorval het inder-

daad 'n stereotiepe beeld geskep van transnasionale maatskappye - dit was volgens baie lande in die Derde Wêreld slegs die top van die ysberg. Dit was ook die regstreekse aanleiding vir 'n stelselmatige aandag aan die vraagstukke van transnasionale maatskappye binne die raamwerk van die Verenigde Volke (sien Hoofstuk 5).

Ingevolge Galtung se model kan Allende gesien word as 'n politikus met sy magsbasis in die periferie van 'n Periferieland - Chili - wat die mag oorgeneem het in die sentrum van dié Periferieland en aldus die harmonie van belange tussen die sentrum van die Periferieland en die Sentrumland - Die Verenigde State - versteur het.

Die tweede rol wat die transnasionale maatskappye speel in die internasionale politiek is die 'onbedoelde regstreekse rol' waar hulle gebruik word deur state om in te meng in die sake van ander state.

### 3.2 DIE ONBEDOELDE REGSTREEKSE ROL: DIE TRANSNASIONALE MAATSKAPPYE AS BUITELANDSE BELEIDSINSTRUMENT

Wanneer individue buite hulle land van oorsprong beweeg, bly die regering van hulle land belang stel in hulle gedrag. Dit gee volgens Vagts (1977:134) aanleiding tot die 'nasionaaliteitsbeginsel' - dat 'n land die reg het om sy burgers se gedrag te reguleer buite sy gebied. Die mees omstrede aspek van hierdie beginsel is egter die uitbreiding na transnasionale maatskappye se buitelandse dogtermaatskappye.

"It seems natural to think of a corporation as having a citizenship, and some corporations do give the impression of being strongly attached to their homeland." (Vagts, 1977:135.)

Die uitbreiding van 'n land se regstelsel in die gebied wat beheer word deur ander nasies, is volgens Vagts 'n voortdurende bedreiging van harmoniese internasionale verhoudings. Die Verenigde State word beskou as die grootste boosdoener in dié verband.

Die 'Trading with the Enemy Act' en die 'Foreign Assets Control Regulations' verbied Amerikaanse maatskappye om handel te dryf met sekere lande - veral in strategiese ware. Ingevolge hierdie wette is die Amerikaanse transnasionale maatskappye verantwoordelik vir die navolging van hierdie voorskrifte deur hulle buitelandse dogtermaatskappye. Dit is volgens Van den Bulcke (1975:143) duidelik dat indien 'n ontvangland normale handelsbande met sulke lande wil ontwikkel, ernstige spanning sal ontstaan indien 'n Amerikaanse wet bepaalde transaksies probeer verhinder.

Vir baie Amerikaners is daar niks ongerymde daarin nie as Washington 'n dogtermaatskappy in Amerikaanse besit in 'n bepaalde land opdrag gee om nie 'n bepaalde tegnologies gevorderde produk aan die Sowjetunie te verkoop nie.

"It has not yet dawned on some in this country how grossly offensive such policy may be to other governments." (Vernon, 1978-9:128.)

Die geskil oor die lewering van toerusting vir die Sowjetunie se gaspyplyn na Wes-Europa deur Europese dogtermaatskappye van Amerikaanse transnasionale maatskappye in 1982 is 'n onlangse voorbeeld van dié Amerikaanse beleid wat groot publisiteit gekry het. Die betrokke ontvanglande - Brittanje, Wes-Duitsland, Frankryk en Italië - het die Amerikaanse verbod in die eerste plaas gesien as 'n inbreuk op hulle soewereiniteit. Dit was 'n gevoelige saak, veral vir Brittanje en Frankryk wat albei reeds vroeër in ernstige geskille gewikkel was met die Verenigde State oor die eksterritoriale toepassing van Amerikaanse wette (Kuyper, 1982:633).

Die Amerikaanse optrede was uiters onbedagsaam - te laat (die produkte was al volgens kontrak vervaardig) en in die openbaar. 'n Dergelike optrede sal waarskynlik slegs doeltreffend wees indien dit op 'n vroeë stadium en onopsigtelik gebeur. So dra hulle soewereine status in die openbaar bedreig word, toon die meeste state 'n opmerklike weerstand teen 'oorreding' en sal die poging om die transnasionale maatskappye as buitelandse beleidsinstrument te gebruik, beslis ondoeltreffend wees.

Die belangrike punt is dus dat regstreekse buitelandse beleggings 'n transnasionale interafhanklikheid skep wat groepe of regerings kan probeer manipuleer vir hulle eie politieke doelwitte. Regerings en belangegroepe in sowel ontwikkelde as ontwikkelende lande gebruik hierdie instrument herhaaldelik, selfs indien hulle daardie gebruik verwerp as dit teen hulself gerig is. 'n Dubbele standaard word volgens Nyé (1974:159) op hierdie gebied toegepas. Die bekendste voorbeeld is die gebruik van transnasionale maatskappye deur regerings en druk-groepe om sosiale veranderinge in Suid-Afrika teweeg te probeer bring.

### 3.2.1 DIE ONBEDOELDE REGSTREEKSE ROL TEENoor SUID-AFRIKA

Brittanje het in 1974 die voortou geneem deur 'n *gedragskode* vir Britse maatskappye met filiale in die Republiek daar te stel. Die onmiddellike aanleiding tot dié optrede was berigte in 'n Londense koerant oor lae lone en swak arbeidstoestande onder die Swart werkers van sommige Britse maatskappye in die Republiek.

Die lande van die Europese Gemeenskap het in 1977 die sogenaamde EG-gedragskode opgestel, wat grootliks gebaseer is op die Britse voorbeeld. Die onmiddellike aanleiding tot hierdie kode was die eerste 'anti-apartheid'-konferensie van die Verenigde Volke in Nigerië in Augustus 1977.

"The code was introduced as a political act prompted by the member governments' anxiety to ward off international criticism." (Barber, 1980:80.)

Veral die twee lande met die sterkste ekonomiese bande met die Republiek - Brittanje en Duitsland - het belangrike politieke redes om belangstelling te toon in hervorming; die Britte met 'n koloniale verlede wat steeds hulle verhoudings met Afrika beïnvloed en die Duitsers met hul blywende stigma van rassisme weens die behandeling van die Jode.

Sowel die EG- as die Britse gedragskode is vrywillig en daar is geen sanksies behalwe negatiewe publisiteit vir die maatskappye nie. Dit is onseker wat die presiese doelwitte van die kodes is; hulle bied egter voordele vir die regerings.

"It allows them to retain flexibility and offers a greater chance of satisfying the wide range of interests which are involved."  
(Barber, 1980:83.)

Die optrede van die lande van die Europese Gemeenskap is natuurlik sonder meer skynheilig en inderdaad 'n voorbeeld van 'n dubbele standaard omdat hulle - soos aangetoon - 'n inmenging deur die Verenigde State in hul eie sake ten sterkste veroordeel.

Ten slotte is daar die sogenaamde Sullivan-gedragskode, wat in 1977 deur die Amerikaanse geestelike Leon Sullivan opgestel is. Die Sullivan-kode kan egter volgens Barber (1980:79) nie beskou word as 'n buitelandse beleidsinstrument van die Verenigde State nie, omdat dit ingestel is deur 'n kerkgroep en onder toesig staan van private groepe.

Behalwe die regstreekse rolle wat die transnasionale maatskappye speel, onderskei Nye (1974:1660-161) nog drie onregstreekse rolle in die internasionale politiek.

### 3.3 DIE ONREGSTREEKSE ROLLE

Eerstens gee die transnasionale aktiwiteite van die maatskappye aanleiding tot tussenstaatlike konflikte oor jurisdiksie en probleme oor anti-trust, kapitaalbeheer, handelsbeperkende en belastingsbeleid.

Tweedens het transnasionale maatskappye 'n belangrike effek op die vloei van geld en handel. Hulle word volgens Smulders (1973-4:173) daarvan verdink dat hulle 'n dubieuse rol gespeel het by spekulatiewe geldtransaksies. Die optrede van sommige transnasionale maatskappye het waarskynlik aansienlik bygedra tot die onvermoë van die Westerse nywerheidslande onder leiding van die Verenigde State om die 'Stelsel van Bretton Woods' met sy vaste wisselkoerse vroeg in die sewentigerjare te handhaaf.

Derdens beïnvloed die maatskappye onregstreeks internasionale verhoudings deur uiteenlopende groepe, soos banke en vakbonde, op te wek om by hulle regerings aan te dring op 'n bepaalde beleid wat hulle in staat sal stel om te wedywer met die transnasionale strategie van die maatskappye. 'n Proteksionistiese beleid sal beslis 'n staat se verhouding met ander state beïnvloed.

## 4. TEN SLOTTE

Die soewereine nasionale staat, wat die nasionalisme verpersoonlik, het omvangryke belange wat egter geografies beperk is. Die omvangryke transnasionale maatskappy het beperkte belange wat geografies onbeperk is. Aangesien verskillende state verskillende belange het, sal die belange van die transnasionale maatskappy selde met dié van afsonderlike state ooreenstem.

Dit kan aanvaar word dat die uitwerking van die optrede van transnasionale maatskappye in die minder ontwikkelde state van die Derde Wêreld met hulle lae BNP ingrypend is as in die ontwikkelde nywerheidslande. Indien 'n mens daarby voeg 'n kragtige nasionalisme en 'n ideologiese wantroue is die grondslag vir konflik baie ooglopend.

Die aanhangers van die dependencia-model sien die transnasionale maatskappy bloot as 'n werktuig van die internasionale Kapitalisme wat die ongelyke verdeling van rykdom oor die wêreld kontinueer. Hoewel die dependencia-model en Galtung se 'Strukturele Teorie van Imperialisme' die grondslag vorm vir die Sosialisties geïnspireerde besware van die Derde-Wêreldlande, is dit nogal insiggewend dat relatief weinig van die ontwikkelende state bereid is om die 'vertikale' interaksie te beëindig, met ander woorde om die dogtermaatskappye van die (Westerse) transnasionale maatskappye te nasionaliseer. Die feit dat dié state *regulering* voorstaan, is inderdaad 'n implisiete erkenning dat hulle ook positiewe aspekte sien in die bedrywighede van die transnasionale maatskappye in hulle lande. Die regulering van die maatskappye is vir die arm lande slegs 'n onderdeel van die van die totale hervorming van die internasionale ekonomiese stelsel, dit wil sê die daarstel van 'n 'regverdiger' stelsel, die sogenaamde 'Nuwe Internasionale Ekonomiese Orde' waarin hulle 'n groter deel van die koek sal kry.

Die swaartepunt van die internasionale kapitaalvervlegting lê in Wes-Europa. Die meeste Europese lande is sowel ontvang- as tuisland vir transnasionale maatskappye. Hulle bevind hulself gevolglik in 'n delikate posisie. Enersyds verwerp hulle, soos aangetoon, die inmenging in hulle binnelandse aangeleenthede deur middel van Amerikaanse maatskappye, maar andersyds maak hulle hulself ook skuldig aan hierdie ewel deur Europese transnasionale maatskappye te gebruik as buitelandse beleidsinstrument om in te meng in die binnelandse sake van Suid-Afrika.

Die transnasionale maatskappye het vroeg in die sewentigerjare werklik die sentrum van die internasionale politieke verhoog betree deur 'n verskeidenheid faktore - veral die onstabili- teit van die internasionale ekonomiese stelsel na die ineen- storting van die 'Stelsel van Bretton Woods' en die opkoms van die Derde-Wêreldlande as 'n eenheid wat hulle in die algemeen verset het teen die rol van die transnasionale maatskappye in die internasionale gemeenskap, en die ITT-voorval in Chili aangegryp het om hulle standpunt te radikaliseer en streng in- ternasionale maatreëls te eis teen die maatskappye.

Terwyl die meeste ontwikkelende lande vroeg in die sewentiger- jare geroep het om verpligte reëls wat deur 'n internasionale organisasie afgedwing moes word, het die ontwikkelde lande ge- pleit vir vrywillige gedragsreëls vir die transnasionale maat- skappye.



## HOOFSTUK 4

## OPTREDE BINNE DIE RAAMWERK VAN DIE ORGANISASIE VIR EKONOMIESE SAMEWERKING EN ONTWIKKELING OM DIE BEDRYWIGHEDE VAN TRANSNASIONALE MAATSKAPPE TE REGULEER

## 1. INLEIDEND

Soos aangetoon in die vorige hoofstuk speel die transnasionale maatskappye vandag 'n omstrede rol in die internasionale gemeenskap. Baie state voel hulle bedreig deur dié maatskappye in die verwesenliking van hulle ekonomiese en politieke doelwitte. Om dié rede is dit logies dat state hulself internasionaal organiseer om die wêreldomvattende transnasionale maatskappye op 'n voet van gelykheid aan te spreek. Die internasionale samewerking is egter op dié stadium in die praktyk nog uiters gering. Die probleem met die regulering van die maatskappye op 'n wêreldomvattende vlak is die uiteenlopende belange van die nasionale state.

Daar kan vandag drie hoofgroepe lande onderskei word in die wêreld. In ekonomiese vraagstukke neem hulle gewoonlik gemeenskaplike standpunte in, hoewel binne elke groep afsonderlike lande so nou en dan 'n eie standpunt insake 'n bepaalde onderwerp kan inneem.

Die eerste groep - die Westerse ontwikkelde nywerheidslande - word saamgegroepeer binne die Organisasie vir Ekonomiese Samewerking en Ontwikkeling (OESO). Die tweede groep - die meer as honderd ontwikkelende lande - verskil van die eerste groep veral in die mate van ontwikkeling. Die Kommunistiese lande, ten slotte, onderskei hulle van die eerste twee groepe deur hulle sentraalbeheerde ekonomieë, terwyl die ekonomieë van die ander twee groepe gekenmerk word deur 'n wisselende mate van openheid.

Weens die verskille in die mate van ontwikkeling, neem die eerste twee groepe volgens Hellmann (1977:68) reëlmatig teenoorgestelde standpunte in in sake wat betrekking het op die bedrywighede van transnasionale maatskappye. Dit word natuurlik versterk deur die feit dat meer as negentig persent van dié maatskappye hulle tuiste in die lidlande van die OESO het. Die Kommunistiese lande ondersteun oor die algemeen die standpunte van die ontwikkelende lande (hulle beskou die transnasionale maatskappye as tipiese Kapitalistiese verskynsels), terwyl hulle terselfdertyd poog om hulle eie ideologiese posisies te bevorder.

Weens die verskillende vertolking van die rol wat transnasionale maatskappye in die internasionale gemeenskap vervul, lyk dit asof twee internasionale reguleringstelsels ons voorland is. Hulle ontwikkel volgens Modelski (1979:266) langs twee geskeie spore: een vir die nywerheidslande binne die raamwerk van die OESO en die ander een vir die ontwikkelende lande binne die Verenigde Volke, waar die politieke leierskap vandag grootliks by 'n meerderheid lande uit die Derde Wêreld berus. Die Organisasie vir Ekonomiese Samewerking en Ontwikkeling was die eerste groep wat 'n amptelike standpunt ingeneem het in 1976. Dit word beskou as die grondliggende dokumente wat die bedrywighede van transnasionale maatskappye uit die Eerste Wêreld reguleer.

## 2. DIE ORGANISASIE VIR EKONOMIESE SAMEWERKING EN ONTWIKKELING EN TRANSNASIONALE MAATSKAPPYE

In 1948 is die Organisasie vir Europese Ekonomiese Samewerking - OEES - opgerig as 'n uitvloeisel van die Amerikaanse Marshall-hulpplan. 'n Voorwaarde vir die tenuitvoerlegging van dié herstelplan vir Europa was naamlik die ekonomiese samewerking van die lande wat die hulp ontvang het. Na die verwesenliking van die plan se doelwitte en as gevolg van die toenemende ekonomiese interafhanklikheid van die lande, is die OEES in 1961 vervang

deur die Organisasie vir Ekonomiese Samewerking en Ontwikkeling (OESO). Omdat nie-Europese lande - soos die Verenigde State, Kanada en later Japan - op gelyke voet toetree het, is die woord 'Europese' gekrap. Die werkgebied van die organisasie is ook uitgebrei na ontwikkelingsamewerking (Van Esch, 1982: 49).

Die lidstate van OESO word saamgebind deur gemeenskaplike belange, gelyksoortige ekonomieë en vlakke van ontwikkeling, sterk geskiedkundige bande en - weens hulle gesamentlike ekonomiese gewig - gemeenskaplike verantwoordelikhede aan die internasionale gemeenskap (Blanpain, 1979:25).

Die *grondliggende uitgangspunte* van die Organisasie is:

- 'n hoë mate van *internasionale ekonomiese interafhanklikheid* is *heilsaam* vir ekonomiese groei en sosiale vooruitgang;
- *interregeringsamewerking* tussen 'eendersdenkende' nywerheidslande met mark-ekonomieë kan help om gesamentlike probleme en probleme wat hulle met die buitewêreld het, op te los.

OESO se aktiwiteite is derhalwe volgens Blanpain (1979:25) gerig op die verwesenliking van *twee hoofdoelwitte*:

- om die lidstate te help met die bevordering van ekonomiese groei, werkverskaffing en verhoogde lewenstandaarde en
- om 'n gesonde en harmoniese *ontwikkeling van die wêreld-ekonomie* te help bevorder en om die lot van die arm lande te verbeter.

Die huidige (24) lidstate van die OESO is:

Australië (sedert 1971), België, Brittanje, Denemarke, Finland (sedert 1969), Frankryk, Wes-Duitsland, Griekeland, Ierland, Italië, Japan (sedert 1964), Kanada, Luxemburg, Nederland, Nieu-Seeland (sedert 1973), Noorweë, Oostenryk, Portugal, Spanje, Swede, Switserland, Turkye, die Verenigde State en Ysland. Beperkte deelnemers is die Kommissie van die Europese Gemeenskap en Joegoslavië.

Die belangrikste orgaan van die Organisasie is die *Raad* wat bestaan uit verteenwoordigers van al die lidstate. Omdat OESO 'n tussenstaatlike organisasie is, word beslissings eenstemmig geneem, met voorsiening vir onthouding (n voorgestelde gedragslyn is nie van toepassing vir n staat wat hom van stemming onthou nie).

- n *Besluit* van die Raad is bindend vir die lidstate.
- n *Aanbeveling* is nie bindend nie, maar dra n sterk morele verpligting.
- n *Verklaring* is n nuwer tipe handeling. Dit is n uitdrukking van n politieke wil deur die lidstate en dra volgens Blanpain (1979:31) aansienlike gewig.

Op 12 Desember 1961 het die Raad hom die eerste keer oor transnasionale maatskappye uitgespreek deur middel van n Besluit, wat 'OESO-Kode vir die Vrymaking van Kapitaalverkeer' daargestel het. Buitelandse regstreekse belegging is slegs een van die verskillende vorme van kapitaalverkeer wat binne die Kode val, maar dit is - wat die OESO-gebied betref - die grootste enkele komponent (Grewlich, 1978:77-78).

Die 'Kode vir die Vrymaking van Kapitaalverkeer' is daargestel op 'n tydstip toe daar nog baie beperkinge op dié gebied was. Die Kode bly steeds belangrik omdat vandag weer baie meer lande geneig is om beperkings te plaas op kapitaalverkeer oor die algemeen en buitelandse regstreekse belegging in die besonder.

Gedurende die sestigerjare het regstreekse internasionale belegging in so 'n mate toegeneem dat dit vroeg in die sewentigerjare aanleiding gegee het tot toenemende besorgdheid by baie groepe. Die besorgdheid het hom veral toegespits op die enorme ekonomiese mag van die transnasionale maatskappye in vergelyking met dié van nasionale state, die afhanklikheid van belangrike sektore van die nasionale ekonomieë van besluite wat in die buiteland geneem word, die vermoë van die transnasionale maatskappye om vinnig aan te pas by veranderende omstandighede en hulle algemeen oorheersende posisie

"After considerable discussion, the Member governments of OECD have decided that work to *safeguard an appropriate framework for international investment* - and, more specifically, work pertaining to the activities of multinational enterprises - deserves high priority." (Anon., 1974:4). (My kursivering.)

In die lig van hierdie besorgdheid is besluit dat die OESO met sy besondere bekwaamheid en deskundigheid die toepaslike forum sou wees om die bedrywighede van transnasionale maatskappye te bestudeer, in die besonder in die gebiede van die lidstate. Die Organisasie het in 1975 die 'Komitee insake Internasionale Belegging en Multinasionale Ondernemings' daargestel om vraagsukke betreffende internasionale belegging en die aktiwiteite van transnasionale maatskappye te ondersoek met die oog op die versterking van die samewerking van die lidstate op dié gebied.

Die OESO-Raad het die nuwe Komitee eksplisiet opgedra om voorstelle voor te berei vir optrede gerig op die ontwikkeling van eenvormige gedragstandaarde wat van toepassing is op die trans-

nasionale maatskappye en om interregeringsprosedures te ontwikkel om moontlike klagte te hanteer (Anon., 1975:15).

## 2.1 DIE KOMITEE INSAKE INTERNASIONALE BELEGGING EN MULTINASIONALE ONDERNEMINGS

Die Komitee het intensief saamgewerk met die bestaande gespesialiseerde OESO-komitees, die Advieskomitee vir Sake en Nywerhede (BIAC) en die Advieskomitee vir Vakbonde (TUAC).

Die Advieskomitee vir Sake en Nywerhede is in 1962 gevorm as 'n onafhanklike organisasie wat amptelik deur die OESO erken word. Sy taak is om die sake- en nywerheidsektor te verteenwoordig in die werk van die Organisasie en om menings te verskaf oor sake van gemeenskaplike belang.

"Inasmuch as BIAC brings together the industrial and employers' organizations of the 24 OECD Member countries, it is thus representative of private enterprise as a whole in the industrialized world." (Blanpain, 1979:36.)

Die Advieskomitee vir Vakbonde is in 1948 gestig om die Europese vakbonde 'n belangrike rol te laat speel in die tenuitvoering van die Marshall-hulpplan. By die stigting van die OESO in 1961 is die Advieskomitee amptelik belas met raadgegewende status deur die Organisasie om die georganiseerde werkers te verteenwoordig (Blanpain, 1979:41).

Die Komitee het tien keer byeengekom (23 dae van onderhandeling) tussen Maart 1975 en die middel van Mei 1976 en daarin geslaag om die uiteenlopende standpunte van die verskillende lidstate te verenig. Die OESO-lede het ooreengekom om maatreëls te tref om die internasionale beleggingsklimaat te verbeter en aanbeveel dat transnasionale maatskappye bepaalde gedragstan-

daarde in ag moet neem soos uiteengesit in 'n reeks *Riglyne*. Hierdie ooreenkoms is aangebied in die vorm van 'n *Verklaring*.

## 2.2 DIE ORGANISASIE VIR EKONOMIESE SAMEWERKING EN ONTWIKKELING SE VERKLARING INSAKE INTERNASIONALE BELEGGING EN MULTINASIONALE ONDERNEMINGS

Die OESO was volgens Vogelaar (1980:133) in feite verplig om op te tree in die vorm van 'n *Verklaring* omdat Besluite en Aanbevelings slegs aan die lidstate gerig kan word en nie ook aan private - nie-staatlike - organisasies soos transnasionale maatskappye nie.

Die *Verklaring* van 21 Junie 1976 is streng gesproke nie 'n optrede van die OESO nie - dit is 'n gesamentlike optrede van die lidstate binne die raamwerk van die Organisasie. Die ministers het die *Verklaring* uitgereik as verteenwoordigers van hulle afsonderlike *regerings* en nie as lede van die OESO-Raad nie.

'n OESO-*Verklaring* word egter meestal onmiddellik onder die aandag van die Raad gebring. Die Raad (die ministers as lede van die Raad) herstel vervolgens die verbinding met die Organisasie deur te besluit om die tenuitvoerlegging van die *Verklaring* op te dra aan die OESO.

"Thus the Declaration becomes integrated in the normal structure of the Organization. By this procedure the same effect is achieved as by real Council decisions." (Vogelaar, 1980: 133.)

Die feit dat 'n lidstaat hom van stemming kan onthou sonder om die eenstemmigheid in duie te laat stort, maak optrede deur 'n groot meerderheid moontlik. Die Turkse regering het hom inderdaad onthou van stemming. Die houding hou egter blykbaar

geen verband met dié land se relatief lae vlak van ontwikkeling nie, omdat lande soos Griekeland en Portugal geen besware gehad het nie.

Die OESO-instrument insake transnasionale maatskappye val uiteen in *drie* kategorieë:

- die *Verklaring* wat *nie-bindend* is, maar wat mettertyd bindend kan word;
- die aangehegte *Riglyne* wat uitdruklik *vrywillig* is;
- die integrerende *Besluite* wat *bindend* is.

#### 2.2.1 DIE INHOUD VAN DIE VERKLARING

Die Organisasie se uitgangspunte - soos uiteengesit in die aanhef van die *Verklaring* - is dat internasionale belegging toenemend belangrik geword het in die wêreld ekonomie en dat dit aansienlik bygedra het tot die ontwikkeling van die lidstate. Dit word aanvaar dat transnasionale maatskappye 'n belangrike rol speel in die internasionale belegging. Hierdie rol het egter sowel *positiewe* as *negatiewe* aspekte. Die *Verklaring* en die *Riglyne* is veral bedoel as 'n instrument om die positiewe bydrae wat transnasionale maatskappye tot ekonomiese en sosiale vooruitgang kan maak, aan te moedig en die negatiewe aspekte van hulle bedrywighede uit te skakel.

Die *Verklaring* bestaan uit *vyf* hoofstukke:

\* *Riglyne vir Multinasionale Ondernemings*

Die lidstate *beveel* gesamentlik *aan* by die transnasionale maatskappye wat in hulle gebiede bedrywig is om die Riglyne soos vervat in die Bylae tot die Verklaring, na te lewe.

Swede en Nederland (onder Sosialistiese regerings) was ten gunste van 'n bindende instrument, op grond van die oorweging dat 'n vrywillige ooreenkoms die onderwerp sou wees van teenstrydige vertolkings en dus maklik 'n 'dooie letter' sou kon word. Die meerderheid lidstate het egter die Amerikaanse standpunt onderskryf, naamlik dat "... national and international commercial transactions are so closely linked ... that they do not lend themselves to the development of binding international regulations ..." (Schwamm, 1978:348). Deugdelike riglyne wat prakties toepasbaar is, moet volgens hierdie standpunt *buigzaam* wees. In die lig van die veelheid en aard van elke nasionale staat se doelwitte en die omvang van die internasionale handelsverkeer kan die Riglyne slegs 'n algemene *raamwerk* daarstel.

"Clearly, business cannot prosper unless the host country itself has a chance to achieve prosperity; thus a responsible MNE will take into consideration, out of *self-interest*, the economic and social needs of the country in which it operates." (Schwamm, 1978:348.) (My kursivering.)

Die *sleutelkonsep* is die transnasionale maatskappye se *eiebelang* op grond waarvan hulle die Riglyne sal nakom.

As teenprestasie word by die lidstate aanbeveel om sekere reëls insake transnasionale maatskappye in ag te neem.

\* *Nasionale behandeling*

Die OESO-lande verklaar dat hulle aan die transnasionale maatskappye 'n behandeling sal gee wat nie ongunstiger is as dié wat binnelandse maatskappye 'in gelyksoortige omstandighede' kry nie. Hierdie verklaring is volgens Schwamm (1978:347) gerig op 'n kragtige hedendaagse herbevestiging van daardie regeringsverantwoordelikhede wat voorvereistes is vir 'n stabiele en oop beleggingsklimaat in die Westerse nywerheidslande. Dié hoofstuk is veral onder Amerikaanse druk by die Verklaring ingesluit. Dit het egter probleme veroorsaak by sommige lande. Die grondstowweproduserende lidstate soos Australië en Kanada, asook van die state met 'n relatief lae ontwikkelingsvlak wat wetgewing het wat gerig is op die aanmoediging van nasionale maatskappye, het inderdaad die hoofstuk aanvaar.

"But they have stated clearly at the OECD Council meeting on June 21, 1976, that they consider their national laws and regulations on the entry of foreign investment as *consistent* with the OECD regulations, *even if they establish certain differences* between national and foreign investment." (Hellmann, 1977:69.) (My kursivering.)

Dit geld ook vir die lede van die Europese Gemeenskap wat mekaar 'n gunstiger behandeling gee as nie-lede. Die voorwaarde is slegs dat die OESO in kennis gestel word van hierdie uitsonderings op die reël.

Die Verklaring erken verder die reg van state om die *binnekoms* van transnasionale maatskappye te reguleer en voorwaardes in die verband te stel.

\* *Aan- en ontmoedigings vir internasionale belegging*

Hierdie hoofstuk handel oor die politieke inmenging deur sommi-

ge lande met die internasionale regstreekse beleggingsverkeer sodat ander lande nadelig geraak word. Hoewel dit aanvaar kan word dat 'n besluit om regstreeks te belê in 'n bepaalde streek - byvoorbeeld Wes-Europa - bepaal word deur 'n maatskappy se wêreldomvattende beplanning, kan die presiese lokalisering binne die streek beïnvloed word deur nasionale beleggingsaanmoedigings of -vereistes.

Die OESO-lede verklaar dat hulle daarna strewende om hierdie tipe maatreëls so deursigtig moontlik te maak sodat die betekenis en doel vasgestel kan word en dat inligting oor hulle gereedlik beskikbaar kan wees. Hulle erken ook die behoefte om die belange van die lidstate wat geraak word deur hierdie tipe maatreëls 'behoorlik in ag te neem'. Die dubbelsinnigheid van hierdie bewoording het volgens Schwamm (1978:348) ongetwyfeld 'n taktvolle uitweg verskaf tussen veral die Amerikaners aan die een kant wat alle vorme van inmenging verwerp het, en lande soos Frankryk aan die ander kant.

\* *Oorlegprosedures*

Die lande gee hier uiting aan hulle politieke wil om met mekaar oorleg te pleeg oor bogenoemde aspekte van die Verklaring ooreenkomstig die toepaslike Besluite van die Raad wat 'n eenheid vorm met die Verklaring. Die Komitee insake Internasionale Belegging en Multinasionale Ondernemings sal reëlmatig of op die versoek van 'n lidland 'n 'uitwisseling van standpunte hou' oor sake wat betrekking het op die Riglyne en die ervaring wat opgedoen is met hulle toepassing. Die Komitee doen ook van tyd tot tyd verslag aan die Raad en neem kennis van die standpunte van die Advieskomitee vir Sake en Nywerhede en die Advieskomitee vir Vakbonde.

\* *Hersiening*

Die lidstate het verklaar dat hulle die Verklaring binne drie jaar sal deurkyk om die doeltreffendheid van hulle samewerking op dié gebied te verbeter.

Deur op te tree in die vorm van 'n Verklaring kon die Organisasie vir Ekonomiese Samewerking en Ontwikkeling twee voordele terselfdertyd behaal, naamlik: om vooruitgang te maak op die gebied van 'nasionale behandeling', 'aan- en ontmoediging vir internasionale belegging' en 'riglyne' vir transnasionale maatskappye enersyds en andersyds om die onderlinge verbondenheid van dié aspekte te onderstreep (Blanpain, 1979:54).

Die grootste probleem by die formulering van die Verklaring was om 'n ewewig te vind tussen die belangrikste elemente. 'n Insluiting van die Riglyne by die Verklaring sou die 'optiese' ewewig versteur het. "For this reason they were annexed to the Declaration." (Blanpain, 1979:55.)

### 2.3 DIE ORGANISASIE VIR EKONOMIESE SAMEWERKING EN ONTWIKKELING SE RIGLYNE VIR MULTINASIONALE ONDERNEMINGS

Die pragmatiese benadering van die OESO kom veral tot uiting deur wat *nie* ingesluit is by die Riglyne *nie*. Geen poging is aangewend om 'n transnasionale maatskappy te definieer in regsgeldige terme *nie*, omdat daar aansienlike verskil van mening bestaan oor 'n presiese, bedryfsekere definisie.

"It seems that agreement not to insist on definition made it possible to reach accord without protracted arguments between experts." (Grewlich, 1978:92.)

Die Riglyne word voorafgegaan deur 'n inleiding wat die grondliggende filosofie en doelwitte van die OESO-state ten opsigte van die transnasionale maatskappye uiteensit. Die eerste twee paragrawe is feitlik 'n uitgebreide herhaling van sekere aspekte van die aanhef van die Verklaring. Die verskil is natuurlik dat die Verklaring aan die lidstate gerig is terwyl die Riglyne die maatskappye aanspreek. Die doel van die Riglyne is dus om die positiewe aspekte van die rol wat die maatskappye vervul, aan te moedig en die negatiewe aspekte te verminder of selfs uit te skakel.

*"In view of the transnational structure of such enterprises, this aim will be furthered by co-operation among the OECD countries where the headquarters of most of the multinational enterprises are established and which are the location of a substantial part of their operations."* (OECD, 1976:11.) (My kursivering.)

Die aanhef stel eksplisiet dat die Riglyne *aanbevelings* is wat gemeenskaplik deur die lidstate gerig word aan transnasionale maatskappye wat bedrywig is in hulle gebiede. Nalewing van die Riglyne is *vrywillig* en *nie wetlik afdwingbaar* nie. Hulle behoort volgens die lidstate egter te help om te verseker dat die bedrywigheide van hierdie maatskappye in harmonie is met die nasionale beleid van die lande waar hulle werksaam is en die *grondslag te versterk van wedersydse vertroue* tussen die maatskappye en die state.

Hoewel die lande beklemtoon dat 'n noukeurige regsgeldige definisie onnodig is vir die oogmerke van die Riglyne, het hulle wel 'n praktiese definisie van die tipe maatskappy ontwikkel:

*"These usually comprise companies or other entities whose ownership is private, state or mixed, established in different countries and so linked that one or more of them may be able to exercise a significant influence over the activities of others and, in particular, to share knowledge and resources with the others."* (OECD, 1976:12.) (My kursivering.)

Die wesenlike element in die definisie word volgens Blanpain (1979:59) gevind in die woorde 'to exercise a significant influence', wat verwys na die element van sentrale beheer, gesentraliseerde besluitneming, wat volgens hom die ruggraat van die transnasionale maatskappy vorm.

Die Riglyne bevat sewe afdelings, naamlik: algemene beleidsake, openbaarmaking van inligting, mededinging, finansiering, belasting, werkverskaffing & nywerheidsverhoudings en wetenskap & tegnologie.

\* *Algemene beleidsake*

Onder hierdie opskrif verskyn voorbeelde van die bedrywighede van transnasionale maatskappye wat gesien word as 'n aantasting van die soewereiniteit van die lande waar hulle werkzaam is en derhalwe kragtige emosionele reaksies kan teweegbring. Sulke bedrywighede skep 'n swak beeld van die maatskappye wat inderdaad tot hulle nadeel sal wees en derhalwe vermy behoort te word: Omkoop van politici of amptenare, ondersteuning van politieke partye (tensy die wet dit toelaat) en onbehoorlike inmenging in plaaslike politieke aktiwiteite in die algemeen. Die maatskappye behoort verder onder meer gevestigde nasionale doelwitte in ag te neem. Dit is duidelik dat die transnasionale maatskappye basies aangespoor word om 'goeie burgers' te wees.

\* *Openbaarmaking van inligting*

Die transnasionale maatskappye kan die publiek se begrip van hulle bedrywighede verbeter deur die vrystel van gedetailleerde feitlike inligting wat op 'n gereelde grondslag behoort te gebeur. Dit kan help om negatiewe ideologiese propaganda te neutraliseer - soos byvoorbeeld die dependensia-benadering.

"The guideline on disclosure of information has proven to be one of the most controversial, perhaps because it actually requires someone to do something." (Waldmann, 1980:38.)

\* *Mededinging*

Transnasionale maatskappye besit dikwels 'n oligopolistiese markposisie, dit wil sê hulle is dikwels bedrywig in markte wat oorheers word deur 'n paar produsente. Die OESO versoek die maatskappye om hulle te weerhou van handeling wat die mededinging in so 'n mark ongunstig beïnvloed.

\* *Finansiering*

By die finansiering van hulle bedrywighele behoort die maatskappye veral die betalingsbalans en kredietbeleid van die lande waar hulle werksaam is, in ag te neem.

\* *Belasting*

Die transnasionale maatskappye behoort die inligting te verskaf wat noodsaaklik is om die korrekte bedrag te bepaal wat hulle aan belasting moet betaal. Hulle moet ook nie van 'verrekenpryse' gebruik maak om belasting te ontduik nie.

\* *Werkverskaffing & nywerheidsverhoudings*

Onder hierdie hoof word onder meer verwys na die grensoorskrydende mobiliteit van transnasionale maatskappye. Hulle word versoek om nie 'n produksie-eenheid te verskuif na 'n ander land of daarmee te dreig nie by *bona fide*-onderhandelings met werk=

nemers oor arbeidsvoorwaardes om aldus dié onderhandelings onbehoorlik te beïnvloed. Die maatskappye moet hulle oor die algemeen onderwerp aan die wette van die ontvangland op die gebied.

\* *Wetenskap & tegnologie*

Ook in die laaste afdeling word die maatskappye weer eens versoek om hulle ordentlik te gedra. Die maatskappye behoort daarna te strewende dat hulle bedrywighede strook met die wetenskaplike en tegnologiese beleid van die lande waar hulle werksaam is. Waar prakties moet hulle sodanig optree dat daar 'n vinnige verspreiding van tegnologie plaasvind en wanneer hulle lisensies uitreik, moet dit op redelike voorwaardes geskied.

Oordrag van tegnologie is natuurlik een van die belangrikste eise van die ontwikkelende lande. Dit is egter onwaarskynlik dat hierdie Riglyn daartoe sal lei.

2.3.1 *OPSOMMEND*

Die Riglyne van die Organisasie vir Ekonomiese Samewerking en Ontwikkeling is natuurlik grondliggend 'n oorsig van die klagte wat deur die jare veral deur die ontvanglande teen die transnasionale maatskappye geuit is. Elkeen van die afdelings is bedoel om *limiete van aanvaarbare gedrag* daar te stel, om aldus die negatiewe of potensieel negatiewe rol van sommige van die maatskappye uit te skakel en die positiewe rol wat die maatskappye kan vervul in die ekonomiese en sosiale vooruitgang in die wêreld, aan te moedig.

In 1979 is die Riglyne effens gewysig op enkele nie-wesenlike punte. Die standpunt van die Komitee insake Internasionale

Belegging en Multinasionale Ondernemings was dat die waardes van die Riglyne reeds aangetoon is en die beste manier om die maatskappye meer gebruik daarvan te laat maak, sou wees om 'n bestendige raamwerk te handhaaf deur veranderings tot 'n minimum te beperk (Anon., 1979:39-40).

Die OESO-Raad het ten slotte gelyktydig met die Verklaring drie Besluite aanvaar, waardeur die Verklaring opgeneem is in die normale struktuur van die Organisasie.

#### 2.4 DIE BESLUIE INSAKE DIE VERKLARING

Die OESO-Raad het drie bindende Besluite geneem wat betrekking het op die verskillende aspekte van die Verklaring, naamlik:

- die Besluit insake Interregeringsoorlegprosedures insake die Riglyne vir Multinasionale Ondernemings;
- die Besluit insake Nasionale Behandeling en
- die Besluit insake Aanmoedigings en Ontmoedigings van Internasionale Beleggings.

Soos vroeër gestel, word Besluite deur die Organisasie gerig aan die lidstate. In die aanhef van elkeen van die Besluite word kennis geneem van die Verklaring van 21 Junie 1976 insake Internasionale Belegging en Multinasionale Ondernemings, en daarmee word volgens Grewlich (1980:113) die inhoud ingelyf by die Besluite en aldus *formeel* verbind met die OESO.

Wat die struktuur van die Verklaring en Besluite betref, moet

die Verklaring en die aangehegte Riglyne beskou word as die *substantiewe* deel van die akkoord, terwyl die Besluite gerig is op die *werkingsaspekte* deur die daarstel van toepaslike prosedures.

In 1979 het die Raad bepaal dat die Komitee insake Internasionale Belegging en Multinasionale Ondernemings verantwoordelik sou wees vir die 'verheldering' van die Riglyne. Dit het 'n bestaande praktyk bevestig. Die Advieskomitee vir Sake en Nywerhede en die Advieskomitee vir Vakbonde het die reg verkry om die inisiatief te neem vir 'n uitwisseling van gedagtes met die Komitee. Ten slotte het transnasionale maatskappye wat beskuldig word van 'n skending van die Riglyne, die reg verkry om hulle kant van die saak regstreeks aan die Komitee te stel.

Dit is egter geensins die bedoeling dat die Komitee 'n soort geregshof moet wees nie.

"Accordingly, proposals for factfinding by the Committee have not been retained and the word *clarification* is used instead of interpretation, since factfinding and interpretation might bring the Committee too close to a judicial role." (Blanpain, 1980: 149.) (My kursivering.)

Dit moet onthou word dat OESO 'n tussenstaatlike organisasie is en geskille moet in beginsel op die nasionale vlak besleg word.

## 2.5 DIE REGULERINGSINSTRUMENT IN DIE PRAKTYK

Die Organisasie vir Ekonomiese Samewerking en Ontwikkeling is 'n betreklik onbekende organisasie, en die hoofdoelwit is derhalwe die *bekendstelling* eerder as die toepassing van die Riglyne. In 1979 het die Komitee insake Internasionale Belegging en Multinasionale Ondernemings aanbeveel dat afsonderlike transnasionale maatskappye in die openbaar - by voorkeur in hulle jaar-

verslae - hulle aanvaarding van die Riglyne uitspreek om al= dus hulle doeltreffendheid te vergroot (Anon., 1979:40).

In 1982 verklaar die Komitee egter dat, terwyl 'n aantal trans= nasionale maatskappye en nasionale ondernemingsverbonde in die openbaar hulle ondersteuning vir die Riglyne uitgespreek het, die aantal afsonderlike transnasionale maatskappye wat gereaa= geer het op die oproep, kleiner was as wat die Komitee gehoop het (Farhi, 1983:55).

Daar het volgens Grosse (1982:427-428) ook vrywel geen bewys aan die lig gekom om aan te toon dat die bedrywighede van die maat= skappye betekenisvol verander het as gevolg van die Riglyne nie.

"... at least the lack of MNE complaints or criticism leads one to conclude that this code has not constrained the firms in any important manner that would discourage their investment in these countries" (Grosse, 1982:428).

'n Baie opmerklike uitsondering is egter die 'Badger-saak'. Die Amerikaanse transnasionale maatskappy Badger is in 1977 aange= spreek weens sy versuim om aan sy insolvente Belgiese dogter= maatskappy voldoende fondse te verskaf om die Belgiese werkne= mers die aldaar verpligte ontslagbetaling te gee. Die Belgiese regering en vakbonde het betoog dat Badger versuim het om die Riglyne na te kom, spesifiek die voorskrifte onder die af= deling 'Werkverskaffing en Nywerheidsverhoudings'.

Badger het uiteindelik die saak geskik met die Belgiese rege= ring en bykomende fondse beskikbaar gestel. Hoewel die saak nooit formeel deur die Komitee insake Internasionale Belegging en Multinasionale Ondernemings bespreek is nie (dit is wel deur die Advieskomitee vir Vakbonde bespreek) en dus nie regstreeks aangetoon kan word dat die Riglyne in dié saak as bindend uit= gelê is nie, is dit volgens Grosse (1982:429) duidelik dat die

Riglyne gebruik kan word as 'n grondslag vir 'n regsgeding teen transnasionale maatskappye wat versuim om hulle te onderwerp aan dié gedragskode in 'n OESO-land.

Die feit dat die Riglyne vrywillig is, "... does not mean that parts of the Guidelines, though voluntary at the origin, may not in the course of time - and when they have been frequently applied - pass into the general corpus of customary international law even for those multinational enterprises which have never accepted them" (Vogelaar, 1977:8). Dit was die algemene standpunt toentertyd wat volgens Baade (1980:9) vandag steeds ondersteuning van kenners kry.

### 3. TEN SLOTTE

Die Organisasie vir Ekonomiese Samewerking en Ontwikkeling se belangrikste doelstelling is om die oorlewing en versterking van die vrye-markstelsel te verseker omdat dit as die beste waarborg beskou word vir ekonomiese groei en sosiale vooruitgang oor die wêreld. Die Organisasie - wat feitlik al die ontwikkelde nywerheidslande insluit - is daarvan oortuig dat die uitbreiding van die internasionale ekonomiese vervlegting die grondslag vorm vir die vooruitgang van alle lande in die wêreld. Hierdie benadering staan derhalwe diametraal teenoor die dependensia-model, wat beweer dat die hoë ontwikkelingsvlak van die nywerheidslande gebaseer is op 'n uitbuiting van die lande van die Derde Wêreld. Albei modelle erken egter dat transnasionale maatskappye 'n belangrike rol speel in die internasionale gemeenskap.

Die Organisasie se oogmerke met die 'Verklaring insake Internasionale Belegging en Multinasionale Ondernemings' en die 'Riglyne vir Multinasionale Ondernemings' is om die *positiewe* bydrae wat die transnasionale maatskappye tot ekonomiese groei en sosiale vooruitgang kan maak, aan te moedig en die negatiewe

aspekte van hulle bedrywighede - wat deur die OESO erken word - te verminder of selfs geheel en al uit te skakel.

Die optrede binne die raamwerk van die OESO is uitermate belangrik vir die internasionale gemeenskap, want die lidstate vorm die tuislande vir meer as 90 persent van die wêreld se transnasionale maatskappye en meer as 75 persent van hulle dogtermaatskappye is werksaam in dié state. Dit beteken dus dat so te sê al die transnasionale maatskappye geraak word deur hierdie reguleringspoging.

Die 'Verklaring insake Internasionale Belegging en Multinasionale Ondernemings' van 1976 is 'n gewigtige *politieke* dokument - dit is 'n onbeskroomde definiëring van die Westerse handelsdoktrine - wat ten doel het om die voorstanders van verpligte en beperkende internasionale regulering, wat veral binne die raamwerk van die Verenigde Volke bedrywig is en wat die vrye-markbeginsel kan aantast, die wind uit die seile te neem. Die Riglyne is in feite 'n stelsel van selfdissipline deur die transnasionale maatskappye - dit stel die grense van aanvaarbare gedrag daar om aldus te poog om die - veral vir die ontwikkelende lande van die Derde Wêreld - onaanvaarbare aspekte van die internasionale Kapitalisme uit te skakel.

In die praktyk het dit geblyk dat veral die afdeling 'werkverskaffing en nywerheidsverhoudings' van die Riglyne in die publisiteit gekom het, soos byvoorbeeld die Badger-saak. Die rede hiervoor is waarskynlik dat die vakbonde goed bekend is met die Riglyne en via die Advieskomitee vir Vakbonde maklik toegang het tot die Komitee insake Internasionale Belegging en Multinasionale Ondernemings. Probleme onder hierdie afdeling is ook deurgaans baie tasbaar - dit in teenstelling met byvoorbeeld die baie ingewikkelde finansiële en belastingsvraagstukke.

Inmenging deur die transnasionale maatskappye in die binnelandse politieke aangeleenthede van 'n staat - die sogenaamde private buitelandse beleid - is ook in die reël moeilik om vas te stel. Dit is egter onwaarskynlik dat sulke optrede op 'n betekenisvolle skaal plaasvind. Enersyds omdat dit moeilik - indien nie onmoontlik nie - is om sulke optrede geheim te hou en andersyds omdat dit nie in 'n transnasionale maatskappy se belang is om betrokke te raak by politieke geskille in 'n bepaalde staat nie, omdat dit sy posisie in ander lande in gevaar kan stel. Transnasionale maatskappye is ekonomiese organisasies wat 'n stabiele internasionale politieke klimaat en samewerking met nasionale regerings benodig om hulle - ekonomiese - doelwitte te kan verwesenlik. Hulle sal dus meestal so veel moontlik tegemoet kom aan die wense en reëls van die regerings.

Die praktiese waarde van hierdie vrywillige gedragskode lê dus veral in sy *voorkomende* werking. 'n Oortreding van gedragsreëls kan aan die kaak gestel word en die meeste transnasionale maatskappye is uiters begerig om 'n 'goeie beeld' van hulself te handhaaf en negatiewe publisiteit - die belangrikste 'wapen' van die Riglyne - te vermy.

Die OESO se Verklaring insake Internasionale Belegging en Multi-nasionale Ondernemings is 'n kompromisdokument wat die resultante is van die verskillende standpunte van die deelnemende state. Dit moet onthou word dat die OESO nie 'n supranasionale organisasie is nie, maar 'n tussenstaatlike - die lidlande is ook beslis nie 'n homogene groep nie. Hoewel die lidstate grondliggend baie gemeenskaplike belange het, verskil hulle ook op heelwat gebiede. Dit is in dié verband nogal insiggewend dat die dokument niks sê oor die gebruik van die transnasionale maatskappye deur regerings as buitelandse beleidsinstrumente nie (die onbedoelde regstreekse rol van die maatskappye in die internasionale politiek) waaraan die Verenigde State hom gereeld skuldig maak.

Dit is duidelik dat die optrede in die vorm van 'n Verklaring en

die nie-bindende Riglyne die OESO-state in staat gestel het om vinnig 'n oënskynlik harmoniese standpunt te bereik sonder om ingrypende - waarskynlik onoorkomelike - besluite te neem wat 'n werklike eensluidendheid sou vereis, met ander woorde sonder enige opoffering van hulle soewereiniteit. Die onus lê op die transnasionale maatskappye om die vrywillige gedragskode te implementeer, bloot omdat dit in hulle eie belang is.

Deur die formulering van die Verklaring en Riglyne het die ontwikkelde nywerheidslande vir hulself in 'n tydperk van verwarring *duidelikheid* verskaf oor die *positiewe rol* van transnasionale maatskappye in die internasionale gemeenskap en aangetoon dat die negatiewe aspekte van dié maatskappye se bedrywighede uitgeskakel kan word. Hiermee kon hulle as 'n magtige *eenheid* die res van die wêreld tegemoet tree; 'n wêreld wat sedert die vyftiger- en sestigerjare in baie opsigte van gedaante verander het.



## HOOFSTUK 5

OPTREDE BINNE DIE RAAMWERK VAN DIE VERENIGDE VOLKE  
 OM DIE BEDRYWIGHEDDE VAN TRANSNASIONALE MAATSKAPPYE  
 REGULEER GEDURENDE DIE TYDVAK 1945-1974

## 1. INLEIDEND

Die houding van die Verenigde Volke teenoor die bedrywighede van die transnasionale maatskappye is die resultaat van die standpunte van die grootste groep lidstate. Gedurende die vyftiger- en sestigerjare was die meerderheid lidstate oortuig van die heilsame uitwerking van die bedrywighede van die transnasionale maatskappye op die ekonomiese ontwikkeling. Die heersende meerderheid onder leiding van die Verenigde State het gepleit vir 'n hoë mate van internasionale ekonomiese interafhanklikheid om aldus ekonomiese en sosiale vooruitgang oor die hele wêreld te bevorder. Buitelandse regstreekse belegging is geesdriftig aangemoedig.

Geleidelik het daar egter 'n verandering gekom in die houding van die Verenigde Volke - verskeie redes kan hiervoor aangevoer word:

- die dekolonisasieproses het die samestelling van die Verenigde Volke drasties verander;
- die Verenigde State se hegemonie op politieke en ekonomiese gebied het verminder;
- die ekonomiese wêreldkrisis sedert 1971;

- die ITT-affêre in Chili.

Die tydperk van 1971 tot 1974 word beskou as die keerpunt in die houding van die Verenigde Volke; sedert dié tydperk word die Verenigde Volke oorheers deur 'n koalisie van Derde-Wêreld-state. Baie van die minder ontwikkelde state in die Derde Wêreld onderskryf - soos aangetoon in Hoofstuk 3 - die so-genaamde dependensia-model en staan derhalwe uiters wantrouend teenoor die groot transnasionale maatskappye.

Om die Verenigde Volke se optrede in perspektief te plaas, is dit op hierdie stadium belangrik om die toepaslike funksies van die twee belangrikste Verenigde Volke-organe wat hulle met transnasionale maatskappye besig hou - die Algemene Vergadering (AV) en die Ekonomiese en Maatskaplike Raad (EMR) - kortliks te beskryf.

Die Algemene Vergadering is die sentrale orgaan van die Verenigde Volke - dit bestaan uit al die (157) lidstate. Besluite word geneem in die vorm van *resolusies* deur 'n meerderheidstem. Sommige resolusies - soos die verkiesing van die lede van die Ekonomiese en Maatskaplike Raad - moet deur 'n tweederdemeerderheid geneem word. Eksterne resolusies is in die vorm van nie-bindende *aanbevelings* aan die lidstate - hulle oefen slegs morele druk uit op diegene aan wie hulle gerig is.

Die Ekonomiese en Maatskaplike Raad funksioneer onder toesig van die Algemene Vergadering. Ingevolge die Verenigde Volke se Handves staan die EMR die AV by in vraagstukke op ekonomiese, maatskaplike en tegnologiese gebied. Die Raad bestaan uit 54 lede. Besluite word deur 'n gewone meerderheid geneem in die vorm van *resolusies* wat nie-bindende *aanbevelings* is.

Hoewel stelselmatige pogings binne die raamwerk van die Verenig-

de Volke eers dateer van 1972 toe Chili die ITT-geval voor die Ekonomiese en Maatskaplike Raad gebring het, hou die Verenigde Volke hom al sedert die veertigerjare besig met die verskynsel van buitelandse regstreekse belegging.

## 2. DIE VERENIGDE VOLKE EN TRANSNASIONALE MAATSKAPPYE GEDURENDE DIE 'PAX AMERICANA'

Die Verenigde State het as die onbetwiste oorheersende ekonomiese mag in die wêreld uit die Tweede Wêreldoorlog gekom. Die Verenigde State had volgens Grewlich (1980:137) die mag om nuwe reëls te bepaal en af te dwing vir die na-oorlogse internasionale ekonomiese stelsel.

Dié ekonomiese stelsel - die sogenaamde 'Stelsel van Bretton Woods' - was gebaseer op die Amerikaanse ekonomiese teorieë van die veertigerjare en dié land se politieke hegemonie. Die twee *sleutelkonsepte* in dié internasionale ekonomiese orde was:

- die beginsel van *vaste wisselkoerse* en die dollar-standaard en
- die beginsel van *nie-diskriminasie* en *vrye handel*.

In 1945 het die Verenigde State die oprigting van 'n Internasionale Handelsorganisasie (IHO) voorgestel vir die bevordering van internasionale handel. Die Verenigde Volke se Ekonomiese en Maatskaplike Raad het hom met die voorstel vereenselwig en 'n spesiale konferensie byeengeroep om die oprigting van die IHO te bewerkstellig.

## 2.1 DIE HAVANNA-HANDVES

Van 21 November 1947 tot 24 Maart 1948 het in Havana (Kuba) 'n konferensie plaasgevind waarby goedkeuring geheg is aan die handves van die Internasionale Handelsorganisasie - die so-genaamde 'Havana-Handves' - wat onder meer reëls bevat insake buitelandse regstreekse belegging.

Volgens Grewlich (1980:118) erken die Havana-Handves die grondliggende waardes van buitelandse regstreekse belegging. Die handves was 'n poging om 'n ewewig te vind tussen die - vermeende - noodsaak om voornemende beleggers aan die een kant aan te moedig en die gewettigde aanspraak van die ontvanglende om buitelandse regstreekse belegging in 'n redelike mate te beheer - weens hulle bekommernisse oor handelsbeperkende praktyke - aan die ander kant.

Die IHO het nooit werklikheid geword nie omdat die Amerikaanse Senaat enige beperking op die bedrywighede van Amerikaanse maatskappye verwerp het en die Handves nooit bekragtig het nie. Dit sou die Verenigde State se status as *primus inter pares* in gevaar gestel het (Grewlich, 1980:137).

Weens die probleme met die Internasionale Handelsorganisasie het 23 lande 'n tydelike raamwerk daargestel vir onderhandelings oor die afskaffing van handelsbelemmerings. Sedert 1950, toe dit duidelik geword het dat die IHO onbepaald uitgestel is, het die Algemene Ooreenkoms insake Tariewe en Handel (GATT) probeer om 'n deel van die ontstane vakuum te vul deur 'n reeks *ad hoc*-ooreenkomste, "that virtually eliminated tariffs as a significant factor in world trade for most industries" (Graham, 1983: 127).

Omdat die ooreenkoms nie in die vorm van 'n verdrag gegiet was

nie, het dit nie 'n formele bekragtiging deur die Verenigde State benodig nie.

"De verenging van de ITO tot GATT had o.a. tot gevolg dat zelfs de spaarzame verwijzingen naar internasionale investeringe werden weggelaten." (Pelkmans, 1978:338.)

Die Verenigde State het die Algemene Vergadering tot 1955 volkome oorheers en dit selfs beskou as 'n nuttige buitelandse beleidsinstrument. Die feit dat die meerderheid lidstate hulle oorwegend aan die Verenigde State se kant geskaar het, word weerspieël in resolusies uit daardie tydperk.

## 2.2 DIE ALGEMENE VERGADERING EN TRANSNASIONALE MAATSKAPPYE GEDURENDE DIE VYFTIGER- EN SESTIGERJARE

Ingevolge resoluksie 824 (IX) van 11 Desember 1954 - Internasionale private kapitaalverkeer vir die ontwikkeling van onderontwikkelde lande - erken die Algemene Vergadering dat die internasionale vloei van private belegging vir produktiewe aktiwiteite bydra tot die verhoging van lewenstandaarde deur te help in die ontwikkeling van natuurlike hulpbronne, die uitbreiding en diversifikasie van landbou- en nywerheidsproduksie en die groei van tegniese vaardighede.

In die lig hiervan wek dit geensins verbasing dat die Algemene Vergadering die ontvangende aanbeveel om die beleggingsklimaat soveel moontlik te verbeter en diskriminasie teen buitelandse belegging te vermy nie. Dit is duidelik dat buitelandse regstreekse belegging gesien is as 'n pakket wat daardie insette bevat wat die ontwikkelende lande kortgekort het: kundigheid en kapitaal.

Die enigste 'wanklank' in hierdie andersins harmoniese atmos-

feer was 'n reeks resolusies in verband met die beginsel van 'permanente soewereiniteit oor natuurlike hulpbronne' sedert 1952. Die hoofdryfkrag van die eis vir permanente soewereiniteit was volgens Modelski (1977:8) om die nasionalisering van dogtermaatskappye van transnasionale maatskappye of die oordrag van eienaarskap na burgers van die ontvanglande te regverdig. Veral transnasionale maatskappye bedrywig in die natuurproduktesektor (olie en mynbou) was die kern van hierdie debat wat begin het met die Iraanse nasionalisering van sy oliebronne in 1951.

Resolusie 626 (VII) van 21 Desember 1952 bevestig dat 'die reg van volke (peoples) om hulle natuurlike rykdom en hulpbronne te gebruik en te ontgin' inherent is aan hulle soewereiniteit. Lidstate word aanbeveel om hulle te weerhou van enige handeling wat die soewereiniteit van 'n ander land aantast. Resolusie 1803 (XVII) van 14 Desember 1962 stel eksplisiet dat state geregtig is om hulle natuurlike hulpbronne te nasionaliseer. In sulke gevalle behoort daar aan die eienaar passende skadevergoeding betaal te word ooreenkomstig die reëls wat van krag is in die ontvangland en volgens die volkereg.

Gedurende die tweede helfte van die sestigerjare word die uitwerking van die dekolonisasieproses sigbaar in 'n nuwe beherende meerderheid state in die Algemene Vergadering wat amper uitsluitlik uit ontvanglande bestaan.

Resolusie 2158 (XXI) van 25 November 1966 verklaar naamlik by implikasie dat buitelandse regstreekse belegging *nie noodsaaklik tot voordeel van die ontvangland is nie* en beveel aan dat daar regeringstoedig moet wees oor die aktiwiteite van buitelandse regstreekse beleggers om te verseker dat hulle optree in die belang van die ontvangland se ontwikkeling.

"By the late 1960s, interest within the U.N. system of international investment and TNEs had become a part of the broader

issues of economic development and North-South relations."

(Grewlich, 1980:119.)

Resolusie 2158 (XXI) erken naamlik verder die reg van alle lande en veral die reg van die ontwikkelende lande om hulle aandeel in die bestuur van dogtermaatskappye en buitelandse transnasionale maatskappye te verseker en te vergroot en om 'n groter deel te hê in die voordele en winste van daardie maatskappye op 'n *regverdige* grondslag. 'n Beroep word gedoen op die tuislande om hulle te weerhou van enige handeling wat die uitoeffening van hierdie reg in die wiele kan ry. Hierdie aspek van die resoluksie is natuurlik teen die Verenigde State gerig weens sy swak rekord op hierdie gebied en 'n duidelike bewys van die veranderde magsverhouding binne die Algemene Vergadering.

### 2.3 OPSOMMEND

Gedurende die vyftigerjare is die bedrywighede van transnasionale maatskappye deur die Verenigde Volke oor die algemeen in 'n positiewe lig beskou, veral as gevolg van die Verenigde State se politieke en ekonomiese hegemonie. Die aanvanklik grootliks simboliese resoluksies insake die beginsel van 'permanente soewereiniteit oor natuurlike hulpbronne' was egter, agterna beskou, beslis die kiem van 'n ontwikkeling wat vroeg in die sewentigerjare sy bloeityd sou bereik.

Gedurende die sestigerjare het die *politieke* hegemonie van die Verenigde State geleidelik verdwyn as gevolg van die groot aantal nuwe state wat die Verenigde Volke binnegekom het en wat buitendien hoofsaaklik ontvanglande was. Daar was en is min gemeenskaplike belange tussen die ryk en magtige Verenigde State wat steeds die belangrikste tuisland vir transnasionale maatskappye is en die arm lande in die Derde Wêreld - die nuwe meerderheid en die Algemene Vergadering en gevolglik ook in die Ekonomiese en Maatskaplike Raad.

Die nuwe state het die begrip 'regverdigheid' ingevoer. Hulle het die transnasionale maatskappye nie uitsluitlik gesien as bydraende faktore in hulle ontwikkelingsproses nie, maar ook as werktuie van die Westerse nywerheidslande om die bestaande ongelykheid te kontinueer - hulle het begin pleit vir 'n 'regverdiger' verdeling van die wêreld se rykdom.

Die Verenigde State se *ekonomiese* opperheerskappy het gedurende die sestigerjare ook sy absolute karakter verloor, hoewel dié land vandag steeds die grootste ekonomiese mag in die wêreld is. Die ekonomiese 'pax americana' is formeel beëindig op 15 Augustus 1971, toe die Amerikaanse President Nixon die vrye omwisselbaarheid van die dollar - een van die pilare van die 'Stelsel van Bretton Woods' - opgeskort het.

### 3. DIE VERENIGDE VOLKE EN TRANSNASIONALE MAATSKAPPYE VAN 1971 TOT 1974

Die nuwe Amerikaanse ekonomiese beleid het gelei tot 'n monetêre krisis, wat in 1973 gevolg is deur die ergste ekonomiese krisis sedert 1945 in die Westerse nywerheidslande. Hierdie krisis word gekenmerk deur hoë inflasiekoerse, lae of negatiewe groei-koerse, betalingsbalansprobleme en buitengewoon hoë werkloosheid. Die plotselinge en belangrike verhoging van die olieprys en die opkoms van OPUL (Organisasie van Olie-produiserende en -uitvoerlande) as 'n belangrike drukgroep teen die einde van 1973 het die prentjie voltooi. Volgens Grewlich (1980:140) was daar in daardie omstandighede 'n toenemende gevaar van konflik op die gebied van internasionale regstreekse belegging, veral wanneer die ontvanglande sou probeer om 'n groter gedeelte van die voordele uit die bedrywighede van transnasionale maatskappye te bekom.

Die voorval wat die regstreekse aanleiding was tot 'n stelselmatige aandag vir die vraagstuk van transnasionale maatskappye

binne die raamwerk van die Verenigde Volke, was die optrede van die International Telephone and Telegraph Corporation (ITT) in Chili (sien hoofstuk 3). Op 28 Julie 1972 het die Ekonomiese en Maatskaplike Raad op inisiatief van die Allende-regering deur middel van resoluëie 1721 (LIII) die Sekretaris-Generaal van die Verenigde Volke versoek om 'n 'Groep Eminente Persone' aan te stel om die rol van transnasionale maatskappye en hulle uitwerking op die ontwikkelingsproses te bestudeer, veral in die ontwikkelende lande, asook hulle implikasie vir internasionale verhoudings. Die Groep moes ook aanbevelings doen oor daadwerklike optrede.

Die Groep Eminente Persone se uitgangspunt was 'n studiestuk van die Verenigde Volke se Departement van Ekonomiese en Maatskaplike Sake wat in 1973 verskyn het (Multinational Corporations in World Development). Hierdie verslag is gebaseer op 'n versameling van statistiese data en ander inligting insake transnasionale maatskappye wat naastenby die vyftiger- en sestigerjare dek.

Die studiestuk van die Verenigde Volke se belangrikheid het volgens Nixon en Yamin (1980:16) veral gelê in die feit dat vir die eerste keer 'n amptelike en gesaghebbende liggaam eksplisiet erken dat die aktiwiteite van transnasionale maatskappye 'n bron van konflik kan wees en in die besonder dat die nastreef van transnasionale maatskappye se doelwitte onverenigbaar kan wees met die ontwikkelingstrategie van die ontwikkelende lande.

"... unlike purely national firms, are the multinational firms subject to control and regulation by a single authority which can aim at ensuring a maximum degree of harmony between their operations and the public interest" (UN Department of Economic and Social Affairs, 1973:2).

Die Groep Eminente Persone het met bogenoemde studiestuk as uit-

gangspunt, hoorsittings (hearings) en samesprekings gehou van September 1973 tot Maart 1974 en sy verslag en aanbevelings het verskyn teen die middel van 1974.

### 3.1 VERSLAG EN AANBEVELINGS VAN DIE GROEP EMINENTE PERSONE

Die Verslag en Aanbevelings is 'n uiters belangrike dokument omdat dit die grondslag vorm van die stelselmatige pogings binne die raamwerk van die Verenigde Volke om die bedrywighede van transnasionale maatskappye te reguleer. Die belangrikste aanbevelings verskyn in die eerste drie hoofstukke.

In die lig van die vooringenomeheid van die nuwe meerderheid lede van die Verenigde Volke, is dit volgens Feld (1976:1503) glad nie verbasend nie dat die eerste hoofstuk handel oor die uitwerking van die transnasionale maatskappye se bedrywighede op die ontwikkelende lande van die wêreld.

Die Groep stel dat die aanvanklike voorwaardes waarvolgens transnasionale maatskappye toegang verkry tot 'n ontvangland van aansienlike belang is.

"Influenced by the *view once widely held* that developing countries should open their doors wide to foreign capital to enhance their development, many of these terms were not sufficiently carefully negotiated." (UN Department of Economic and Social Affairs, 1974:36-37.) (My kursivering.)

Volgens die Verslag het baie ontwikkelende lande gevoel dat hul le posisie in die omgang met transnasionale maatskappye swak is. Weens hulle mobiliteit kan transnasionale maatskappye daardie ontvanglande kies wat die gunstigste voorwaardes bied. Die aanvanklike ooreenkoms met die maatskappye is dus geneig om 'n groot aantal spesiale toegewings in te sluit. Later, as die

omstandighede verander (nadat die dogtermaatskappy gevestig is in die ontvangland verminder sy mobiliteit aansienlik), lyk dié toegewings oordrewe en kan die land dit nodig ag om die situasie 'reg te stel'. In sulke gevalle kan die dogtermaatskappye diskriminerend behandel of self genasionaliseer word.

"Such treatment, though it may be directed towards particular multinational corporations, inevitably creates an atmosphere of distrust which operates against the long-term interests of both host countries and corporations." (UN Department of Economic and Social Affairs, 1974:37.)

Hierdie en ander onsekerhede maak transnasionale maatskappye teensinnig om te belê in sommige ontwikkelende lande, tensy hulle vooruitsigte duidelik aantrekliker is as dié wat verwag word in ontwikkelde lande. In verband hiermee doen die Groep onder meer die volgende aanbevelings:

- Ontvangslande moet so noukeurig moontlik die *voorwaardes* uiteensit waarvolgens transnasionale maatskappye welkom is.
- Die Verenigde Volke moet sy vermoë versterk om ontvanglande (ontwikkelende lande) *by te staan* teenoor transnasionale maatskappye.
- Ontvanglande moet na verloop van tyd hulle *aanvanklike ooreenkoms* met transnasionale maatskappye kan *hersien*, asook hulle *aandeel* in dogtermaatskappye kan *ver groot*.
- Ontvanglande moet dogtermaatskappye van buitelandse maatskappye *net so behandel* as nasionale maatskappye, tensy die nasionale belang dit verhinder.

Volgens die Verslag sal streeksamewerking nie net die onderhandelingsposisie van ontwikkelende lande versterk nie, maar hulle ook help om toepaslike tegnieke te ontwikkel in die hantering van die probleme waartoe die bedrywighede van transnasionale maatskappye aanleiding kan gee.

"Where regional co-operation enlarges the market to which the multinational corporation gains access, the inducement to invest is enhanced." (UN Department of Economic and Social Affairs, 1974:42.)

Die Verslag beveel dus aan dat:

- Ontvanglande in die Derde Wêreld hulle *streeksamewerking* moet intensiveer teenoor transnasionale maatskappye.

Terwyl die meeste van hierdie aanbevelings heel redelik is en inderdaad in 'n groot mate toepaslik is vir die probleme van ontwikkeling, is die voorgestelde opleiding van personeel van die Verenigde Volke om te help in onderhandelings van ontwikkelende lande met transnasionale maatskappye beslis teenproduktief weens die toenemende bevooroordeeldheid van die Verenigde Volke se amptenarij teen transnasionale maatskappye en die vryemarkstelsel in die algemeen.

"Considering the latest trend in General Assembly deliberations, primarily orchestrated by Third World countries, such a development could further undermine the authority and legitimacy of the United Nations in the eyes of many industrialized countries and their populations." (Feld, 1976:1505.)

Die tweede hoofstuk van die verslag is gewy aan die uitwerking van transnasionale maatskappye se bedrywighede op die internasionale politiek. Die Groep se besprekings is oorheers deur die optrede van ITT in Chili.

"One of the reasons the subject of multinational corporations came to world-wide attention was the exposure of an attempt by one of the largest corporations to overthrow the elected Government of a developing country." (UN Department of Economic and Social Affairs, 1974:45.)

Ten spyte van die gebrek aan bewys om die etiket van 'politieke inmenging' te heg aan meer as 'n klein aantal transnasionale maatskappye het die Groep twee sterk aanbevelings gedoen omdat hulle nou almal verdag is:

- Ontvanglande moet streng *sanksies* instel teen daardie transnasionale maatskappye in sulke gevalle.
- Ontvanglande moet duidelik die *toelaatbare politieke aktiwiteite* van transnasionale maatskappye uiteensit om misverstande te voorkom en sanksies voorskryf vir oortredings.

Nog 'n probleem wat internasionale verhoudings raak en wat deur die Verslag erken word, is die onbedoelde regstreekse rol van transnasionale maatskappye (sien Hoofstuk 3) - dit wil sê die tuisland se gebruik van die maatskappye as buitelandse beleidsinstrument.

"As long as the fear persists that multinational corporations may be tools in the hands of Governments and that they may, for example through the supply of information and the promotion of political ideas and changes in policy orientations and Governments, the relationship between developing host countries and multinational corporations belonging to powerful countries will be uneasy." (UN Department of Economic and Social Affairs, 1974:47.)

Die Groep beveel nogal naïef aan dat tuislande (natuurlik veral die Verenigde State) hiervan moet afsien.

Volgens die Verslag is een van die mees voorkomende oorsake van hewige spanning tussen tuis- en ontvanglande die nasionalisering van dogtermaatskappye en die gevolglike wending van die betrokke transnasionale maatskappy tot die regering van sy tuisland vir beskerming. Die Verslag onderskryf die reg van state om die bate van enige maatskappy te nasionaliseer, maar beveel aan dat:

- Ontvanglande moet verseker dat die skadevergoeding redelik en toereikend is en dit moet bepaal word *ingevolge die regsproses van die ontvangland* of ooreenkomstig enige arbitrasie-reëling wat bestaan tussen die partye.

Hierdie aanbeveling is belangrik omdat dit die gevestigde volkereregtelike beginsels wat nasionalisering reël, ignoreer - veral dat die skadevergoeding 'onmiddellik' moet plaasvind.

Die Verslag erken dat dit nie maklik is om presies die grense te bepaal van wat tuislande behoort te doen om hulle burgers se belange te beskerm nie, maar beveel tog aan dat tuislande nie betrokke moet raak by sulke geskille oor skadevergoeding nie. Dit is natuurlik naïef om te verwag dat dié lande sal toekyk sonder om iets te doen.

"Domestic politics will immediately enter into such a situation and parent governments will be under pressure either directly by MNE managements or indirectly through representatives in various legislatures to do something about the takeover." (Feld, 1976:1507.)

Probleme wat internasionale verhoudings beïnvloed, ontstaan ook dikwels deur konflikte van *jurisdiksie* tussen tuis- en ontvanglande. Die probleem in dié verband is natuurlik veral die eks-territoriale werking van Amerikaanse wette.

"Thus, if the home country's legislation restricts the freedom of affiliates to export to particular countries, host countries may legitimately feel aggrieved." (UN Department of Economic and Social Affairs, 1974:50.)

Die Groep maak die volgende enigsins teenstrydige aanbevelings:

- Tuislande moet erken dat dogtermaatskappye onder die jurisdiksie van ontvanglande val, maar andersyds moet sowel tuis as ontvanglande verseker dat transnasionale maatskappye geen sanksies skend wat deur die Veiligheidsraad teen bepaalde lande ingestel is nie.

In die derde hoofstuk doen die Groep sy belangrike voorstelle hoe om sy aanbevelings te implementeer. Die Verslag voer aan dat, hoewel die primêre verantwoordelikheid om handelend op te tree berus by die individuele regerings, baie van die noodsaaklik geagte maatreëls ondoeltreffend sal wees en gedwarsboom kan word (weens die grensoorskrydende aard van transnasionale maatskappye) tensy hulle vergesel word van optrede op internasionale vlak wat samewerking en beleidsharmonisering bevorder. Met die oog hierop beveel die Verslag aan dat die Ekonomiese en Maatskaplike Raad, omdat dit volledig verteenwoordigend is van die ledetal van die Verenigde Volke, die sentrale orgaan moet wees om die aanbevelings toe te pas. Die EMR moet ten minste een keer per jaar byeenkom vir dié doel.

Opdat die EMR sy nuwe verantwoordelikhede doeltreffend kan vervul, het die Groep die instelling van 'n 'Kommissie insake Transnasionale Maatskappye' voorgestel:

- 'n Kommissie insake Transnasionale Maatskappye moet deur die Ekonomiese en Maatskaplike Raad daargestel word wat bestaan uit persone met 'n deeglike begrip van die vraagstukke.

"Under the direction of the intergovernmental body (namely, the Economic and Social Council) the commission on multinational corporations proposed here would provide a forum for airing views and discussing issues, would guide and co-ordinate the programme of work and action that is required at the international level, and would provide a basis for further measures and the evolution of institutions." (UN Department of Economic and Social Affairs, 1974:52.)

Die Kommissie moet die sentrale punt wees binne die Verenigde Volke insake vraagstukke betreffende transnasionale maatskappye; voorstelle maak vir 'n gedragskode insake transnasionale maatskappye en die moontlikheid ondersoek van 'n internasionale verdrag.

Om die beskikbaarheid van inligting insake transnasionale maatskappye te verbeter, stel die Groep ten slotte voor dat:

- 'n Inligtings- en navorsingsentrum insake transnasionale maatskappye daargestel word wat onder die gesag van die Kommissie substantiewe en administratiewe dienste lewer, inligting versamel, ontleed en versprei en navorsing onderneem.

### 3.1.1 OPSOMMEND

Die Verslag en Aanbevelings van die Groep Eminente Persone hel in die algemeen oor na die standpunte van die (ontvang)lande in die Derde Wêreld. Die aanbevelings is grootlike daarop gerig om die onderhandelingsposisie van dié lande teenoor transnasionale maatskappye te versterk deur optrede voor te stel op internasionale vlak binne die raamwerk van die Verenigde Volke.

Die belangrikste aspek van die Verslag is beslis die voorstelle vir die daarstel van permanente masjinerie binne die Verenigde Volke insake transnasionale maatskappye en die voorstel vir die

formulering van 'n gedragskode. Die voorstelle in die Verslag het die Derde-Wêreld-meerderheid 'n stewige grondslag gegee om te probeer om die gedrag van transnasionale maatskappye op 'n stelselmatige manier tot hulle voordeel te hervorm.

### 3.2 DIE SENTRUM EN DIE KOMMISSIE INSAKE TRANSNASIONALE MAATSKAPPYE

Die Ekonomiese en Maatskaplike Raad het vinnig gereageer op die Verslag van die Groep Eminente Persone en ingevolge resolusie 1908 (LVII) van 2 Augustus 1974 die Inligtings- en Navorsing-sentrum insake Transnasionale Maatskappye daargestel. Omdat die Sentrum se verantwoordelikhede vier gebiede dek, naamlik: 'n gedragskode en spesifieke ooreenkomste, inligting en tegniese samewerking, en navorsing, is egter al gou gevoel dat die oorspronklike naam van die Sentrum nie volledig sy funksies weerspieël nie. Die naam is derhalwe vereenvoudig tot 'Sentrum insake Transnasionale Maatskappye' (Anon., 1976b:8).

Op 5 Desember 1974 het die Raad ingevolge resolusie 1913 (VII) besluit om 'n Kommissie insake Transnasionale Maatskappye daar te stel as 'n adviserende liggaam in die hantering van vraagstukke insake die maatskappye. Die Kommissie hou toesig oor die Sentrum.

Die ledetal van die Kommissie (48) is saamgestel op 'n geografiese grondslag in teenstelling met 'n grondslag wat gewig gee aan state se betrokkenheid in transnasionale maatskappye se bedrywighede en gevolglik word dié liggaam natuurlik oorheers deur die koalisie van Derde-Wêreldstate.

Resolusie 1913 (LVII) bepaal verder dat elke lidstaat 'n 'hooggeplaaste deskundige' as afgevaardigde moet stuur. In die praktyk word hierdie opdrag egter nie algemeen nagevolg nie.

"Thus, the meetings of the Commission tend to become occasions for a minority of relative expert officials to confront a less expert majority that is highly attuned to political questions."

(Modelski, 1977:86.)

Die Sentrum en die Kommissie vorm sedert 1974 die kern van die Verenigde Volke se pogings om die bedrywighede van transnasionale maatskappye te reguleer onder leiding van die nuwe meerderheid van ontwikkelende lande. Hierdie pogings het 'n bykomende stukrag gekry deur die Algemene Vergadering se aanvaarding van twee resolusies insake 'n 'Nuwe Internasionale Ekonomiese Orde' in 1974 om die ineengestorte 'Stelsel van Bretton Woods' te vervang.

#### 4. DIE 'NUWE INTERNASIONALE EKONOMIESE ORDE'

Volgens resolusie 3201 (S-VI) van 1 Mei 1974 van die Algemene Vergadering - 'Verklaring insake die Daarstelling van 'n Nuwe Internasionale Ekonomiese Orde' - is dit onmoontlik om onder die bestaande internasionale orde 'n gelykmatige en ewewigtige ontwikkeling van die internasionale gemeenskap te bereik.

Die druk vir die Nuwe Internasionale Ekonomiese Orde (NIEO) het primêr gekom van die radikaalste ontwikkelende lande wat daarin geslaag het om die ander lande van die Derde Wêreld om hulle te verenig. Die hoofseise van die Verklaring is egter nie nuut nie en is al begrepe in vroeëre resolusies.

"Taken together, they do not constitute a coherent system for a 'new international economic order', but rather a list of sometimes inconsistent demands relating to development and to North-South relations without a consistent overall concept; (there are, just to mention one lacuna, no rules concerning East-West trade)." (Grewlich, 1980:141.)

Die doeleindes van die 'Nuwe Internasionale Orde' is volgens Singh (1982:2) om 'n ekonomiese klimaat te skep wat bevorderlik is vir *versnelde* sosiale en ekonomiese *ontwikkeling* in die lande van die Derde Wêreld en om die nastrewing deur hierdie lande van 'n *outonome* pad en ontwikkelingstyl wat geskik is vir die aanleg (genius) van hulle bevolking, te bevorder.

Die ooreenkomste ingevolge die 'Algemene Ooreenkoms insake Tariewe en Handel' (GATT) word as onregverdig gesien omdat dit geen rekening hou met die verskille in die vlakke van ontwikkeling tussen die ontwikkelde en ontwikkelende lande nie.

"Thus the NIEO proposals seek to shift emphasis from non-discrimination in trade policy to positive discrimination in favour of developing countries as a basic and normal feature of a restructured international trading system." (Singh, 1982:4.)

Die 'Program van Aksie insake die Daarstelling van 'n Nuwe Internasionale Ekonomiese Orde' - resoluie 3202 (S-VI) van 1 Mei 1974 - wat saam met resoluie 3201 (S-VI) gelees moet word, bekragtig in artikel V die poging om die bedrywigheede van transnasionale maatskappye te reguleer. Die doel van 'n internasionale gedragskode vir dié maatskappye moet wees:

- om *inmenging* in die binnelandse sake van ontvanglande deur transnasionale maatskappye te voorkom;
- om die aktiwiteite van transnasionale maatskappye te reguleer, om *handelsbeperkende praktyke* te voorkom en om *konformiteit* van hierdie aktiwiteite met nasionale ontwikkelingsplanne te verseker;
- om doeltreffend te wees, moet die gedragskode ook handel met die oordrag van tegnologie, asook met die vraagstukke van winste en herbelegging.

Hierdie twee resolusies kan volgens Modelski (1977:84) beskou word as die volledigste en algemeenste uitdrukking van die ideologiese konsensus van die nuwe heersende koalisie binne die Verenigde Volke.

Die 'Handves van Ekonomiese Regte en Pligte van State' - resolu-sie 3281 (XXIX) van 12 Desember 1974 - is 'n metgesel van die NIEO-resolusies. Ingevolge die aanhef is dit bedoel as 'n 'doel-treffende instrument vir die daarstelling van 'n nuwe stelsel van internasionale ekonomiese verhoudings, gebaseer op regverdigheid, soewereine gelykheid en interafhanklikheid van die belange van ontwikkelde en ontwikkelende lande'.

Die 'Handves' verwys in Hoofstuk II na die vraagstuk van trans-nasionale maatskappye. In artikel 2.1 word die reg van state van soewereiniteit oor hulpbronne herbevestig. Volgens artikel 2.2a en 2.2b het elke staat die reg om die bedrywighede van trans-nasionale maatskappye binne sy jurisdiksie te reguleer. Trans-nasionale maatskappye mag ook nie inmeng in die binnelandse sake van 'n ontvangland nie. State het die reg om buitelandse eien-dom te nasionaliseer, maar artikel 2.2c ontken egter die bestaan van gevestigde volkeregtelike beginsel wat skadevergoeding in sulke gevalle reël, en dit verwys - net soos die Verslag van die Groep Eminente Persone - uitsluitlik na die wetgewing van die betrokke ontvangland vir arbitrasie.

Die Verklaring en die Program van Aksie is deur die Algemene Ver-gadering sonder formele stemming aanvaar op grond van die feit dat hierdie resolusies *nie-bindende aanbevelings* verteenwoordig. Die Handves van Ekonomiese Regte en Pligte van State was volgens Grewlich (1980:145) daarenteen 'n poging om die voorgestelde 'Nu-we Internasionale Ekonomiese Orde' te omskep in 'n formele *wetlik-bindende* stelsel van ekonomiese regte en pligte van state. Ses lidstate van die Organisasie vir Ekonomiese Samewerking en Ont-wikkeling (België, Brittanje, Denemarke, Wes-Duitsland, Luxem-burg en die Verenigde State) het teen die aanvaarding van die

Handves gestem, terwyl 9 OESO-lede (Kanada, Frankryk, Ierland, Italië, Japan, Nederland, Noorweë, Oostenryk en Spanje) buite stemming gebly het.

"This rejection of the Charter by OECD nations, the TNEs and business enterprises of which control more than 70 per cent of the world market, has resulted in poor chances for the early realization of the 'new international economic order' in international economic relations ..." (Grewlich, 1980:145.)

Hierdie gebrek aan eenstemmigheid oor die daarstelling van 'n nuwe internasionale ekonomiese stelsel (en die rol van transnasionale maatskappye daarin) plaas die pogings om die aktiwiteite van transnasionale maatskappye binne die raamwerk van die Verenigde Volke te reguleer natuurlik op 'n wankelrige grondslag.

## 5. TEN SLOTTE

Soos aangetoon in hierdie hoofstuk het die houding van die Verenigde Volke teenoor die bedrywighede van transnasionale maatskappye gedurende die tydperk van 1945 tot 1974 aansienlik verander as gevolg van die gewysigde magsverhouding binne die wêreldorganisasie.

Die Verenigde State was die oorheersende ekonomiese en politieke mag na die Tweede Wêreldoorlog. Kommer deur sommige state oor handelsbeperkende praktyke van sommige groot maatskappye gedurende die veertigerjare is deur die Verenigde State van die hand gewys en die gevolglike mislukking van die Internasionale Handelsorganisasie het 'n vroeë reguleringspoging van transnasionale maatskappye binne die raamwerk van die Verenigde Volke in die wiele gery. Die Algemene Ooreenkoms insake Tariewe en Handel (GATT) het die weg gebaan vir die enorme groei van die maatskappye deur tradisionele handelsbeperkings in 'n groot mate

geleidelik uit die weg te ruim, terwyl die Verenigde State vir die nodige politieke stabiliteit gesorg het.

Die grootliks simboliese resolusies van die Algemene Vergadering insake die permanente soewereiniteit oor natuurlike hulpbronne was die enigste dissonant in dié tydvak. Dit raak transnasionale maatskappye in die natuurproduktesektor. Dié maatskappye is geneig om die grootste mate van wantroue by regerings en bevolkings van ontvanglande teweeg te bring. Dit roep beelde op van 'n land wat gestroop is van sy natuurlike hulpbronne, terwyl die winste na die buiteland verdwyn het. Die meerderheid lede van die Verenigde Volke het die transnasionale maatskappye se bedrywighede egter oor die algemeen gesien as essensieel vir volgehoue vooruitgang en dit aangemoedig.

Die geleidelike vermindering van die Amerikaanse politieke en ekonomiese hegemonie en die instroming van nuwe lidstate gedurende die sestigerjare, wat amper uitsluitlik ontvanglande is, het 'n nuwe heersende koalisie binne die Verenigde Volke teweeggebring wat in 'n groot mate die negatiewe aspekte van transnasionale maatskappye benadruk het. Die Verslag van die Groep Eminente Persone het die nuwe meerderheid 'n stewige grondslag gegee vir 'n stelselmatige poging om die aktiwiteite van die maatskappye te reguleer.

Die ineenstorting van die 'Stelsel van Bretton Woods' in 1971, die daaropvolgende ekonomiese krisis van die nywerheidslande, die opkoms van OPUL en die drastiese styging van oliepryse, het by die Derde-Wêreldlande die oortuiging laat posvat dat die ontwikkelde lande bereid sou wees om in te stem tot 'n nuwe internasionale stelsel met 'regverdiger' reëls vir die verdeling van rykdom oor die wêreld. 'n Omvattende gedragskode vir transnasionale maatskappye word voorgestel om te verseker dat dié maatskappye 'n positiewe rol vervul in die totstandbringings van die nuwe stelsel.

Die ontwikkelde nywerheidslande het inderdaad aanvaar dat 'n nuwe internasionale stelsel sinvol kan wees, maar geweier om hulle te onderwerp aan 'n afdwingbare stelsel wat ten dienste staan van die Derde Wêreld.

Die reguleringsmasjinerie binne die Verenigde Volke is dus in werking gestel sonder eenstemmigheid oor die aard van 'n nuwe internasionale ekonomiese stelsel en die rol wat transnasionale maatskappye daarin mag of moet vervul.



## HOOFSTUK 6

OPTREDE BINNE DIE RAAMWERK VAN DIE VERENIGDE VOLKE OM  
DIE BEDRYWIGHEDDE VAN TRANSNASIONALE MAATSKAPPYE TE  
REGULEER GEDURENDE DIE TYDVAK SEDERT 1974

## 1. INLEIDEND

Soos in die vorige hoofstuk aangetoon, het die verwerping van die 'Handves insake Ekonomiese Regte en Pligte van State' in 1974 deur die belangrikste lidlande van die Organisasie vir Ekonomiese Samewerking en Ontwikkeling 'n spoedige verwesenliking van die voorgestelde 'Nuwe Internasionale Ekonomiese Orde' onwaarskynlik gemaak. Die OESO-lande was na 'n aanvanklike verwarring ook sedert 1974 in staat om die energie- en ekonomiese krisis met 'n redelike mate van welslae te hanteer en die nywerheidslande staan vandag blykbaar onder minder druk om hervormings te steun.

Die aanvanklike doelwit van die pogings om die bedrywighede van transnasionale maatskappye binne die raamwerk van die Verenigde Volke te reguleer, was om te verseker dat dié maatskappye 'n positiewe rol vervul in die totstandkoming van die nuwe stelsel. As gevolg van die teenkanting van die OESO-lande is die onmiddellike doelwit heelwat beperkter, naamlik 'n poging om binne die bestaande internasionale stelsel - veral vir die lande van die Derde Wêreld - die beste uit die aktiwiteite van di-transnasionale maatskappye te haal. Dit is die wese van die reguleringspoging binne die Verenigde Volke. Die huidige stelsel moet dus verdraagbaarder gemaak word en die aandeel van die meerderheid lidstate van die Verenigde Volke - die ontwikkelende lande - in die voordele uit die bedrywighede van die maatskappye moet vergroot word.

Die Verenigde Volke se Kommissie insake Transnasionale Maatskappye wat deur die Ekonomiese en Maatskaplike Raad ingevolge resoluksie 1913 (LVII) daargestel is as 'n raadgevende liggaam, het gedurende sy eerste sitting in Maart 1975 besluit om onder sy take voorrang te gee aan die formulering van 'n *gedragskode* insake transnasionale maatskappye.

## 2. KOMMISSIE INSAKE TRANSNASIONALE MAATSKAPPYE

Die Kommissie se besluit om die hoogste prioriteit te gee aan die formulering van 'n gedragskode moet in verband gebring word met die doelwit om "*doeltreffende internasionale afsprake te bereik vir die bedrywighede van transnasionale maatskappye, wat ontwerp is om hulle bydrae tot nasionale ontwikkelingsdoelwitte en internasionale ekonomiese groei te bevorder, terwyl hulle negatiewe effekte beheer en uitgeskakel word*" (UN Economic and Social Council, 1976:2) (my kursivering).

Hierdie formulering maak dit duidelik dat die maatstaf vir die onderskeiding tussen positiewe en negatiewe uitwerking in die praktyk bepaal moet word deur die *nasionale* regerings.

"In more general terms, the central purpose of the code of conduct is to ensure and perfect *national control* over TNC activities and to induce TNCs to enhance their contribution to *national development goals*." (Fatouros, 1980:105.) (My kursivering.)

Die grondliggende uitgangspunt is dat 'n doeltreffende onderwerpings van transnasionale maatskappye aan nasionale beleid die ekonomiese ontwikkeling van die ontvangland sal bevorder en daarmee internasionale ekonomiese ontwikkeling. Die toepaslike *internasionale* beleid is dan om *nasionale state* toe te laat om hulle *nasionale* ontwikkelingsdoelwitte te bepaal. Die voorgestelde gedragskode insake transnasionale maatskappye moet gesien word as 'n antwoord op 'n uittarting van daardie beleid deur

private, beperkte belange wat teen oor die algemene belang staan, "... however imperfectly the latter maybe represented by existing governments" (Fatouros, 1980:106). Die uittarting bestaan uit die vermoë en bereidheid van private eenhede - transnasionale maatskappye - om nasionale beleid te ontwyk en te neutraliseer.

Ingevolge resolusie 1913 (LVII) van die Ekonomiese en Maatskaplike Raad (EMR) het die Kommissie insake Transnasionale Maatskappye op sy tweede sitting in 1976 besluit om 'n Interregeringswerkgroep insake 'n Gedragskode daar te stel om tussen die sittings van die van die Kommissie te werk aan die formulering van 'n gedragskode.

## 2.1 INTERREGERINGSWERKGROEP INSAKE 'N GEDRAGSKODE

Die Werkgroep het in 1977 begin met die formulering van die gedragskode en het reëlmatig twee of drie keer per jaar byeengekom gedurende die tydperk tot 1982.

Die Interregeringswerkgroep is - net soos die Kommissie insake Transnasionale Maatskappye - saamgestel uit 48 lede wat soos volg gekies is deur die EMR op 'n geografiese grondslag: 12 uit Afrika, 11 uit Asië, 10 uit Latyns-Amerika, 10 uit 'Wes-Europa en ander state' en 5 uit Oos-Europa. Dit is duidelik dat die nuwe meerderheid gevorm deur die ontwikkelende state ook hier 'n gerieflike meerderheid besit het. Onder die ontwikkelde lande was al die belangrike tuislande van die groot transnasionale maatskappye (Brittanje, Kanada, Frankryk, Wes-Duitsland, Japan, Nederland, Swede en die Verenigde State) lid sedert die stigting van die Werkgroep. Die voorsitter van die Werkgroep was mnr. Sten Niklasson van Swede (Anon., 1981a:6).

Die Werkgroep het uit die staanspoor besluit om sy taak stap

vir stap te hanteer. Dit het gelei tot 'n 'omtreksskets' wat vervolgens van aantekeninge voorsien is oor die vraagstukke wat ingesluit moes word. Die besprekings het gelei tot die uitkenning van sogenaamde *sleutelvraagstukke*. Die sleutelvraagstukke is verder bespreek en die elemente wat uitgekies is, het die status van *gemeenskaplike element* gekry. Die voorsitter het vervolgens 'n voorlopige poging aangewend om 'n teks te formuleer op grond van die gemeenskaplike elemente (Anon., 1981a:6).

Die sentrale feit is volgens Fatouros (1980:109) dat die onderhandelings in die Werkgroep gevoer is op die grondslag van 'n *enkele ontwerpteks*, waarvan die opeenvolgende bewerkings voorberei is deur die Sentrum insake Transnasionale Maatskappye en die voorsitter van die Werkgroep.

Die Werkgroep het deurgaans probeer om 'n hoë mate van *konsensus* te bereik in die formulering van die kode, eerder as om op formele stemming te vertrou. Hierdie gebruik in die teks waar daar, ondanks langdurige besprekings, geen eenstemmigheid bereik kon word nie. Hierdie metode was onontbeerlik weens die onenigheid oor die *wetlike aard* van die voorgestelde gedragskode. Indien aan die begin ooreengekom is om die kode wetlik-bindend te maak, sou die state geregtig gevoel het om aan te dring op 'n breë en algemene bewoording, om veral onbedoelde effekte te voorkom. Indien daar egter aan die ander kant ooreengekom is tot 'n nie-bindende instrument sou daar geen rede wees om nie 'n hoogs gespesifiseerde teks te ontwerp nie.

"The trouble is that, in the meantime, the code is being negotiated as if it were going to be binding; neither side being willing to risk itself with a strictly drafted binding code, broad and nonrestrictive language is favoured." (Fatouros, 1980:123.)

Nog 'n belangrike onenigheid wat gedurende die vroë besprekinge van die Werkgroep aan die lig gekom het, was volgens Asante (1979:57) of die kode uitsluitend gerig moet word aan transnasionale maatskappye of dat dit ook die behandeling van die maatskappye deur regerings moet insluit. Die lidlande van die Organisasie vir Ekonomiese Samewerking en Ontwikkeling kon hulle eis om die kode nie net aan die transnasionale maatskappye te rig nie, maar ook die verantwoordelikhede van die ontvangende te omskryf ten slotte deurvoer. Hierdie wetslae van die ontwikkelde lande was te danke aan 'n onverwagte afnemende belangstelling van die ontwikkelende lande direk na die stigting van die Werkgroep.

Die verminderde belangstelling was hoofsaaklik die gevolg van die mislukking van die tenuitvoerlegging van die 'Nuwe Internasionale Ekonomiese Orde', waarvan die regulering van die transnasionale maatskappye deur middel van 'n gedragskode aanvanklik 'n onderdeel was. Die afnemende belangstelling van die Derde Wêreld is volgens Sauvart (1980:149) ook gedeeltelik herleibaar na regeringswisselings in verskeie ontwikkelende lande, waarna 'n reeks aktivistiese regerings (soos Mexiko en Peru) nie meer aan die besprekings deelgeneem het nie.

Die Interregeringswerkgroep het sy besprekings met die afsluiting van sy sewentiende sitting op 21 Mei 1982 formeel beëindig met die voorlegging van 'n ontwerp-gedragskode aan die Kommissie insake Transnasionale Maatskappye.

### 3. ONTWERP-GEDRAGSKODE INSAKE TRANSNASIONALE MAATSKAPPYE

Die Interregeringswerkgroep kon nie daarin slaag om eenstemmigheid oor al die bepalings van die gedragskode te bereik nie. Die ontwerp-gedragskode wat die Werkgroep in 1982 aangebied het, bestaan - behalwe die uitgestelde hoofstuk 'Aanhef en Doelwitte' - uit vyf hoofstukke. Heelwat van die bepalings staan

egter nog tussen hakies weens die voortdurende meningsverskille tussen veral die ontwikkelde en die ontwikkelende lande.

In die geheel bied die ontwerp-gedragkode volgens Krüger (1982a: 140) nog 'n onewewigtige beeld. Terwyl in die gedeelte van die kode wat hom besig hou met die bedrywighede van die transnasionale maatskappye betreklik baie vraagstukke tot 'n oplossing gebring is, geld dit beslis nie vir die hoofstuk oor die behandeling van die maatskappye deur die ontvanglande nie.

"Hier sind wichtige Anliegen der westlichen Industrieländer bisher nicht hinreichend abgedeckt." (Krüger, 1982a:140.)

Die Verenigde Volke se ontwerp-gedragkode bestaan uit die volgende hoofstukke: 'Aanhef en doelwitte', 'Definisies en omvang van toepassing', 'Aktiwiteite van Transnasionale Maatskappye', 'Behandeling van Transnasionale Maatskappye', 'Interregeringsamewerking' en 'Tenuitvoerlegging van die Gedragkode'.

### 3.1 INHOUD VAN DIE ONTWERP-GEDRAGSKODE

#### *HOOFSTUK I: Aanhef en doelwitte*

Dit wek geen verbasing dat daar geen teks onder hierdie hoofstuk verskyn nie. Hierdie hoofstuk sal slegs geformuleer kan word sodra eenstemmigheid oor die res van die gedragkode bereik word. Soos egter deur Fatouros (1980:105) aangetoon, is die hoofdoelwit van die gedragkode vandag om nasionale beheer oor die aktiwiteite van transnasionale maatskappye te verbeter en om dié maatskappye se bydrae tot nasionale ontwikkelingsdoelwitte te vergroot. Op hierdie grondslag het die Interregeringswerkgroep sy besprekings gevoer.

HOOFSTUK II: *Definisies en omvang van toepassing*

Twee definisies van transnasionale maatskappye verskyn in hierdie hoofstuk; die probleem lê in die feit dat die Kommunistiese lande volhou dat hulle glad nie transnasionale maatskappye in hulle stelsels het nie, omdat hierdie verskynsel 'n tipiese produk is van die Kapitalistiese lande.

"This argumentation makes it very easy for them to support most of the demands of the developing countries." (Scheele, 1979:276.)

Die lidlande van die OESO beweer daarenteen dat maatskappye wat volledig of gedeeltelik besit is van state ook deur die gedragskode gedek moet word. Die Kommunistiese state het tot dusver enige idee van die hand gewys wat staatsmaatskappye met dogtermaatskappye in die buiteland beskou as transnasionale maatskappye. Volgens Sauvart (1980:143) wil dié state daarmee dit bereik dat die gedragskode *per definisie* nie toegepas kan word op maatskappye wat hulle hoofkantoor in die Kommunistiese lande het nie, met ander woorde dat die totale problematiek van die transnasionale maatskappye beperk bly tot lande met mark-ekonomieë. Die OESO-lande wys die Kommunistiese standpunt uitdruklik van die hand en die ontwikkelende lande neig in hierdie geskil na die standpunt van die Westerse nywerheidslande.

Die definisie van 'n transnasionale maatskappy waaraan die nie-Kommunistiese lande die voorkeur gee, verskyn in paragraaf 1(a): "Die term 'transnasionale maatskappy' soos gebruik in hierdie Kode beteken 'n onderneming in hetsy *staats-, private of gemengde eiendom* wat bestaan uit eenhede in twee of meer lande, ongeag die regs-kundige vorm en gebied van aktiwiteit van dié eenhede, wat werk onder 'n besluitnemingstelsel, wat 'n samehangende beleid en 'n gemeenskaplike strategie toelaat deur een of meer besluitnemingsentrums, waarin die eenhede so verbind is deur eiensaarskap of op 'n ander manier, dat een of meer van hulle (in staat kan wees om) 'n betekenisvolle invloed

oor die aktiwiteite van die ander uit te oefen, in die besonder om kennis, hulpbronne en verantwoordelikhede met die ander te deel."

Die sleutelbegrip in die definisie is 'om 'n betekenisvolle invloed uit te oefen'. In die alternatiewe definisie is die eksplisiete verwysing na ondernemings in staats-, private en gemengde eiendom weggelaat, terwyl dié definisie andersins presies dieselfde is.

Die 'omvang en toepassing' is natuurlik regstreeks gekoppel aan die definisie en sal slegs bepaal kan word nadat ooreenstemming oor die definisie bereik is.

Die derde hoofstuk vorm die kern van die gedragskode. Dit is ook die langste hoofstuk - veertig paragrawe behandel die bedrywighede van die transnasionale maatskappye.

### *HOOFTUK III: Bedrywighede van Transnasionale Maatskappye*

Hierdie belangrike hoofstuk is verdeel in drie afdelings met die opskrifte: 'Algemeen en politiek', 'Ekonomies, finansieel en sosiaal' en 'Openbaarmaking van inligting'.

#### *\* Algemeen en politiek*

Onder hierdie opskrif verskyn hoofsaaklik *beginsels*. Dit handel volgens Fatouros (1980:110) met 'die pligte van transnasionale maatskappye as goeie burgers' van die lande waar hulle bedrywig is, soos agting vir die soewereiniteit, gehoorsaamheid aan wette en reëls, agting vir menseregte en nie-inmenging in die politieke aangeleenthede van die ontvanglande.

Transnasionale maatskappye moet die nasionale soewereiniteit van die lande waar hulle werksaam is, asook die reg van elke staat van permanente soewereiniteit oor sy natuurlike hulpbronne respekteer (paragraaf 6).

"These provisions are reminiscent of the various United Nations resolutions on permanent sovereignty and, to some extent, the New International Economic Order." (Asante, 1979:59.)

Dit word verder van transnasionale maatskappye verwag om die ekonomiese beleid en ontwikkelingsdoelwitte van die lande waar hulle werksaam is, te eerbiedig en 'n *positiewe bydrae* te lewer tot die verwesenliking van dié doelwitte (paragraaf 9).

Transnasionale maatskappye moet ook die sosiale en kulturele doelwitte van die lande waar hulle bedrywig is, eerbiedig. Terwyl ekonomiese en tegnologiese ontwikkeling normaalweg vergesel word van sosiale verandering, moet transnasionale maatskappye praktyke, produkte of dienste vermy wat enige nadelige invloed het op kulturele patrone en sosio-kulturele doelwitte soos bepaal deur regerings (paragraaf 12). Na hierdie vae bepalings volg - soos gebruiklik in dokumente van die Verenigde Volke - ook hier 'n anti-Suid-Afrikaanse paragraaf. Geen eenstemmigheid kon egter bereik word oor die formulering of selfs die insluiting daarvan nie en die hele paragraaf verskyn tussen hakies.

Dit is nogal ironies dat die volgende paragraaf verkondig dat transnasionale maatskappye nie moet inmeng in die binnelandse aangeleenthede van die lande waar hulle werksaam is nie.

"Transnational corporations should act as good corporate citizens and abstain from activities of a political nature clearly inconsistent with domestic legislation or established practice in such countries." (Asante, 1979:60.)

Transnasionale maatskappye moet ten slotte ook nie inmeng in interregeringsverhoudings nie en hulle weerhou van korrupte praktyke.

\* *Ekonomies, finansieel en sosiaal*

Hierdie afdeling behandel nie net 'n groot aantal onderwerpe nie, dit dek ook verskeie aspekte van elke onderwerp. Terwyl die eerste afdeling net verwys na transnasionale maatskappye, sonder om te onderskei tussen hulle eenhede, rig die bepalings in hierdie afdeling hulle op vraagstukke soos maatskappystruktuur, intra-maatskappyaktiwiteite en die magstoewysing tussen die eenhede van dié maatskappye.

Die volgende onderwerpe word in hierdie afdeling behande: 'Eienaarskap en beheer', 'Betalingsbalans en finansiering', 'Belasting', 'Mededinging en handelsbeperkende praktyke', 'Oordrag van tegnologie' en 'Verbruikers- en omgewingsbeskerming'.

Transnasionale maatskappye moet hulle besluitnemingsmag sodanig toewys aan hulle eenhede dat daardie eenhede kan *bydra* tot die ekonomiese en sosiale *ontwikkeling* van die lande waar hulle werksaam is (paragraaf 21).

Onder die opskrif 'Betalingsbalans en finansiering' verskyn 'n groot aantal bepalings wat die transnasionale maatskappye in die algemeen op die hart druk om *saam te werk* met regerings om nasionale doelwitte in dié verband te verwesenlik.

Transnasionale maatskappye moet ten opsigte van intra-maatskappytranskasies geen prysbeleid voer wat nie gebaseer is op toepaslike markpryse nie. Dit blyk egter dat dit nie soseer die sogenaamde 'verrekenpryse' (transfer pricing) as sodanig is wat

veroordeel word nie, maar die gebruik daarvan vir onbehoorlike doeleindes.

"It would seem that the code accepts that intracorporate (i.e. intrafirm) transactions inherently differ from transactions between unrelated partners; these differences cannot or should not be eliminated but their abuse should be curbed."  
(Fatouros, 1980:112.)

Wat 'Mededinging en handelsbeperkende praktyke' betref, moet transnasionale maatskappye hulle onder meer weerhou van sodanige praktyke wat internasionale handel nadeling beïnvloed, veral dié van ontwikkelende lande en die ekonomiese ontwikkeling van daardie lande (paragraaf 35b). Geen eenstemmigheid oor die teks onder hierdie opskrif kon egter ook hier bereik word nie.

Oor die teks insake die omstrede onderwerp 'Oordrag van tegnologie' kon die Interregeringswerkgroep geen konsensus bereik nie weens die uiteenlopende standpunte van die ontwikkelde en die ontwikkelende state. Baie van die groot Westerse transnasionale maatskappye se bestaan is immers gebaseer op die besit van gevorderde tegnologie wat dikwels teen hoë koste ontwikkel is. Sommige van die maatskappye sal dan ook eerder onttrek aan 'n ontvangland as om toe te gee aan eise vir die oordrag van sulke tegnologie.

Ten slotte verskyn daar in hierdie afdeling uitgebreide bepalinge in verband met die minder omstrede onderwerpe van verbruikers- en omgewingsbeskerming.

\* *Openbaarmaking van inligting*

Transnasionale maatskappye se verpligting om inligting te open=

baar, vorm 'n belangrike deel van die gedragskode. Die bepalinge op dié gebied gaan volgens Asante (1979:62) heelwat verder as die vereistes in die nasionale wetgewing in baie lande.

Transnasionale maatskappye moet onder meer aan die publiek van die lande waar hulle bedrywig is - deur toepaslike kommunikasie-mediums - duidelike, volledige en verstaanbare inligting openbaar maak oor die struktuur, beleid en aktiwiteite van die maatskappye as geheel.

"Like the corresponding provisions in the OECD Guidelines ... these paragraphs of the code of conduct show promise of being among the most immediately useful." (Fatouros, 1980:113.)

Die vierde hoofstuk bevat in wese die 'teenprestasies' van die ontvanglande; dit is die teenhanger van die OESO-Verklaring insake Internasionale Belegging en Multinasionale Ondernemings.

#### *HOOFSTUK IV: Behandeling van Transnasionale Maatskappye*

Die vierde hoofstuk van die Verenigde Volke se Ontwerp-gedragskode insake Transnasionale Maatskappye handel oor die beginsels of vraagstukke van die behandeling van transnasionale maatskappye deur veral die ontvanglande. Drie breë opskrifte dek hierdie aspek: 'Algemene behandeling van Transnasionale Maatskappye deur die lande waar hulle werkzaam is', 'Nasionalisering en skadevergoeding' en 'Jurisdiksie'. Dit wek geensins verbasing nie dat die paragrawe onder die laaste twee opskrifte geheel en al tussen hakies staan. Belangrike meningsverskille het reeds by die Algemene Vergadering se resoluëie insake die 'Handves insake ekonomiese regte en pligte van state' in 1971 tussen die belangrikste OESO-lande en die Derde Wêreld aan die lig gekom. Dit is waarskynlik die mees omstrede aspek van die gedragskode.

Die hoofstuk begin met 'n paragraaf wat die regte van state on-dubbelsinnig uiteensit, naamlik: 'State het die reg om die binnekoms en oprigting van transnasionale maatskappye te reguleer, insluitend die bepaling van die rol wat sulke maatskappye kan vervul in die ekonomiese en sosiale ontwikkeling en om die mate van hulle aanwesigheid in spesifieke sektore te beperk of te verbied' (paragraaf 47).

"After this gesture to host countries, the draft turns to stating what states (chiefly, host countries) should or should not do." (Fatouros, 1980:115.)

Die paragrawe word egter gekenmerk deur dubbelsinnigheid wat versterk word deur die woord 'behoort' (should). Dit is onduidelik of dit hier gaan om verpligtinge of bloot om standarde wat aanbeveel word.

Transnasionale maatskappye behoort onder meer 'n *regverdige* behandeling te kry ingevolge die wette en reëls van die lande waar hulle werksaam is (paragraaf 48). 'n Uiteers belangrike bepaling verskyn in die volgende paragraaf. Hoewel daar geen konsensus oor die bewoording bereik is nie en ondanks sekere voorbehoude, word hier die beginsel van '*nasionale behandeling*' vasgelê, wat 'n betekenisvolle toewyding is van die ontwikkelende lande.

Geen eenstemmigheid kon verkry word oor die teks onder die volgende opskrif 'Nasionalisering en skadevergoeding' nie, as gevolg van die vroeër genoemde geskille oor volkeregtelike reëls insake die skadevergoeding by nasionalisering. Hierdie beginsels is vir die Westerse nywerheidslande nie onderhandelbaar nie.

Die besonder ingewikkelde onderwerp 'Jurisdiksie' het ook konsensus vrygespring en verskeie alternatiewe tekste verskyn on-

der dié opskrif. Dit is 'n sleutelvraagstuk omdat doeltreffende maatreëls om transnasionale maatskappye te reguleer regstreeks verband hou met vraagstukke van jurisdiksie, veral tussen ontvang- en tuislande.

Soos in Hoofstuk 3 aangetoon, word die Verenigde State beskou as die grootste boosdoener op dié gebied, wat dikwels probeer om sy jurisdiksie uit te brei na ander state deur buitelandse dogtermaatskappye van Amerikaanse transnasionale maatskappye te verbied om handel te dryf met sekere lande. Hierdie Amerikaanse optrede kan selfs lei tot ernstige geskille tussen die ontwikkelde lande.

In die vyfde hoofstuk aanvaar die Ontwerp-gedragskode dat interregeringsamewerking essensieel is vir die verwesenliking van die doelwitte - wat hulle ook al uiteindelik gaan wees - van die kode.

#### *HOOFTUK V: Interregeringsamewerking*

Interregeringsamewerking moet daargestel en versterk word met die oog op die bevordering van die bydrae van transnasionale maatskappye tot veral die ontwikkelende lande se ontwikkelingsdoelwitte, terwyl die maatskappye se negatiewe effek beheer en uitgeskakel word (paragraaf 60). Die bedoeling is dat hierdie paragraaf uiteindelik verskuif word na die eerste hoofstuk (Aanhef & doelwitte).

Nog 'n belangrike bepaling verskyn in paragraaf 64. State behoort nie transnasionale maatskappye te gebruik as instrumente vir inmenging in die interne of eksterne sake van ander state nie (onbedoelde regstreekse rol van transnasionale maatskappye). Regeringsoptrede namens 'n transnasionale maatskappy wat in 'n ander land werkzaam is, moet onderwerp wees aan die beginsel dat

geen dwangmaatreëls teen so 'n land geneem mag word nie wat in stryd is met die Handves van die Verenigde Volke (paragraaf 65).

Die laaste hoofstuk behels die tenuitvoerlegging van die Gedragskode.

*HOOFSTUK VI: Tenuitvoerlegging van die Gedragskode*

Drie opskrifte verskyn in hierdie gedeelte, naamlik: 'Optrede op die nasionale vlak', 'Internasionale institusionele masjinerie' en 'Beoordelingsprosedure'.

Weens die tussenstaatlike aard van die Verenigde Volke lê die onus op die individuele state om die tenuitvoerlegging en die bevordering van die Gedragskode te verseker. Die state moet onder meer:

- die Gedragskode bekendstel en versprei;
- die tenuitvoerlegging van die kode binne hulle gebiede opvolg;
- verslag doen aan die Verenigde Volke se Kommissie insake Transnasionale Maatskappye oor die nasionale optrede om die kode te bevorder en oor die ervaring wat verkry is met die tenuitvoerlegging en
- stappe doen om uiting te gee aan hulle steun vir die kode en om die doelwitte van die kode in aanmerking te neem by die opstel en hersiening van wette en reëls.

Die Kommissie insake Transnasionale Maatskappye sal die funksies van die internasionale masjinerie vir die tenuitvoerlegging van die kode op hom neem. Geen voorsiening word egter gemaak vir die formele arbitrasie van geskille nie. Volgens Fatouros (1980:122) sou die insluiting van sulke meganismes bepaalde voordele hê, naamlik dat state 'n keuse sou hê: òf informele besprekings met die oog op 'opheldering' òf formele prosedures vir die skikking van geskille.

"But even in the absence of a provision to that effect in the code, formal procedures for dispute settlement, on the interstate level, are easily available for willing parties."

(Fatouros, 1980:122.)

Dit spreek amper vanself dat die voorsiening insake die beoordeling en moontlike hersiening van die Gedragskode noodsaaklik is. Ingevolge paragraaf 71 sal die Kommissie aanbevelings doen aan die Algemene Vergadering vir die doel van die beoordeling van die kode.

### 3.2 BELANGRIKSTE HAAKPLEKKE

#### \* *Definiëring van transnasionale maatskappye*

'n Belangrike hindernis vir die Interregeringswerkgroep was die onenigheid oor die definisie van die term transnasionale maatskappy; dit is beslis nie 'n tegniese of regs-kundige probleem nie, maar 'n suiwer politieke geskil. Die uiteindelijke twee alternatiewe definisies wat die Werkgroep geformuleer het, is geen noukeurige, regsgeldige definisies nie. Hulle lye verrassend soos die definisie wat in die OESO-Riglyne verskyn. Die sleutelvraagstuk bly egter steeds of transnasionale maatskappye uit die Kommunistiese lande ingesluit moet word. Hierdie insluiting is vir die Westerse nywerheidslande vanselfsprekend en inderdaad 'n vereiste.

Die oplossing van hierdie vraagstuk hang natuurlik ten nouste saam met die wetlike status van die Gedragskode.

\* *Wetlike status van die Gedragskode*

Aan die kant van die nywerheidslande neem die belangrikste state - veral die Verenigde State - 'n kragtige en onbuigsame houding in teen enige element in die kode en sy tenuitvoerlegging wat dit doeltreffend sal maak.

"They are working for a text which, in its substantive provisions, either will reflect the positions and interests of the developed countries or, at the very least will in no way change existing conditions." (Fatouros, 1980:124.)

Soos aangetoon, het hierdie meningsverskil 'n uitwerking op die teks gehad, dit is in breë en algemene bewoording geformuleer.

Nog 'n baie belangrike haakplek is die vraagstuk van nasionalisering of eintlik die manier van arbitrasie in geskille oor skadevergoeding.

\* *Nasionalisering en skadevergoeding*

Nog 'n belangrike vraagstuk is die vermeende beperking van die nasionale regte van die ontwikkelende lande deur die gewoonte-regtelike reëls van die volkereg. Die vraagstuk van die manier van arbitrasie in geskille oor skadevergoeding en die volharding van die nywerheidslande om geskille oor skadevergoeding ingevolge die volkereg op te los is sedert vroeg in die sewentigerjare 'n ernstige probleem in die Noord-Suid-verhouding. Dit was natuurlik die hoofrede vir die OESO-lande se verwerping van die 'Handves insake ekonomiese regte en pligte

van state', soos aangetoon in Hoofstuk 5.

"Es geht daher darum, eine für beide Seiten akzeptable Formulierung zu finden, *die diese Frage offen läßt.*" (Sauvant, 1980: 143.) (My kursivering.)

Nog 'n beginselvraagstuk is die aandrang van die Derde Wêreld op die insluiting van die beginsel van permanente soewereiniteit oor natuurlike hulpbronne.

\* *Permanente soewereiniteit oor natuurlike hulpbronne*

Volgens die Derde Wêreld moet hierdie beginsel in die Aanhef van die Gedragskode bekragtig word. Omdat dit in noue samehang staan met die vraagstuk van nasionalisering, bekyk die Westerse nywerheidslande dit volgens Sauvant (1980: 143) met wantroue en hulle staan daarop dat dit slegs binne die raamwerk van die volkereg en die internasionale ooreenkomste van die betrokke state ten uitvoer gelê mag word. Die feit dat die OESO-lande tans staan op die skriftelike vaslegging van hulle eis in die Gedragskode is insiggewend van die veranderde onderhandelingskrag van albei groepe sedert vroeg in die sewentigerjare.

### 3.3 OPSOMMEND

Die Ontwerp-gedragskode is 'n besonder omvangryke dokument wat alle aspekte van die bedrywighede van transnasionale maatskappye probeer dek. Dit is ook 'n standaard van die mate van konsensus wat die lidstate van die Verenigde Volke kan verwezenlik oor die bedrywighede van sulke maatskappye.

Miskien belangriker as die voltooide gedeelte is dié substan-

siële aspekte waaroor geen konsensus bereik kon word nie. Diepgaande verskille het aan die lig gekom en daar is geen twyfel dat die radikaal verskillende belange van die state dit moeilik maak - indien nie onmoontlik nie - om ooreen te kom oor 'n doeltreffende kode nie.

#### 4. VERANDERDE HOUDING TEN OPSIGTE VAN TRANSNASIONALE MAATSKAPPYE?

##### 4.1 LEWENSKANSE VIR DIE 'NUWE INTERNASIONALE EKONOMIESE ORDE'

In 1974 het die ontwikkelende lande se pogings om die Verenigde Volke te gebruik as 'n werktuig om 'n 'Nuwe Internasionale Ekonomiese Orde' (NIEO) daar te stel, 'n hoogtepunt bereik. Die ondersteuners van die NIEO beskou dit as 'n proses van *ekonomiese dekolonisasie* wat die politieke ontvoogding moet voltooi.

Toe die lande van die Derde Wêreld gedurende die sestigerjare 'n meerderheidsposisie verkry het in die Algemene Vergadering en al hulle resolusies outomaties aangeneem is, het hulle te kenne gegee hoe die internasionale stelsel volgens hulle moes lyk. Die resolusies in dié verband het egter niks opgelewer nie. Dit is volgens Hartog (1983:37) ondenkbaar dat daar ooit 'n internasionale stelsel sal kom waarin die Westerse nywerheidslande net die geld gee en die ontwikkelende lande daaroor besluit.

Volgens Singh (1982:11) is die besonder teleurstellende tempo van vordering in die tenuitvoerlegging van die NIEO, gesien die huidige internasionale politieke situasie, glad nie verbaasend nie. Dit is volgens hom bekend dat lande soos individue dit nie maklik vind om 'n gedeelte van hulle mag en invloed op te gee 'vir die belang van die mensheid in die geheel' nie.

"It is therefore understandable that both at the intellectual and political level, the developed capitalist countries have used all sorts of devices to discredit NIEO proposals."

(Singh, 1982:11.)

Die opkoms van die Kommunistiese lande as 'n betekenisvolle faktor in die internasionale ekonomiese stelsel het egter volgens Singh (1982:13) gehelp om die hegemonie van die Westerse nywerheidslande in die internasionale handel asook as bron vir tegnologie en krediet ietwat te verminder. Die Kommunistiese lande is egter nie baie geesdriftig oor enige internasionale program wat van hulle vereis om eweredige opofferings met die ander ontwikkelde state te maak vir die daarstelling van die NIEO nie.

"Their argument has been that not having had any colonies, they owe no obligation to make such contributions which they regard as being in the nature of reparations." (Singh, 1982:1.)

Dus in teenstelling met die beweging vir (politieke) dekolonisasie, wat kragtig gesteun is deur die Kommunistiese lande, het hulle ongeesdriftige reaksie op die eise vir die daarstelling van die NIEO, die uitwerking van enige druk wat die ontwikkelende state op die nywerheidstate kan uitoefen, aansienlik verzwak.

Die OPUL-groep was die enigste groep ontwikkelende lande wat werklike onderhandelingsmag gedurende die sewentigerjare ten opsigte van die nywerheidslande kon ontwikkel. Ondanks die groeiende nadruk op solidariteit in die Derde Wêreld het die OPUL-lande nie hulle mag gebruik om toegewings van die Westerse lande insake die daarstelling van die NIEO af te dwing nie.

"So long as such leading OPEC members as Saudi Arabia continue to be linked closely with the advanced capitalist countries, the OPEC bargaining power cannot be relied upon for the establishment of NIEO." (Singh, 1982:12.)

Omdat die regulering van transnasionale maatskappye 'n belangrike deel van die daarstelling van die NIEO vorm, is daar vandag dus veel regverdiging vir die ontwikkelende lande se verminderde belangstelling vir die Verenigde Volke se Gedragkode insake Transnasionale Maatskappye. Selfs indien hulle in hulle aanvanklike doelwitte sou geslaag het, sou dit 'n betreklik beperkte uitwerking gehad het.

"At best, its tangible impact on development, economic independence, and such, would have taken a long time to be felt."

(Fatouros, 1980:124.)

Nog 'n belangrike ontwikkeling sedert die begin van die sewentigerjare, wat die roepstem vir 'n NIEO effens verswak het en wat mettertyd 'n ingrypende invloed op die internasionale gemeenskap kan hê, is die ontstaan van transnasionale maatskappye in die Derde Wêreld self.

#### 4.2 TRANSNASIONALE MAATSKAPPYE UIT DIE DERDE WÊRELD

'n Baie interessante ontwikkeling van die internasionale ekonomiese vervlegting is die verrassende opkoms van transnasionale maatskappye uit die ontwikkelende lande. Hierdie verskynsel is volgens Lall (1983:618) tog nie besonder nuut nie. Die eerste gestaafde voorbeeld van buitelandse regstreekse belegging deur 'n maatskappy in 'n Derde-Wêreldland was in 1890, toe 'n Argentynse tekstielvervaardiger, Alpargatos, 'n dogtermaatskappy in Uruguay gestig het. Argentinië was egter in baie opsigte 'n ongewone geval. Met die eeuwisseling was dit die hooggeïndustrialiseerde land in die ontwikkelende deel van die wêreld.

Behalwe enkele uitsonderlike gevalle het die werklike groei van buitelandse regstreekse belegging deur maatskappy uit die Derde Wêreld begin laat in die sestigerjare en momentum gekry in die

sewentigerjare. Maatskappye uit die sogenaamde 'nuwe industrialiserende lande' - betreklik welgestelde ontwikkelende lande, soos Argentinië, Brasilië, Hong Kong, Filippyne, Singapoer, Suid-Korea en Taiwan - het die voortou geneem.

Kumar (1982:419) onderskei drie aspekte van hierdie ontwikkeling:

- Hoewel die omvang van buitelandse regstreekse belegging deur maatskappye uit die Derde Wêreld sal toeneem, moet daar *geen buitengewone groei* verwag word nie.
- Buitelandse regstreekse belegging deur ontwikkelende state bly grootliks *asimmetries*. Die gebruikelike patroon is dat die meer geïndustrialiseerde ontwikkelende state belê in die minder geïndustrialiseerde.

"Thus, developing host countries are naturally conscious that in the name of Third World cooperation, a *new kind of dependency relationship* might be created." (Kumar, 1982:419.) (My kursivering.)

- Die transnasionale maatskappye uit die Derde Wêreld vorm op die oomblik weinig bedreiging vir die superieure posisie van die groot maatskappye uit die nywerheidslande.

Die opkoms van transnasionale maatskappye uit die Derde Wêreld kan inderdaad bydra tot die ontstaan van 'n *internasionale middestand* wat bestaan uit daardie state wat tuislande van dié transnasionale maatskappye is. Daar is 'n duidelike moontlikheid dat 'n internasionale stelsel met *drie lae* kan ontstaan waarin die tegnologies ingewikkelde take vervul sal word deur maatskappye uit die nywerheidslande, terwyl minder ingewikkelde werksaamhede waarskynlik deur maatskappye uit die nuwe in-

dustrialiserende lande verrig sal word. Die mins ontwikkelde lande sal uitsluitlik ontvanglande bly (Kumar, 1982:420).

Hierdie ontwikkeling dra natuurlik in 'n groot mate by tot 'n verminderde eendragtigheid van die Derde-Wêreld-meerderheid in die Verenigde Volke insake die vraagstuk van die regulering van transnasionale maatskappye. Die oënskynlike eenvormige belange van dié state aan die begin van die sewentigerjare bestaan vandag net nie meer nie. Drie duidelik herkenbare groepe kan vandag in die Derde Wêreld onderskei word, elkeen met sy eie belange: Die OPUL-groep, die nuwe industrialiserende lande en die mins ontwikkelde lande.

#### 4.3 DIE HUIDIGE INTERNASIONALE EKONOMIESE TOESTAND

Regerings in sowel die ontwikkelde as ontwikkelende lande is in die huidige toestand van ekonomiese depressie begerig vir nuwe beleggings in hulle lande om werkgeleenthede te skep vir hulle legioene werkloses en om hulle uitvoere te bevorder. Hierdie regerings verwelkom transnasionale maatskappye baie hartliker as in die verlede.

Van groot belang is dat baie ontwikkelende lande hulle vandag inderdaad beywer om aantreklike bestemmings te wees vir beleggings, veral vir Westerse kapitaal.

"Het pesten van dat kapitaal kan misschien bijdragen tot enig schijnprestige, maar het draagt tevens bij aan de eigen armoede." (Hartog, 1983:37.)

Die depressie verhaas 'n verbetering van die verhoudings wat eintlik al ongeveer tien jaar gelede begin het. Die regerings van die meeste ontwikkelende lande het sedert die sestigerjare

ook meer ervaring in die omgang met transnasionale maatskappye opgedoen. Hulle het doeltreffender beleid insake buitelandse regstreekse belegging daargestel en geleer om die groot maatskappye minder te vrees.

## 5. TOEKOMS VAN DIE VERENIGDE VOLKE SE GEDRAGSKODE

Die Kommissie insake Transnasionale Maatskappye het op sy agste sitting van 30 Augustus tot 10 September 1982 besluit om die pogings om die Gedragskode te voltooi, voort te sit. Daar is egter besluit om nie die Interregeringswerkgroep te laat herleef nie, maar eerder om 'n spesiale sitting van die Kommissie self te hou. Hierdie spesiale sitting het plaasgevind van 7 tot 18 Maart en van 9 tot 21 Mei 1983 in New York. 'n Nuwigheid was die oopstelling van die sitting vir alle belangstellende state en ongeveer 70 state het deelgeneem.

Die nadruk van die besprekings by die spesiale sitting het onder meer gelê op die vraagstukke van 'nasionale behandeling', 'skadevergoeding by nasionalisering', 'volkeregtelike aspekte en die insluiting van transnasionale maatskappye uit die Kommunistiese lande in die definisie en dus die Gedragskode. 'n Alomvattende voorstel deur die voorsitter, mnr. Gonzales-Galvez van Mexiko, wat onder meer 'n definisie bevat wat die maatskappye uit die Kommunistiese lande nie eksplisiet insluit nie en weer eens die bestaan van volkeregtelike reëls ignoreer, het weliswaar die goedkeuring van die ontwikkelende lande en die Kommunistiese lande gekry maar is deur die Westerse nywerheidslande verwerp.

Vooruitgang is wel gemaak met sekere detail-aspekte van die hoofstuk wat hom besig hou met die bedrywighede van transnasionale maatskappye. Eenstemmigheid kon bereik word oor sommige paragrawe onder die opskrifte 'Betalingsbalans en finansiering', asook die bepalinge waarvolgens die maatskappye opgeroep word tot ondersteuning van die ekonomiese en ontwikkelingsdoelwitte

van die ontvanglande.

Geen besluit is geneem oor hoe om die nog omstrede hoofpunte van die Gedragskode op te los nie en die Kommissie het die Ekonomiese en Maatskaplike Raad gevra om 'n besluit hieroor te neem.

By die negende normale sitting van die Kommissie in Junie 1983 het alle deelnemende state hulle weer eens uitgespreek vir die voltooiing van die Gedragskode. Hulle het benadruk dat hierdie werk die hoogste prioriteit het onder die verskeie take van die Kommissie en die Sentrum (UN Economic and Social Council, 1983b:20).

## 6. TEN SLOTTE

In hierdie hoofstuk is aangetoon dat die houding van die Verenigde Volke teenoor die internasionale ekonomiese stelsel en die bedrywighede van transnasionale maatskappye binne dié stelsel gedurende die tydperk sedert 1974 aansienlik verskil van die houding van die wêreldorganisasie gedurende die voorafgaande tydperk. Die nuwe heersense koalisie van die Derde-Wêreldlande het gebruik probeer maak van die aanvanklike verwarring van die Westerse nywerheidslande na die ineenstorting van die 'Stelsel van Bretton Woods' aan die begin van die sewentigerjare om 'n strukturele hervorming van die internasionale ekonomiese stelsel in hulle guns te bewerkstellig.

Hulle het die bereidheid van die Westerse nywerheidslande om toegewings te maak egter verkeerd vertolk en 'n poging om 'n nuwe internasionale stelsel - die 'Nuwe Internasionale Ekonomiese Orde' - af te dwing deur middel van die Verenigde Volke, het misluk weens die weiering van die OESO-lande om hulle te onderwerp aan 'n wetlik-bindende stelsel waar hulle die kapitaal moet verskaf, terwyl die ontwikkelende lande die besluite neem.

Die voorgestelde NIEO moet veral gesien word as 'n *ekonomiese onafhanklikheidsverklaring*. Soos aangetoon in Hoofstuk 3 beskou die ondersteuners van die dependensia-model, onderontwikkeling as die resultaat van afhanklikheid. Politieke onafhanklikheid het volgens dié gedagte min betekenis sonder ekonomiese ontvoogding. Dit is nie 'n nuwe gedagte nie, want dit word reeds vroeg in die vyftigerjare teruggevind in die Algemene Vergadering se resolusies insake die 'permanente soewereiniteit oor natuurlike hulpbronne' wat die *rea van nasionaliserina* bevestig. Baie van die ontwikkelende lande verwerp om dié rede die bestaan van volkeregtelike reëls vir skadevergoeding aan buitelandse maatskappye omdat hulle dit beskou as 'n inbreuk op hulle soewereiniteit.

Die gebrek aan eenstemmigheid oor die aard van 'n nuwe internasionale stelsel het daartoe gelei dat die reguleringsmasjinerie binne die Verenigde Volke in werking gestel is sonder sekerheid oor die beoogde rol van die transnasionale maatskappye. Die aanvanklike doelstelling van die heersende koalisie om die transnasionale maatskappye aan streng, bindende reëls te onderwerp met die doel om die maatskappye 'n rol te gee in die daarstelling van die NIEO het al gou op losse voet te staan gekom. 'n Heelwat beperkter doelwit het uit die bespreking van die Kommissie insake Transnasionale Maatskappye na vore gekom, naamlik om binne die huidige internasionale stelsel die beste uit die bedrywighede van transnasionale maatskappye te haal, met ander woorde om die huidige stelsel *verdraagbaarder* te maak vir die meerderheid ontwikkelende lande.

Die belangrikste nuwe ontwikkeling in dié tydperk is beslis die ontstaan van transnasionale maatskappye in sommige Derde-Wêreldlande self. Dit toon aan dat transnasionale maatskappye nie 'n tipies Westerse verskynsel is nie, soos wat die Kommunistiese lande aan die wêreld voorhou. 'n Aantal lande in die Derde Wêreld - hoofsaaklik die 'nuwe industrialiserende lande' - is vandag ook tuislande van transnasionale maatskappye. Hierdie ontwikkeling kan mettertyd 'n invloed hê op die struktuur

van die internasionale gemeenskap. Daar kan vandag inderdaad reeds verskeie groepe lande in die Derde Wêreld onderskei word, elkeen met sy eiesoortige belange ten opsigte van transnasionale maatskappye: die nuwe industrialiserende lande, die olieprodusente (OPUL) en die mins ontwikkelde lande. Die nuwe industrialiserende lande het natuurlik min behoefte aan 'n verpligte gedragskode wat ook hul eie maatskappye sal raak.

Die stadige tempo van die Interregeringswerkgroep insake 'n Gedragskode was hoofsaaklik te wyte aan die eis van die meerderheid ontwikkelende lande (onder leiding van die radikales) dat die kode wetlik-bindend moes wees. Die OESO-lande het dit egter vasbeslote verwerp. Die metode wat die Werkgroep om dié rede gevolg het, het wel 'n vroeë mislukking van die kode voor- kom, maar die *stap-vir-stap-konsensus* was uiters tydrowend. Oor sommige substantiewe aspekte kon ook geen eenstemmigheid bereik word nie weens die uiteenlopende belange van die deelnemende lande. Die Ontwerp-gedragskode is dan ook 'n allesins *gematigde* dokument wat slegs 'n beperkte invloed op die *status quo* sal kan hê - ongetwyfeld tot volle tevredenheid van die OESO-lande.

Die Verenigde Volke se Gedragskode kan egter tog ook sekere voordele bied vir die groot transnasionale maatskappye - dit bevat ook gedragreëls vir state. Die Gedragskode kan 'n groter mate van *stabiliteit* bied vir sowel maatskappye as state. Dit sal naamlik die voorspelbaarheid van die internasionale gedrag van state kan vergroot. Die bepalings insake die openbaarmaking van inligting deur transnasionale maatskappye sal die ontwikkelende lande minder skrikkering maak vir die maatskappye en hulle sal waarskynlik minder gou onverwagte stappe doen - dit sal die onbekende bekender en dalk minder onbe- mind maak. 'n Groter mate van stabiliteit is in die belang van sowel die ontwikkelende state as die transnasionale maatskappye omdat dit sal bydra tot 'n beter beleggingsklimaat. Dit moet onthou word dat die maatskappye 'n belangrike bydrae kan maak tot 'n land se ontwikkeling.

Die nut van die Verenigde Volke se Gedragskode lê in die feit dat dit vir die eerste keer op 'n *wêreldgrondslag* 'n standaard vir toelaatbare gedrag vir sowel transnasionale maatskappye as state daar sal stel. Die toetsing van die gedrag aan hierdie standaard bly egter nog 'n ope vraag.

## HOOFSTUK 7

## SAMEVATTING EN EVALUERING

1.

In die inleiding tot hierdie studie is aangevoer dat die teenwoordige internasionale stelsel heelwat ingewikkelder is as in die verlede, en dat slegs die kennis van interregeringsbetrekings vandag nie meer toereikend is om ontwikkelinge in die internasionale gemeenskap te verstaan nie. Die aanleiding tot dié studie was dan ook om meer insig te kry in die gevolge van die wisselwerking tussen twee van die belangrikste deelnemers van ons tyd aan die internasionale politiek: die staat en die transnasionale maatskappy.

Die probleme wat voortvloei uit hierdie wisselwerking, het besonder aktueel geword na die Tweede Wêreldoorlog en veral sedert die sestigerjare as gevolg van twee neigings in die internasionale gemeenskap:

- die grootste uitdying van die internasionale ekonomiese vervlegting, waarin die transnasionale maatskappye met hulle eiesoortige geaardheid 'n uiters belangrike rol vervul en
- die grootste toename in die aantal soewereine state deur die dekoloniseringsproses.

Transnasionale maatskappye bevorder internasionale ekonomiese vervlegting en dit verminder die ekonomiese soewereiniteit en sekuriteit van die state weens hulle toenemende interafhanklikheid. Daar is egter aangetoon dat dié toegenome internasionale vervlegting veral gedurende die vyftiger- en sestigerjare in 'n baie positiewe lig beskou is deur die, deur die Verenigde State oorheerde, nie-Kommunistiese lande. Dié houding word weerspieël in resolusies van die Verenigde Volke

se Algemene Vergadering wat ontvanglende aanbeveel om die beleggingsklimaat soveel moontlik te verbeter en diskriminasie teen buitelandse beleggings te vermy, omdat dié beleggings gesien is as 'n belangrike bydrae tot die verhoging van lewenstandarde. Die uitgangspunt van die Organisasie vir Ekonomiese Samewerking en Ontwikkeling (OESO) is inderdaad dat 'n hoë mate van onderlinge afhanklikheid heilsaam is vir die wêreld se ekonomiese groei en sosiale vooruitgang. Dié idee het sy oorsprong in die voorspoedige herstel van Wes-Europa na die Tweede Wêreldoorlog deur intensiewe internasionale samewerking, wat die ekonomieë van dié state in 'n ongekende mate vervleg het.

Tog was daar in die vyftigerjare reeds 'n mate van weerstand teen die inbreuk op die nasionale soewereiniteit deur transnasionale maatskappye in sommige van die ouer Derde-Wêreldstate - veral teen dié maatskappye wat bedrywig is in die natuurproduktiesektor (olie en mynbou). Hierdie tipe transnasionale maatskappye is geneig om die grootste mate van wantroue in ontvanglende teweeg te bring, enersyds weens hulle deurgaans koloniale agtergrond en andersyds omdat hulle beelde oproep van 'n ontvangland wat gestroop is van sy natuurlike hulpbronne, terwyl die winste na die buiteland verdwyn het. Die Verenigde Volke het - in die vorm van resolusies van die Algemene Vergadering - die reg van state erken om hulle natuurlike hulpbronne te nasionaliseer met in agneming van die volke-reg en die beginsel van 'permanente soewereiniteit oor natuurlike hulpbronne' bevestig.

Hierdie weerstand teen transnasionale maatskappye is versterk deur die tweede belangrike ontwikkeling van die huidige tydperk, naamlik die ontstaan van die grootste aantal nuwe state in die geskiedenis as gevolg van die uiteenval van die koloniale ryke. Hierdie nuwe state in die Derde Wêreld het weldra ontdek dat hulle *politieke* ontvoogding nie vergesel gegaan het van *ekonomiese* ontvoogding nie. Die meeste van die nuwe state se regerings kon ook nie aan die hoë ekonomiese en sosiale verwagtings voldoen wat die bevolkings ten tye van onafhanklikwording gekoester het nie. Die politieke onafhanklikheid het

geen kits-welvaart gebring nie!

Vir baie van die Derde-Wêreldlande is die dependensia-benadering baie gewild en gerieflik omdat dit 'n verklaring vir die sosiale en ekonomiese agterstand soek in *uitwendige omstandighede*. Volgens dié benadering is die onderontwikkeling die gevolg van ekonomiese afhanklikheid. Binne dié internasionale stelsel, deur die Kapitalistiese state oorheers, kon daar die state hulself verryk ten koste van die lande van die Derde Wêreld. In die proses vervul die groot Westerse transnasionale maatskappye 'n baie belangrike rol, enersyds as buitelandse beleidsinstrumente van die Westerse regerings en andersyds omdat hulle private Kapitalistiese buitelandsebeleidsdoelwitte nastreef.

Soos aangetoon, is die oplossing van hierdie ongelykheid volgens Galtung se Strukturele Teorie van Imperialisme 'n hervorming van die internasionale stelsel. Hierdie hervorming behels 'n 'horisontalisering' en 'defeodalisering' van internasionale verhoudings. Vir hierdie doel moet die belangrikste 'werktuie van ekonomiese imperialisme' van die Westerse lande - die groot transnasionale maatskappye - streng gereguleer of selfs afgeskaf word. So 'n gewysigde stelsel sal 'n werklike onafhanklikheid - politiek en ekonomies - vir die Derde-Wêreldlande bewerkstellig, sodat dié lande ongehinderd hulle sosiale en ekonomiese doelwitte kan nastreef.

2.

Die transnasionale maatskappye het vroeg in die sewentigerjare in die middelpunt van die internasionale belangstelling gekom deur 'n sameloop van omstandighede:

- die verval van die 'Stelsel van Bretton Woods' en die vermindering van die Amerikaanse politieke en ekonomiese hegemonie het die Westerse lande in 'n toestand van verwarring en onsekerheid gelaat;

- die reeks nuwe state uit die sestigerjare in die Derde Wêreld was teleurgesteld daarin dat hulle politieke ontvoogding geen kitswelvaart gebring het nie; hulle het die bestaande internasionale stelsel as die oorsaak beskou en veral die groot transnasionale maatskappye as sondebokke aangewys omdat dié maatskappye die sigbaarste uitdrukking is van die Westerse oorheersing van die wêreld ekonomie;
- die nuwe state het deur hulle getalle die rol van die Westerse lande oorgeneem as die heersende koalisie binne die Verenigde Volke;
- die ITT-voorval waar 'n groot Amerikaanse transnasionale maatskappy hom besig gehou het met private buitelandse beleid deur in te meng in die binnelandse politiek van Chili - 'n Derde-Wêreldland, het 'n ongunstige stereotiepe-beeld van transnasionale maatskappye oor die algemeen geskep. Dit is deur baie lande beskou as die bewys van 'n onderliggende en wydverspreide kwaad en was die aanleiding tot 'n stelselmatige aandag aan die onderwerp binne die Verenigde Volke. Die Verslag van die Verenigde Volke se Groep Eminente Persone van 1974, wat oorgehel het na die standpunte van die Derde Wêreld, het voorgestel dat permanente masjinerie binne dié organisasie daargestel word insake transnasionale maatskappye en ook dat 'n gedragskode geformuleer word.

In dié verwarrende internasionale situasie, wat versterk is deur die ergste ekonomiese krisis in die nywerheidslande sedert die Tweede Wêreldoorlog en die opkoms van OPUL met sy verhoging van die olieprys, het by baie mense die oortuiging posgevat dat die bestaansreg van die Amerikaans-oorheerste internasionale stelsel vêrdwyn het en dat die tyd ryp was vir 'n algehele hervorming van dié stelsel om aldus 'n 'regverdiger' stelsel tot stand te bring, die sogenaamde 'Nuwe Internasionale Ekonomiese Orde' (NIEO).

Hoewel die NIEO, soos aangetoon, veral gesien moet word as 'n *ekonomiese onafhanklikheidsverklaring* deur die lande van die Derde Wêreld, is die dilemma van dié state ooglopend: aan die een kant eis hulle ekonomiese ontvoogding, maar aan die ander kant benodig hulle die handelsverkeer en tegnologiese hulp van die Westerse lande om aan die sosio-ekonomiese eise van hulle bevolkings te voldoen. Om dié rede behels die voorstelle onder meer 'n omskepping van die transnasionale maatskappye van werktuie wat die Derde Wêreld in 'n afhanklike posisie hou, in werktuie om die 'regverdige' stelsel daar te stel.

Die druk vir die NIEO het primêr gekom van die radikalste ontwikkelende lande, wat daarin geslaag het om die ander Derde-Wêreldlande om hulle te verenig binne die enigste belangrike internasionale organisasie waarin hulle 'n oorheersende posisie ingeneem het: die Verenigde Volke. Die Verenigde Volke se Algemene Vergadering het in 1974 twee resolusies - die Verklaring en die Program van Aksie insake die Daarstelling van die Nuwe Internasionale Ekonomiese Orde - sonder formele stemming aanvaar omdat dit nie-bindende aanbevelings is.

Die aanvanklike instemming van die Westerse lande het verander in weerstand toe die Derde-Wêreldlande in Desember 1974, deur middel van hulle oorheersende posisie binne die Verenigde Volke, 'n afdwingbare stelsel wou daarstel wat bestaande volkeregtelike reëls ignoreer - die Handves van Ekonomiese Regte en Pligte van State. Die Westerse lande, verenig in OESO, het onverwylid 'n gemeenskaplike standpunt ingeneem teen hierdie poging.

Die OESO-Verklaring van 21 Junie 1976 is 'n belangrike *politieke* dokument omdat dit 'n ondubbelsinnige ondersteuning is van die vrye-handelsleer. Dit het die Westerse lande vir hulself *duidelikheid* gegee oor die positiewe rol van transnasionale maatskappye en aangetoon dat die negatiewe aspekte - wat dié

lande erken - uitgeskakel kan word. Die transnasionale maatskappye word aangespoor om in hul eie belang sekere *grense van aanvaarbare gedrag* in ag te neem, om aldus die, veral vir die lande van die Derde Wêreld, onaanvaarbare aspekte van dié handelsleer te verminder en die voorstanders van die NIEO en verpligte regulering die wind uit die seile te neem. Soos aange-  
toon, is die optrede binne die raamwerk van OESO van besonder groot betekenis omdat 90 persent van die maatskappye hulle tuis-  
te het in die OESO-gebied en ook 75 persent van hulle dogter-  
maatskappye aldaar werksaam is.

Daar is ook aangetoon dat die Kommunistiese lande nie baie geesdriftig is oor die daarstelling van die NIEO nie, omdat dit ook van hulle geldelike opofferings sal vereis. Hulle beskou sulke opofferings as 'herstelbetalings' en voer aan dat hulle - omdat hulle geen deel gehad het aan die kolonisasieproses nie - onder geen verpligting staan in dié verband nie.

Onder meer as gevolg van die teenkating van die OESO-lande en die onverskilligheid van die Kommunistiese lande het die verre-  
gaande planne van die radikale Derde-Wêreldlande weldra heelwat minder ambisieus geword. Hoewel die uiteindelijke doelwit van hulle optrede binne die Verenigde Volke steeds die hervorming van die internasionale stelsel bly, is die onmiddellike heelwat beperkter, naamlik om die transnasionale maatskappye te onderwerp aan sekere gedragsreëls om binne die bestaande internasionale stelsel 'n groter voordeel uit die maatskappye se aktiwiteite te kry.

### 3.

Gedurende die besprekings van die Verenigde Volke se Kommissie insake Transnasionale Maatskappye het dit inderdaad al gou na vore gekom dat die hoofdoelwit van die reguleringspoging sou wees om *nasionale* (ontvangland-) beheer oor die transnasionale maatskappye te verseker en te versterk en om die maatskappye daartoe te beweeg om hulle bydrae aan *nasionale* ontwikkelingsdoelwitte te vergroot. Dit staan teenoor die grondliggende standpunt van die OESO-lande dat internasionale vervlegting en dus die transnasionale maatskappye aansienlik bygedra het tot die ontwikkeling van

hulle lande. Die doel van die OESO-Verklaring en -Riglyne is dus veral om die bestaande internasionale vrye-handelstelsel te beskerm deur die negatiewe aspekte van die transnasionale maatskappye so veel moontlik uit te skakel.

By 'n vergelyking van die twee 'reguleringspore' is dit belangrik om te onthou dat sowel die OESO-Riglyne as die voltooidede gedeeltes van die Verenigde Volke se Ontwerpgedragskode *konsensus*-dokumente is. Dit is verstaanbaar dat in 'n redelike homogene groep soos OESO eenstemmigheid oor 'n nie-bindende instrument geredeliker bereikbaar is as in 'n bont groep soos die Verenigde Volke, waar die geskil oor die wetlike status van die Gedragskode - bindend of nie-bindend - ook nie opgelos kon word nie, sodat die formulering van die teks uiters tydrowend is mede omdat die Westerse lande die regulering in die praktyk tot 'n minimum probeer beperk.

'n Ooglopende verskil tussen die twee dokumente is die lengte. Terwyl die OESO 'n kort en bondige teks geformuleer het in 'n bietjie meer as 'n jaar, is die Verenigde Volke se dokument heelwat omvangryker omdat dit probeer om alle aspekte van die onderwerp in te sluit, hoewel die bewoording steeds op 'n taamlike algemene vlak bly. Die Verenigde Volke kon ook sedert 1977 nog nie daarin slaag om sy Gedragskode te voltooi nie.

Soos in die inleiding van hierdie studie aangetoon is, is daar geen wesenlike verskil tussen die definisies van 'n transnasionale maatskappy nie, behalwe waar dit in die Verenigde Volke se definisie gaan oor die eksplisiete insluiting van transnasionale maatskappye uit die Kommunistiese lande. Vir die Westerse lande is dit 'n vereiste, terwyl die Kommunistiese lande dit om verskeie redes verwerp. Dit is een van die grondliggende probleme wat 'n voltooiing en tenuitvoerlegging van die Gedragskode in die weg staan.

Ofskoon die algemene en politieke oorwegings in die Ontwerpgedragskode heelwat omvangryker is, is daar tog ook baie ooreenkomste met OESO s'n. In albei word die grense van toelaatbare gedrag basies afgebaken - die Ontwerpgedragskode gaan egter verder en probeer om ook die posisie van die ontvanglande te versterk deur onder meer die bekende beginsel van permanente soewereiniteit oor natuurlike hulpbronne in te sluit en van die transnasionale maatskappye te verwag om 'n positiewe bydrae tot die nasionale ontwikkelingsdoelwitte te lewer. Die Verenigde Volke maak hier ook sy tradisionele aanval op Suid-Afrika, hoewel geen eenstemmigheid bereik kan word oor die insluiting daarvan nie. Die OESO weerhou hom van hierdie misplaaste gedrag.

Terwyl die Riglyne die transnasionale maatskappye as 'n *eenheid* benader, dek die Ontwerp-gedragskode ook intra-maatskappysake en dus veral die bydrae wat die dogtermaatskappye kan lewer tot die nasionale ontwikkelingsdoelwitte van die ontvanglande. Die radikale eise van sommige van die ontvanglande in die Derde Wêreld insake die *oordrag van tegnologie* deur transnasionale maatskappye is onaanvaarbaar vir die Weste, omdat die groot transnasionale maatskappye se bestaan veelal juis gebaseer is op die besit van gevorderde tegnologie, wat hulle teen hoë koste ontwikkel het. Die nywerheidslande beskou die eise van die Derde-Wêreldlande as 'n poging om te maai waar hulle nie gesaai het nie.

Die *openbaring van inligting* vorm 'n belangrike deel van albei kodes en dit is feitlik die enigste gedeelte in albei dokumente wat baie eksplisiet is. Dit is 'n min omstrede onderwerp omdat die OESO-lande hierdie tipe inligting ook van hulle transnasionale maatskappye verlang. Die doelwitte verskil egter: OESO wil die beeld van die maatskappye by die publiek verbeter, terwyl die Derde-Wêreldlande deur beter kennis hulle greep op die maatskappye wil vergroot. Die openbaarmaking van inligting is natuurlik nog 'n rede waarom die Kommunistiese lande onwillig is om hulle transnasionale maatskappye te onder-

werp aan die Gedragskode. Dié lande staan nie juis bekend vir hulle bereidwilligheid om enige inligting oor hulle bedrywighede te openbaar nie.

Die behandeling van transnasionale maatskappye deur state is om voor-die-hand-liggende redes die mees omstrede gedeelte van die Ontwerp-gedragskode. Die OESO-lande neem hier sterk standpunt in ten gunste van die maatskappye en hulle het inderdaad die (bindende) Besluit insake Nasionale Behandeling aanvaar in 1976. Die grootste deel van die teks van die Ontwerp-gedragskode verskyn hier tussen hakies weens die gebrek aan eenstemmigheid. Die eenstemmigheid gaan nie verder nie as die verklaring deur sowel die Riglyne as die Ontwerp-gedragskode dat state die reg het om die binnekoms van dogtermaatskappye van transnasionale maatskappye te reguleer en voorwaardes vir hulle rol in die nasionale ekonomie te bepaal.

Hoewel die ontwikkelende lande 'n belangrike toegewing aan die Westerse lande maak deur die beginsel van 'nasionale behandeling' onder sekere voorbehoude te erken, verwerp hulle steeds enige volkeregtelike reëls in dié verband omdat hulle dit beskou as 'n inbreuk op hulle politieke soewereiniteit. Dit is nog een van die belangrikste haakplekke wat in die weg staan van 'n spoedige voltooiing van die Gedragskode, omdat die OESO-lande die saak as nie-onderhandelbaar beskou.

Die onderwerp 'nasionalisering en skadevergoeding' word nie deur die OESO-Verklaring genoem nie, maar die Besluit insake Nasionale Behandeling impliseer dat indien binnelandse maatskappye genasionaliseer kan word, dit natuurlik ook geld vir die dogters van buitelandse transnasionale maatskappye. Die Verenigde Volke kon hier geen eenstemmigheid bereik nie weens die eerder genoemde geskille oor die volkereg, hier veral met betrekking tot skadevergoeding by nasionalisering.

Die paragrawe in die Ontwerp-gedragkode onder die opskrif 'jurisdiksie' het ook geen teenhanger by OESO nie. Dit is 'n uiters ingewikkelde onderwerp waarvoor nie maklik eenstemmigheid bereik sal word nie, veral weens die Verenigde State se houding oor die eksterritoriale werking van sy wette. Soos aangetoon, kan Amerikaanse optrede in dié verband selfs lei tot ernstige spanning tussen die Westerse nywerheidslande.

Sowel die OESO as die Verenigde Volke is tussenstaatlike organisasies, en die tenuitvoerlegging van die kodes berus dus in die praktyk by die lidstate. Die groot verskil tussen die twee kodes is natuurlik dat die Riglyne al sedert 1976 in die praktyk getoets is, terwyl die wetlike status van die Verenigde Volke se Gedragkode selfs nog onseker is. Dit het geblyk dat *negatiewe publisiteit* oor transnasionale maatskappye die belangrikste 'wapen' van die nie-bindende Riglyne is. 'n Belangrike voorvereiste vir die doeltreffende werking van hierdie wapen is egter 'n vrye pers, wat inderdaad in die meeste nywerheidslande gevind word. 'n Vrye pers is egter 'n skaars verskynsel in die res van die wêreld, sodat 'n vrywillige Gedragkode waarskynlik slegs doeltreffend deur die Verenigde Volke in 'n beperkte aantal - hoofsaaklik Westerse - lande toegepas sal kan word en nie baie aan die *status quo* sal verander nie.

#### 4.

Sowel die Riglyne as die Ontwerp-gedragkode is, soos aangetoon, uitvloeisels van die internasionale politieke en ekonomiese situasie vroeg in die sewentigerjare - sedertdien het egter belangrike ontwikkelinge in die internasionale gemeenskap plaasgevind.

Die Westerse nywerheidslande oorheers vandag steeds die internasionale ekonomiese stelsel en hulle kon die energie- en monetêre krisis met 'n redelike mate van welslae hanteer - dit maak hulle minder as ooit gewillig om ingrypende hervormings te steun. Dit is inderdaad onwaarskynlik dat daar ooit 'n

internasionale stelsel sal kom waarin die Westerse lande die kapitaal en kundigheid verskaf en die ontwikkelende lande die besluite neem.

Die olie-produserende Derd-Wêreldlande (OPUL) was weliswaar die enigste groep ontwikkelende lande wat 'n mate van werklike mag gekry het gedurende die sewentigerjare, maar ondanks die groeiende nadruk op solidariteit in die Derde Wêreld het hulle nooit hulle mag gebruik om 'n ingrypende hervorming van die internasionale stelsel af te dwing nie. Die rede is natuurlik dat 'n herverdeling van die wêreld se rykdom nie juis tot hulle voordeel sal wees nie.

Die roepstem vir 'n Nuwe Internasionale Ekonomiese Orde en streng regulering van transnasionale maatskappye is ook verswak omdat die meeste ontwikkelende lande sedert die sestigerjare meer ervaring gekry het in die omgang met die maatskappye. Dié lande is nou baie meer selfversekerd en is minder bekommerd oor die penetrasie van hulle soewereiniteit deur transnasionale maatskappye.

'n Belangrike faktor in dié verband is, soos aangetoon, die op-oms van transnasionale maatskappye uit sommige van die Derde-Wêreldlande self - die nuwe industrialiserende lande. Dit toon aan dat die tradisionele beeld van transnasionale maatskappye as 'n tipies Westerse verskynsel nie meer geldig is nie. Dit haal die onderwerp in 'n mate uit die starre Noord-Suid-problematiek. Dit het ook tot gevolg dat daar vandag verskeie soorte lande in die Derde Wêreld onderskei kan word, elkeen met eiesoortige belange ten opsigte van transnasionale maatskappye: die nuwe industrialiserende lande, die olieprodusente en die mins ontwikkelde lande. Dit is duidelik dat die eenstemmigheid van die Derde-Wêreldlande aan die begin van die sewentigerjare kortstondig van aard was.

Ten spyte van hierdie ontwikkelinge en die aansienlike haakplekke met die voltooiing en tenuitvoerlegging van die Verenigde Volke se Gedragskode sou dit tog onverstandig wees om die Gedragskode as 'n nuttelose onderneming te verwerp. Hoewel dit gewaagd is om voorspellings te maak, lyk dit tog waarskynlik dat die internasionale vervlegting en die rol van transnasionale maatskappye in die internasionale gemeenskap eerder sal toeneem as afneem. Dit is ook duidelik dat ekonomiese onafhanklikheid in so 'n wêreldbeeld slegs 'n wensdroom sal wees en dat spanning tussen state en transnasionale maatskappye en state onderling onvermybaar sal wees. In dié lig is 'n wêreldwye stelsel van gedragstandaarde vir sowel transnasionale maatskappye as state, soos die Verenigde Volke dit beoog, beslis wenslik. Dit moet onthou word dat die OESO-instrument selgs op 'n beperkte aantal - hoewel belangrike - state van toepassing is.

So 'n wêreldwye gedragskode sal 'n mate van *stabiliteit* in 'n toenemend ingewikkelde wêreld bied vir sowel transnasionale maatskappye as state, omdat dit die voorspelbaarheid van internasionale gedrag sal vergroot. Internasionale stabiliteit is van die uiterste belang vir die ontwikkelende state omdat dit 'n voorvereiste is vir 'n gesonde internasionale - en dus nasionale - ekonomiese klimaat, sodat dié lande met meer hoop op welslae hulle ontwikkelingsdoelwitte kan formuleer. Transnasionale maatskappye kan 'n belangrike bydraende rol vervul in die ontwikkelingsproses solank daar geen onrealistiese eise aan hulle gestel word nie. Met ander woorde, die ontwikkelende lande moet besef dat die ontwikkelingsproses, wat kan lei tot 'n regverdiger verdeling van rykdom oor die wêreld, slegs momentum kan kry as die dryfkrag in dié lande self gegrondves is.

## ABSTRACT

CERTAIN ASPECTS OF THE INTERNATIONAL REGULATION OF  
TRANSNATIONAL CORPORATIONS

This study attempts to enhance understanding of the attitudes of states toward transnational corporations. For this purpose, two examples of international attempts to regulate transnational corporations are discussed: one initiated by the Third World through the United Nations, and one by the industrialised countries through the Organisation for Economic Co-operation and Development (OECD). The discussion takes place within the context of the changing international political and economical system.

These are the main findings:

- Both the OECD and UN actions result from the confused international situation of the early seventies.
- Radical Third World countries consider the international system and transnational corporations as the main causes of their lack of progress, and demand - in their role as the new ruling coalition in the UN - a 'New International Economic Order' (NIEO) and strict control of transnational corporations.
- Industrialised countries reject - through the OECD Declaration of 1976 - the NIEO because of the legally binding regulation of transnational corporations and the denial of rules of international law.

- As a result, the immediate aims of the UN majority is to obtain greater advantages from transnational corporations through certain rules of conduct within the existing international system.

Although major problems are preventing the early completion of the UN Code of Conduct, it would be unwise to reject it as futile. International interdependence is likely to increase even more, and in the light of inevitable international tension, a global code of conduct will offer a degree of stability for both transnational corporations and states because it will increase the predictability of international behaviour.

International stability is of the utmost importance for developing countries because it will contribute to a healthy international - and thus national - economical climate, so that they can formulate with more hope of success their development aims. This can lead ultimately to a more equitable distribution of wealth in the world and greater political stability in the long term.

## BIBLIOGRAFIE

- ANON. 1974. OECD work on multinational enterprises. *The OECD Observer*, 69:4, Apr.
- ANON. 1975. OECD's Committee on International Investment and Multinational Enterprises. *The OECD Observer*, 74:14-15, Mar./Apr.
- ANON. 1976a. Commission on Transnational Corporations. *CTC Reporter*, 1:2-7, Dec.
- ANON. 1976b. The Centre on Transnational Corporations. *CTC Reporter*, 1:8-9 Dec.
- ANON. 1979. International investment and multinational enterprises: review by OECD ministers. *The OECD Observer*, 99:39-41, Jul.
- ANON. 1980a. Codes of conduct for companies operating in South Africa. *CTC Reporter*, 8:11-13, Spring.
- ANON. 1980b. Responsibility of parent companies for their subsidiaries: results of an OECD survey on the legal situation in member countries. *The OECD Observer*, 104:26-27, May.
- ANON. 1980c. Code of Conduct: impetus for a final round of negotiations. *CTC Reporter*, 9:15-16, Winter.
- ANON. 1981a. The code of conduct: three sessions requested for completion. *CTC Reporter*, 10:6-7, Spring.
- ANON. 1981b. International direct investment: a change in pattern. *The OECD Observer*, 112:9-13, Sep.
- ANON. 1981c. New North-South investment strategies. *The OECD Observer*, 112:13-15, Sep.

- ANON. 1982a. Salient features and trends in foreign direct investments. *CTC Reporter*, 11:14-16, Spring.
- ANON. 1982b. World interdependence: trade. *The OECD Observer*, 114:6-9, Jan.
- ANON. 1982c. OECD instruments on multinational enterprises and international investment: taking stock of the situation. *The OECD Observer*, 117:21-24, Jul.
- ANON. 1983a. Big is not so bad after all. *The Economist*, 286(7277):84-85, Feb. 19.
- ANON. 1983b. Buying up America. *The Economist*, 287(7290):98-99, May 21.
- ANON. 1983c. Here come the multinationals of the Third World. *The Economist*, 288(7299):61-62, Jul. 23.
- ASANTE, S.K.B. 1979. United Nations: international regulation of transnational corporations. *Journal of World Trade Law*, 13(1):55-56, Jan./Feb.
- BAADE, H.W. 1980. The legal effects of codes of conduct for multinational enterprises. (In Horn, N., red. *Legal problems of codes of conduct for multinational enterprises*. Deventer : Kluwer. p.3-38.)
- BARBER, J. 1980. The EEC code for South Africa: capitalism as a foreign policy instrument. *The World Today*, 36(3):79-87, Mar.
- BARNET, R.J. & MÜLLER, R.E. 1974. *Global reach: the power of the multinational corporations*. New York : Simon & Schuster.
- BARRIE, G.N. 1976. The multinational corporation: a lawyer's viewpoint. *De Rebus Procuratoriis*, 97:19-21, Jan.
- BENNETT, A. le R. 1980. *International Organizations*. Englewood Cliffs, N.J. : Prentice-Hall.

- BERGSTEN, C.F. 1973. The threat from the Third World. *Foreign Policy*, 11:102-124, Summer.
- BLAKE, D.H. & WALTERS, R.S. 1976. The Politics of Global Economic Relations. Englewood Cliffs, N.J. : Prentice-Hall.
- BLANPAIN, R. 1979. The OECD Guidelines for Multinational enterprises and Labour Relations 1976-1979. Deventer : Kluwer.
- BLANPAIN, R. 1980. The OECD Guidelines and Labour Relations: Badger and beyond. (In Horn, N., red. Legal Problems of codes of conduct for multinational enterprises. Deventer : Kluwer. p.145-154.)
- BREWER, T.L. 1982. International regulation of restrictive business practices. *Journal of World Trade Law*, 16(2):108-118, Mar./Apr.
- BULL, H. 1979. The anarchical society: a study of order in world politics. London : Macmillan.
- BURTON, J.W. 1972. World society. Cambridge : Cambridge University Press.
- COULOUMBIS, T.A. & WOLFE, J.H. 1978. Introduction to international relations: power and justice. Englewood Cliffs, N.J. : Prentice-Hall.
- CURZON, G. & CURZON, V., reds. 1977. The multinational enterprise in a hostile world. London : Macmillan.
- DAS, R. 1981. Impact of host government regulations on MNC operations: learning from Third World countries. *Columbia Journal of World Business*, 16(1):85-90, Spring.
- DAVIDOW, J. 1980. Multinationals, host governments and regulation of restrictive business practices. *Columbia Journal of World Business*, 15(2):14-19, Summer.

- DE SEYNES, P. 1976. Transnational corporations in the framework of a New International Economic Order. *CTC Reporter*, 1:15-19, Dec.
- DEUTSCH, K.W. 1974. Theories of imperialism and neocolonialism. (In Rosen, S.J. & Kurth, J.R., eds. Testing theories of economic imperialism. Lexington, Mass. : Heath. p.15-33.)
- DRUCKER, P.F. 1974. Multinationals and developing countries: myths and realities. *Foreign Affairs*, 53(1):121-134, Oct.
- FARER, T.J. 1975. The United States and the Third World: a basis for accommodation. *Foreign Affairs*, 54(1):79-97, Oct.
- FARHI, A. 1983. The OECD and TNCs: recent activities. *CTC Reporter*, 14:55-58, Winter.
- FATOUROS A.A. 1980. The UN code of conduct on transnational corporations: a critical discussion of the first drafting phase. (In Horn, N., red. Legal problems of codes of conduct for multinational enterprises. Deventer : Kluwer. p.103-125.)
- FAYERWEATHER, J. 1972. The internationalization of business. *The Annals of the American Academy of Political and Social Science*, 403:1-11, Sep.
- FELD, W.J. 1976. UN supervision over multinational corporations: realistic expectation or exercise in futility. *Orbis*, 19(4):1499-1518, Winter.
- FIKENTSCHER, W. 1982. United Nations codes of conduct: new paths in international law. *American Journal of Comparative Law*, 30:577-604.
- FRANKEL, J. 1979. International relations in a changing world. Oxford : Oxford University Press.
- GALTUNG, J. 1971. A structural theory of imperialism. *Journal of Peace Research*, 8(2):81-117.

- GRAHAM, T.R. 1983. Global trade: war and peace. *Foreign Policy*, 50:124-137, Spring.
- GREWLICH, K.W. 1978. Direct investment in the OECD countries. Alphen aan den Rijn : Sijthoff & Noordhoff.
- GREWLICH, K.W. 1980. Transnational enterprises in a new international system. Alphenaan den Rijn : Sijthoff & Noordhoff.
- GREWLICH, K.W. 1981. Die Zukunft der transnationalen Unternehmen: ein weltweiter Rahmen für grenzüberschreitenden Investitionen. *Europa-Archiv*, 36(15):469-476, Aug.
- GROSSE, R. 1982. Codes of conduct for multinational enterprises. *Journal of World Trade Law*, 16(5):414-433, Sep./Oct.
- HARTOG, F. 1983. Derde Wereld moet het hebben van Washington. *Elseviers Magazine*, 39(28):36-37, Jul.
- HASTERS, H. 1983. Schurken oder Wohltäter: die umstrittene Rolle von Multis in Entwicklungsländern. *Die Politische Meinung*, 28(206):69-73, Jan./Feb.
- HELLMANN, R. 1977. Transnational control of multinational corporations. New York : Preager.
- HERBOLZHEIMER, E. 1982. Rollenwandel der transnationalen Unternehmen. *Vereinte Nationen*, 30(5):163-166, Okt.
- HORN, N., red. 1980. Legal problems of codes of conduct for multinational enterprises. Deventer : Kluwer.
- HOWENSTINE, N.G. 1982. Growth of US multinational companies 1966-77. *Survey of Current Business*, 62(4):34-46, Apr.
- HOWENSTINE, N.G. & FOUCH, G.G. 1982. Foreign direct investment in the United States in 1981. *Survey of Current Business*, 62(8):30-41, Aug.

JACKSON, J.H. 1978. The crumbling institutions of the liberal trade system. *Journal of World Trade Law*, 12(2):93-106, Mar./Apr.

KENT, R.C. & NIELSSON, G.P. eds. 1980. The study and teaching of international relations. London : Printer.

KINDLEBERGER, C.P., red. 1971. The international corporation: a symposium. Cambridge, Mass. : M.I.T.

KLINE, J.M. 1980. Entrapment or opportunity: structuring a corporate response to international codes of conduct. *Columbia Journal of World Business*, 15(2):6-13, Summer.

KOLDE, E.J. 1973. International business enterprise. Englewood Cliffs, N.J. : Prentice-Hall.

KOLDE, E.J. 1974. The multinational company. Lexington, Mass: Heath.

KRÜGER, H. 1982a. Transnationale Unternehmen: Regierungsvertretergremium schließt Arbeiten an einem Verhaltenskodex ab. *Vereinte Nationen*, 30(4):139-140, Aug.

KRÜGER, H. 1982b. Transnationale Unternehmen: Kommission beschließt Fortführung der Arbeiten an einem Verhaltenskodex. *Vereinte Nationen*, 30(5):175, Okt.

KRÜGER, H. 1983. Transnationale Unternehmen: Sondertagung der Kommission zum Thema Verhaltenskodex. *Vereinte Nationen*, 31(3): 92, Jun.

KUDRLE, T.R. & BORROW, D.B. 1982. US policy toward foreign direct investment. *World Politics*, 34(3):353-379, Apr.

KUIN, P. 1974. De multinationale onderneming en de soevereine staat. *Internationale Spectator*, 28(4):122-128, Febr.

KUMAR, K. 1982. Third World multinationals: a growing force in international relations. *International Studies Quarterly*, 26(2):397-424, Sep.

- KUYPER, P.J. 1982. De rol van de Europese Gemeenschap in het Europees-Amerikaanse turbineconflict. *Internationale Spectator*, 36(11);630-638, Nov.
- LALL, S. 1983. The rise of multinationals from the Third World. *Third World Quarterly*, 5(3):618-626, Jul.
- MACBEAN, A.I. & SNOWDEN, P.N. 1981. International institutions in trade and finance. London : Allen & Unwin.
- MACK, A. 1974. Comparing theories of economic imperialism. (In Rosen, S.J. & Kurth, J.R., eds. Testing theories of economic imperialism. Lexington, Mass. : Heath. p.35-55.)
- LALL, S. 1983. The rise of multinationals from the Thrid World. *Thir World Quarterly*, 5(3):618-626, Jul.
- MACBEAN, A.I. & SNOWDEN, P.N. 1981. International Institutions in trade an finance. London : Allen & Unwin.
- MACK, A. 1974. Comparing theories of economic imperialism. (In Rosen, S.J. & Kurth, J.R., eds. Testing theories of economic imperialism. Lexington, Mass. : Heath. P35-55.)
- MACRAE, N. 1972. The future of international business. *The Economist*, 242(6700):v-xxxvi, Jan. 22.
- MANSBACH, R.W., FURGUSON, Y.H. & LAMPERT, D.E. 1976. The web of world politics: nonstate actors in the global system. Englewood Cliffs, N.J. ; Prentice-Hall.
- MARTYN, H. 1975. Development of the multinational corporation (In Said, A.A. & Simmons, L.R., eds. The new sovereigns: multinational corporations as world powers. Englewood Cliffs, N.J. : Prentice-Hall. p.30-43.)
- MODELSKI, G. 1977. The United Nations and the regulation of transnational corporations. *Journal of Contemporary Business*, 6(4):73-98, Fall.

MODELSKI, G., *red.* 1979. Transnational corporations and world order: readings in international political economy. San Francisco : Freeman.

MORGENTHAU, H.J. 1973. Politics among nations. New York : Knopf.

NIKLIASSON, S. 1982. The status of the code of conduct. *CTC Reporter*, 11:7, Spring.

NIKLIASSON, S. 1983. The United Nations Code of Conduct on TNCs. *CTC Reporter*, 14:9-10, Winter.

NISSER, C. & WALLACE, D. 1978. National treatment for multinational enterprises: will the OECD Governments meet the challenge? *Columbia Journal of World Business*, 13(3);13-24, Fall.

NIXSON, F.I. & YAMIN, M. 1980. The United Nations on transnational corporations: a summary and a critique. *British Journal of International Studies*, 6(1):16-31, Apr.

NYE, J.S. 1974. Multinational corporations in world politics. *Foreign Affairs*, 53(1):153-175, Oct.

OECD. s.j. The Organisation for Economic Co-operation and Development. Paris.

OECD. 1976. International investment and multinational enterprises. Paris.

OECD. 1977. Restrictive business practices of multinational enterprises. Paris.

OECD. 1981. International investment and multinational enterprises: recent international direct investment trends. Paris.

PELKMANS, J. 1978. De betekenis van een internationale investeringsorde. *Internationale Spectator*, 32(6):388-394, Jun.

- PERLMUTTER, H.V. 1969. The tortuous evolution of the multinational corporation. *Columbia Journal of World Business*, 4(1): 9-18, Jan./Feb.
- PFEIFENBERGER, W. 1978. Die rol van die Verenigde Nasies. (In Barnard, L.D., red. Konflik en orde in internasionale verhoudinge. Johannesburg : Perskor, p.281-297.)
- RAJAH, M. 1981. A code of conduct for multinationals in South Africa. *South African Journal of Labour Relations*, 5(1)50-54, Mar.
- RAY, J.L. 1983. Global politics. Boston, Mass. : Houghton Mifflin.
- REYNOLDS, P.A. 1980. An introduction to international relations. London : Longman.
- ROSEN, S.J. & KURTH, J.R., reds. 1974. Testing theories of economic imperialism. Lexington, Mass. : Heath.
- ROWE, N. 1982. The multinational myth. *Leadership SA*, 1(3): 61-64, Spring.
- RUBAN, S.J. 1977. The transnational corporation. *Proceedings of the Academy of Political Science*, 32(4):120-127.
- SAHLGREN, K.A. 1978. De Verenigde Nasies en de transnasionale ondernemingen. *Internationale Spectator*, 32(3), 152-156, Mrt.
- SAID, A.A. & SIMMONS, L.R., reds. 1975. The new sovereigns: multinational corporations as world powers. Englewood Cliffs, N.J. : Prentice-Hall.
- SALEHIZADEH, M. 1983. Multinational companies in developing countries. *Third World Quarterly*, 5(1):128-138, Jan.
- SAMPSON, A. 1973. The sovereign state: the secret history of ITT. London : Hodder & Stoughton.

- SAUVANT, K.P. 1980. Transnationale Unternehmen und die neue Weltwirtschaftsordnung. *Politische Vierteljahresschrift*, 21(2):132-151.
- SAUVANT, K.P. & LAVIPOUR, F.G., eds. 1976. Controlling multinational enterprises: problems, strategies, counterstrategies. Boulder, Col. : Westview.
- SCHEELE, H. 1979. Transnational corporations: the state of preparations for a UN code of conduct. *Intereconomics*, 14(6): 273-277, Nov./Dec.
- SCHETTING, G. 1980. On the definition of transnational corporations in a UN code of conduct. *Intereconomics*. 15(2):76-80, Mar./Apr.
- SCHMID, G. 1975. Interdependence has its limits. *Foreign Policy*, 21:188-197, Winter.
- SCHWAMM, H. 1978. The OECD Guidelines for Multinational Enterprises. *Journal of World Trade Law*, 12(4):342-351, Jul./Aug.
- SHAFER, M. 1983. Capturing the mineral multinationals: advantage or disadvantage? *International Organization*, 37(1): 93-119, Winter.
- SHIROKOV, G. 1983. Present-day transnational corporations. *Asia and Africa Today*, 1:13-15, Jan./Feb.
- SINGH, M. 1982. Towards a New International Economic Order. *The Indian Economic Journal*, 29(3):1-15, Jan./Mar.
- SMULDERS, A.M.F. 1973-4. De multinationale ondernemingen in Europa. *Maandschrift Economie*, 38(3-4):166-183, Dec./Jan.
- SNEDDON LITTLE, J. 1982. Multinational corporations and foreign investment: current trends and issues. *The Annals of the American Academy of Political and Social Science*, 460:54-63, Mar.

- SOLOMON, L.D. 1978. Multinational corporations and the emerging world order. Port Washington, N.Y. : Kennikat.
- STOEVER, W.A. 1979. Renegotiations: the cutting edge of relations between MNCs and LDCs. *Columbia Journal of World Business*, 14(1):5-14, Spring.
- SUNKEL, O. 1972. Big business and 'dependencia': a Latin American view. *Foreign Affairs*, 50(3):517-531, Apr.
- THARP, P.A. 1976. Transnational enterprises and international regulation. *International Organization*, 30(1):47-73, Winter.
- THUNELL, L.H. 1977. Political risks in international business: investment behavior of multinational corporations. New York : Praeger.
- TODARO, M.P. 1981. Economic development in the Third World. New York : Longman.
- TUGENDHAT, C. 1976. The multinationals. Harmondsworth : Penguin.
- TURNER, L. 1973. Multinational companies and the Third World. London : Allen Lane.
- UCHENDU, V.C. 1980. Dependency theory: problems of cultural autonomy and cultural convergence. (In Uchendu, V.D., red. Dependency and underdevelopment in West Africa. Leiden : Brill. p. 78-96.)
- VAGTS, D.F. 1970. The multinational enterprise: a new challenge for transnational law. *Harvard Law Review*, 83(4):739-792, Feb.
- VAGTS, D.F. 1977. Extraterritoriality: the general theory. *Journal of Contemporary Business*, 6(4):133-146, Fall.
- VALE, P.C.J. 1975. The multinational corporation: an introduction. Braamfontein : South African Institute of International Affairs.

VAN DEN BULCKE, D. 1975. De multinationale onderneming. Gent : Rijksuniversiteit Gent.

VAN ESCH, J.C.P.A. 1982. Internationale economische betrekkingen in hoofdlijnen. Leiden : Stenfert Kroese.

VERENIGDE VOLKE-ORGANISASIE. DEPARTMENT OF ECONOMIC AND SOCIAL AFFAIRS. 1973. Multinational Corporations in World Development. New York.

VERENIGDE VOLKE-ORGANISASIE. DEPARTMENT OF ECONOMIC AND SOCIAL AFFAIRS. 1974. The impact of multinational corporations on development and on international relations. New York.

VERENIGDE VOLKE-ORGANISASIE. ECONOMIC AND SOCIAL COUNCIL. 1976. Commission on Transnational Corporations: report on the second session. New York.

VERENIGDE VOLKE-ORGANISASIE. ECONOMIC AND SOCIAL COUNCIL. 1978. Transnational corporations in world development: a re-examination. New York.

VERENIGDE VOLKE-ORGANISASIE. ECONOMIC AND SOCIAL COUNCIL. 1982a. Commission on Transnational Corporations: report on the eight session. New York.

VERENIGDE VOLKE-ORGANISASIE. ECONOMIC AND SOCIAL COUNCIL. 1982b. Commission on Transnational Corporation: report of the Intergovernmental Working Group on a Code of Conduct on its fifteenth, sixteenth and seventeenth sessions. New York.

VERENIGDE VOLKE-ORGANISASIE, ECONOMIC AND SOCIAL COUNCIL. 1983a. Report of the Commission on Transnational Corporations on its special session. New York.

VERENIGDE VOLKE-ORGANISASIE. ECONOMIC AND SOCIAL COUNCIL. 1983b. Report of the Commission on Transnational Corporations on its ninth session. New York.

VERNON, R. 1971. Sovereignty at bay: the multinational spread of US enterprises. London : Longman.

VERNON, R. 1977. Storm over the multinationals: the real issues. London : Macmillan.

VERNON, R. 1978-9. The multinationals: no strings attached. *Foreign Policy*, 33:121-134, Winter.

VERNON, R. 1981. Sovereignty at bay: ten years after. *International Organization*, 35(3):517-529, Summer.

VILJOEN, S. 1974. Economic system in world history. London : Longman.

VOGELAAR, T. 1977. Multinational enterprises: the Guidelines in practice. *The OECD Observer*, 86:7-8, May.

VOGELAAR, T. 1980. The OECD Guidelines. (In Horn, N., red. Legal problems of codes of conduct for multinational enterprises. Deventer : Kluwer. P.127-139.)

VOJNOVIC, M. 1982. The New International Economic Order and transnational corporations. *Review of International Affairs*, 33(764): 20-21, Feb.

WALDMANN, R.J. 1980. Regulating international business through codes of conduct. Washington : American Enterprise Institute for Public Policy Research.

WENDZEL, R.L. 1977. International relations: a policymaker focus. New York : Wiley.